

# JONG SUIDAFRIKA

BLOEMLESTING VIR DIE LAERSKOOL

ONDER REDAKSIE VAN  
C.J. ALERS.



STANDERD V

SKb  
372.412

ALE J. L. VAN SCHAIK, BEPK. PRETORIA

# Uit Eie Bodem

'n Serie oorspronklike kinderboekies vir die leeftyd van 9—12 jaar.

1. **Vertellings uit die Kafferoorloë**  
neergeskryf uit die mededelings van Mnr. A. H. Wade deur  
W. C. W. Kamp;
2. **Delwerye in die Ou Dae**  
Saamgestel uit 'n Dagboek, deur W. C. W. Kamp.
3. **Kleingoed van die Vlaktes** Kortverhale en sketse deur Sita.
4. **Vergeete Helde** 'n Ware verhaal deur Willem C. W. Kamp.
5. **Splinter se Straf** deur Regina Naser.
6. **Pokkie en Dorkas** Verhale deur Sita.
7. **Kollie, die geskiedenis van 'n hond** deur Samuël Kühn.
8. **Ou Dae en Dinge**  
Die storie van Boet en Annie se vakansie in Kaapstad deur  
Rikie Postma.
9. **Jan van Riebeeck se Briewe**  
'n Paar minder bekende gebeurtenisse, uit die eerste dae van  
die Kaap, deur Willem C. W. Kamp.
10. **Livingstone en donker Afrika**  
Vertellings uit sy dagboek, deur Willem C. W. Kamp.
11. **Kleinbegin se Spook** deur Samuël Kühn.
12. **Met ander Oë en Ore I.** deur H. J. Bruwer.  
Verhale uit die dierelewe.
13. **Met ander Oë en Ore II.** deur H. J. Bruwer.
14. **Leeu**, deur Sannie Steyn.
15. **Matie en sy Maats**, deur Helene de Vos.
16. **Die Visboot** deur Willem C. W. Kamp.
17. **Die Dierewêreld** deur R. Conradie.
18. **Outa Fransie**, deur Sita.
19. **Die Ou Voortrekker-Bordjie**, deur Sita.
20. **Die Land van Waveren, I.** deur Miemie-Louw Theron.
21. Do. **II, Dirkie en sy Kuiergaste.**
22. Do. **III, Dirkie gaan op reis na die Noorde.**
23. Do. **IV, Oos, Wes, Tuis Bes.**
24. **Theunis de Klerk van 1838—Die Groot Trek**, deur Miemie-Louw  
Theron.
25. **Theunis de Klerk van 1938—Die Ossewatrek**, deur Miemie-Louw  
Theron.
26. **Theobald skryf 'n brief**, deur Sannie Steyn.
27. **Margriet**, deur Helene de Vos.

Prys 1/3 per stuk.

Almal duidelik gedruk en in sterk slap linne omslag.

J. L. VAN SCHAİK BEPERK, UITGEWERS, PRETORIA.

# JONG SUID-AFRIKA

Bloemlesing vir die Laerskool

onder redaksie van

C. J. ALERS, B.A.

---

Taal en Spelling onder toesig van

Dr. H. A. STEYN, M.A., M.Ed.

STANDERD V.

---

UITGEWERS J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

1939.

---

---

Met medewerking van :

**PROSA :**

JOCHEM VAN BRUGGEN,  
J. R. L. VAN BRUGGEN,  
JAN F. E. CELLIERS,  
THEO. W. JANDRELL,  
C. LOUIS LEIPOLDT,  
EUGENE N. MARAIS,  
LEON MARE,  
GUSTAV S. PRELLER,  
E. DE ROUBAIX,  
JNO. T. DE VILLIERS,  
G. R. VON WIELLIGH.

**GEDIGTE :**

JOCHEM VAN BRUGGEN,  
J. R. L. VAN BRUGGEN,  
THEO. W. JANDRELL,  
A. D. KEET,  
EUGENE N. MARAIS.  
D. F. MALHERBE.

---

---

# INHOUD.

---

|                                                 | Blds. |
|-------------------------------------------------|-------|
| 1. Die tog na die Lebombo ... ..                | 5     |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 2. Klasmaats ... ..                             | 10    |
| Hettie Cillié.                                  |       |
| 3. Kafferbygelofies ... ..                      | 15    |
| M. Krüger.                                      |       |
| 4. <i>Die keteltjie wat sing</i> ... ..         | 18    |
| Totius.                                         |       |
| 5. Lomperd ... ..                               | 20    |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 6. Die Amerikaanse wekker ... ..                | 25    |
| bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.           |       |
| 7. Die kindergarten ... ..                      | 30    |
| Hilda Postma.                                   |       |
| 8. <i>Sang van die vliegenier</i> ... ..        | 36    |
| A. E. Carinus-Holzhausen.                       |       |
| 9. Geduld en moed ... ..                        | 37    |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 10. Kafferarbeid 'n kwart eeu gelede ... ..     | 41    |
| M. Krüger.                                      |       |
| 11. Ou Arie ... ..                              | 43    |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 12. <i>Môrerit</i> ... ..                       | 50    |
| Dr. J. R. L. van Bruggen.                       |       |
| 13. Die spook ... ..                            | 51    |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 14. Die vraag wat pa nie wou beantwoord nie ... | 54    |
| E. de Roubaix.                                  |       |
| 15. <i>Die ou murasie</i> ... ..                | 58    |
| Theo. W. Jandrell.                              |       |
| 16. 'n Kommandomes ... ..                       | 60    |
| Hettie Cillié.                                  |       |
| 17. 'n Piekniek in Bainskloof ... ..            | 66    |
| S. Niemeyer.                                    |       |
| 18. Benoude oomblikke ... ..                    | 72    |
| E. de Roubaix.                                  |       |
| 19. <i>Die prospektor</i> ... ..                | 75    |
| Totius.                                         |       |

|     |                                           |     |
|-----|-------------------------------------------|-----|
| 20. | 'n Skipbreuk op die Natalse kus ... ..    | 77  |
|     | Hendrik P. N. Muller.                     |     |
| 21. | 'n Dapper meisie ... ..                   | 81  |
|     | S. Niemeyer.                              |     |
| 22. | Rennie en Ester ... ..                    | 85  |
|     | G. R. von Wielligh.                       |     |
| 23. | Druk deur ... ..                          | 93  |
|     | G. R. von Wielligh.                       |     |
| 24. | In die land van Mapog ... ..              | 94  |
|     | M. Krüger.                                |     |
| 25. | Grootrivier ... ..                        | 99  |
|     | W. S. E. Rörich.                          |     |
| 26. | Die Swael ... ..                          | 103 |
|     | Jan. F. E. Cilliers.                      |     |
| 27. | 'n Voëlgeveg ... ..                       | 106 |
|     | Willem Kamp.                              |     |
| 28. | Waar die angorabokke vandaan kom ... ..   | 107 |
|     | E. de Roubaix.                            |     |
| 29. | Die lafaard ... ..                        | 113 |
|     | A. E. Carinus-Holzhausen.                 |     |
| 30. | Sy laaste lied ... ..                     | 118 |
|     | Theo. W. Jandrell.                        |     |
| 31. | Hoe ek my gekul het ... ..                | 119 |
|     | E. de Roubaix.                            |     |
| 32. | 'n Patrollie Boere oor Grootrivier ... .. | 122 |
|     | D. G. Venter.                             |     |
| 33. | Dis lente, Afrikaners ... ..              | 127 |
|     | Totius.                                   |     |
| 34. | Geen wafels ... ..                        | 128 |
|     | bewerk deur H. A. Steyn.                  |     |
| 35. | Die spioen ... ..                         | 136 |
|     | bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.     |     |
| 36. | 'n Ware geskiedenis ... ..                | 147 |
|     | bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.     |     |
| 37. | Sag sink die son in die see ... ..        | 160 |
|     | Totius.                                   |     |
| 38. | 'n Noord-Amerikaanse sprokie ... ..       | 161 |
|     | bewerk deur Jno. T. de Villiers.          |     |
| 39. | Lammetjie en wolf ... ..                  | 172 |
|     | Uit Hollandsch Zuid-Afrika.               |     |
| 40. | Graffies ... ..                           | 180 |
|     | Theo. W. Jandrell.                        |     |

## 1. Die tog na die Lebombo.

Dit is 'n koue winteraand. Die wind waai treurig deur die denne en bloekombome agter die huis, maar in die eetkamer is dit lekker warm en die drie kinders wat net die dag van die dorpskool teruggekom het, sit vrolik en gesels met hulle ouers, terwyl hulle gedurig nog mieliestronke op die helder brandende vuur gooi, want die stronkvuur brand lekker maar baie gou op.

„Ag! as ons tog nou in die bosveld was,” sê Frans, die oudste seun, met 'n sug, „dan hoef ons nie suinig te wees met hout nie. Daar brand hulle sommer hele bome in een aand. Karel Smuts sê hulle laat nooit die vuur snags doodgaan nie, daar is nog leeus en die vuur help om hulle van die kamp af weg te hou.”

Oom Gert du Toit kyk op en glimlag. Hy het 'n plan om die hele familie na die Lebombo te neem vir 'n skiettog, maar die kinders weet niks daarvan nie.

„Ma,” sê hy ewe ernstig vir tant Lenie, „dink jy ons het al genoeg beskuit gebak om saam te neem bosveld-toe, en hoe lyk dit, is daar al genoeg koffie gebrand?”

Die kinders spring aldie gelyk op. Lettie gryp haar pa om die nek en roep vrolik: „Ja, ek het dit geraai, toe ons vandag in die huis kom en ek al die goed sien wat al ingepak is. O, maar dit sal heerlik wees!”

„Die ou skelm Jantjie,” sê Ferdie laggend, „toe ek hom vra wat maak hy met die groot tent, sê hy, Pa wil dit vir oom Willem leen.”

Die kinders juig en praat net oor die plan, totdat tant Lenie hulle bed-toe stuur, want daar lê 'n besige dag voor hulle, om al die goed in te pak wat met die

trein tot op Komatiepoort moet gaan, waar dan die groot tentwa wag, wat oom Gert van Barberton laat kom het.

Die volgende aand is hulle in die trein met pak en sak en die twee seuns is meer besorg oor hulle gewere as oor iets anders. Tot hulle grootste blydschap het oom Gert nog twee neefs genooi om saam te gaan en die vier gesels nog laat in die nag oor al die diere, wat hulle van plan is om te skiet.

Toe hulle by Komatiepoort afklim, is die donkiewa al daar en dit is 'n gewerskaf om al die goed van die trein op die wa te laai, en toe trek hulle ook sommer dadelik uit die stasie uit die bosse in.

Niemand wil op die wa klim nie en hulle loop vooruit, want die donkies loop tog te stadig. Dit begin al skemer en toe hulle naby die rivier kom, laat oom Gert uitspan. Almal moet help om tente op te slaan en bedde reg te maak. Dit is 'n baie vrolike gewoel, maar toe dit begin donker word, bly Lettie naby haar ma en sê :

„Ma, dit sal snaaks voel om so ver van ons huis af in die groot bosse te slaap. Ek voel 'n bietjie bang!”

„Ag, waarvoor?” roep Frans uit, „hier is nog nie leeus nie, of is jy bang dat daar 'n krokodil uit die rivier sal kom om jou te vang?”

„Ja, of miskien 'n seekoei,” sê een van die ander seuns, „en 'n mens mag nie 'n seekoei skiet nie, tensy hy jou aanval. Dit is dié skietwet hier.”

Die kaffers het 'n enorme boomstam nader gesleep en na 'n kort rukkie brand daar 'n groot vuur en hulle sit almal rondom en eet onder vrolike gelag en gepraat. Alles smaak buite soveel lekkerder. Toe begin weer die klaarmaak om na bed te gaan en in die halfdonker

'n soekery : die een na 'n kussing, die ander na nog 'n kombers, maar dit duur nie te lank nie of alles is stil en rustig in die kamp, net nog die kaffers wat tot laat in die nag om hulle vuur sit en praat en sing.

Daar is twee Lebombo-kaffers ook by, wat oom Gert gehuur het vir gidse, want hulle plaaskaffers ken die bosveld glad nie.

Die volgende oggend is hulle almal vroeg op en dit is weer met net soveel plesier en vrolikheid dat alles klaar gemaak word. Eers vleis braai en koffie maak, waarby almal help en dan weer wa laai en op trek gaan. So vlieg die weke verby. Een dag is plesieriger as die ander en alles gaan so voorspoedig. Oom Gert het 'n paar wildebeeste en 'n groot koedoe geskiet en Frans is baie hoogmoedig op 'n paar horings van bokke wat hy self geskiet het.


Hulle was al op die terugtog, toe hulle een aand 'n mooi kampplek uitsoek en al die donkies laat uitspan. Daar kom een van die bosveldkaffers aangehardloop en met baie geraas en geswaai van sy stokke en asgaai probeer hy hulle iets duidelik maak. Eindelik met behulp van ou Jantjie verstaan hulle dat hy sê hulle moenie daar uitkamp nie, want dit is 'n plek waar die seekoeie snags rondloop.

„Ag wat, hoe weet hy dit?” sê Frans, „ons gaan nie weer inspan nie. Wat sal die seekoeie vir ons maak?” Ongelukkig is hulle ouers nog nie by die wa nie en die seuns en die volk maak die kamp reg soos gewoonlik. Hulle sprei die groot bokseil uit, slaan tente op en in 'n kort tydjie brand weer die groot kampvuur en hulle sit die gebeurtenisse van die dag vir mekaar en vertel.

„Stil 'n bietjie,” sê oom Gert. „Wat is dit? Dit klink soos beeste wat hardloop!”

Die woorde is skaars uit sy mond, toe ou Jantjie en een van die „wilde” kaffers byna uitasem aangehardloop kom : „Baas, Nooi, klim op die wa. Die seekoeie kom !”

Oom Gert gryp tant Lenie en Lettie ieder aan 'n arm en ruk hulle op en gooi hulle byna op die wa, terwyl hy roep : „Kom seuns, gou !”



Hulle is ook nie 'n minuut te gou nie, want met 'n vreeslike gebulk kom daar omtrent ses groot seekoeie aangestorm, reg op die kamp af. Hulle gee vir niks pad nie, en trap oor alles heen. Die mense in die wa hoor net hoe daar goed kraak en breek. Dit is of die diere van woede nie weet wat om te doen nie, en net wil verniel wat voorkom.

„Waar is my geweer?” roep oom Gert. „Frans, gee my geweer!” Maar dit was te donker in die wa en alles so deurmekaar dat niemand kon onthou, tot na alles verby was, dat die gewere in 'n boom hang nie.

Gelukkig duur die spul nie lank nie, alhoewel die minute vir die vlugteling in die wa soos ure gelyk het. Die twee kaffers het agterom gehardloop en groot stompe brandende hout opgetel en rondgeswaai met harde geskreeu en die seekoeie verdwyn in die bome terug rivier-toe. Dit was alles byna net soos 'n droom. Daar is van die een tent niks oor as stukkies lap nie en die veldstoeltjies en kassies wat hulle as tafels gebruik het, is soos vuurhoutdosies gebreek. Die koppies en borde wat rondgestaan het, is alles fyn.

„Dadelik die donkies bring en inspan!” roep oom Gert. „Hier kan ons nie vannag slaap nie. Ons moet 'n hele end verder van die rivier af gaan.”

Dit duur nie lank nie of alles is opgepak. Iedereen is maar te bly om van die plek af weg te kom. By die minste geraas dink hulle, dit is die diere wat weer terugkom. Hulle is almal bly dat die seekoeie se kuier teen die einde van die tog gekom het en nie in die begin nie en die volgende aand slaap hulle veilig op die stasie, op pad huistoe!

*S. Niemeyer.*

## 2. Klasmaats.

„Ry vinnig, baie vinnig, hoor!”

Dit is 'n stuk of vyf seuns wat bymekaar staan en praat, terwyl hulle 'n maat, wat op 'n fiets die straat afry, agterna kyk. Hy het die rywiel die vorige dag gekry en hulle was netnou besig gewees om dit te bewonder.

„Ek wens dat dit myne was!” sê een.

Die grootste van dié klomp, Flip Snyman, lag :

„Dis sommer 'n tweedehandse. Hy het maandelank daar onder voor die winkel gestaan.”

„Ag, jy is net afgunstig,” sê 'n ander seun.

„Wie ek?” Flip kyk met veragting na die fiets, wat onder in die straat nou net om 'n hoek verdwyn. „Ek wil 'n ou ding soos daardie op my naam nie hê nie!”

Almal luister verwonderd na Flip, maar geeneen sê iets nie, want Flip is nie alleen die oudste in die klas nie, maar ook die slimste. Hy is by die end van die kwartaal altyd nommer een en die hele klas verbeel hul dat daardie plek spesiaal vir Flip gereserveer is. Hulle doen nie eers meer moeite om by hom verby te kom nie. In al hul ondernemings is Flip altyd die leier. As hy 'n opinie uitspreek, is dit die moeite werd om dit in oorweging te neem, dink hulle.

Voor een van die ander nog 'n antwoord klaar het, sê Fanie, 'n skraal seuntjie wat tot sover doodstil gestaan het, onverwags : „Ek sal 'n splinternuwe kry en dan sal jy dit nie waag om sulke lelike aanmerkings te maak nie.”

„O my tyd ! Hoor 'n bietjie hier. Van wie sal jy dit nogal kry?” vra Flip.

„Van my pa. Hy sal vir my een gee as ek....as

ek by die end van die kwartaal top staan in my klas."

Flip bars uit van die lag.

„Hoor julle die aap, wat nog nooit hoër as derde gestaan het nie? Wat verbeel hy hom? Ek wed as hy 'n fiets kry, is hy nog te sleg om daarop te ry ook! Nee, mannetjie, sê maar vir jou pa, ek sal sorg dat jy nie eerste kom nie, hoor!"

„Kom ons loop," sê een van die kinders en stadig gaan die klompie uit mekaar. Niemand het Fanie se party opgeneem nie, al simpatiseer hulle met hom. Vir Flip het hulle ontsag. Van Fanie hou hulle. Almal weet ook, hoe hard hy werk en dat hy stadig maar seker vooruitkom. Fanie gaan ook huis toe. Hy het op Flip se laaste woorde nie antwoord gegee nie, omdat hy te laat uitgevind het, dat hy sy mond verby gepraat het. Hy voel vreeslik spyt van wat hy gesê het, maar die woorde is eenmaal uit. Al wat hy nou kan doen is om harder te leer as ooit tevore want hy is daar seker van, Flip gaan sy plan om top te staan dwarsboom.

Dit is die end van die kwartaal en in die middel van die eksamens. Fanie, Flip en 'n hele spul ander kinders staan op die hoek van 'n straat en wag vir hulle trem. Toe die trem stilhou, stroom hul almal in. Die kondukteur stamp op die klok vir die agterstes, wat gou inspring, terwyl die trem al begin te ry.

„O, ek het my kaartjie by die huis vergeet!" sê 'n seun op die bankie voor Fanie.

„Ja en daar agter is die inspekteur," sê sy maat wat langs hom sit.

Onwillekeurig soek die kinders na hulle kaartjies. Flip kyk na Fanie wat ook voel of syne nog in sy leesboek is. Dit is nog daar en Flip sien hoe Fanie 'n puntjie daarvan laat uitsteek om dit netnou gou te kry as hy dit moet wys. Nou begin hy meteens gesels en

hou Fanie so aan die praat dat hy sy kaartjie heeltēmal vergeet, en ongemerk trek Flip dit uit diē boek en steek dit in sy eie sak. Na 'n rukkie staan die inspekteur langs hulle. Tevergeefs soek Fanie na sy kaartjie. Die inspekteur word ongeduldig. Hy blaas op sy fluitjie om die trem te stop en Fanie saam met 'n paar ander kinders moet uit. Fanie kan amper huil van teleurstelling. Hy sal nou minstens 'n halfuur laat kom en dit is juis somme wat hulle vanmōre moet maak. Somme, die onderwerp, waarvoor hy die bangste is, omdat Flip so goed kan reken. Moeg en moedeloos kom hy by die skool aan. Die kinders is al hard besig en merk skaars dat hy inkom. Na hy alles vir die meester vertel het, kry hy 'n tydjie langer om sy somme klaar te maak, maar hy kry skaars die helfte van die antwoorde reg. Hy weet vōoraf dat daardie fiets wat hy al uitgesoek het, nou maar in die winkel sal bly staan.

Toe hulle met speletyd uit die klaskamer kom, voel hy Flip trek aan sy baadjie.

„Laat los,” sê Fanie kwaad, sonder om om te kyk.

„Hier is jou tremkaartjie, man,” sê Flip. „Ek het hom in die trem gevat. Ek het gedink dit sal jou nie kwaad doen om 'n slaggie te loop nie!”

Fanie draai om en kyk hom aan, spraakloos van woede.

„Vat hom,” sê Flip en hou die kaartjie voor hom. Fanie roer nie. Flip gooi dit in sy gesig en hardloop lag-lag weg. Fanie buk om dit op te tel en hy bewe van verontwaardiging en hy neem hom voor om Flip uit te betaal, die eerste die beste kans wat hy kry. Hoe hy dit sal regkry, weet hy nog nie. Flip is soveel groter en sterker as hy, maar hy sal net sy kans afwag.

Die vakansietyd is gou om en 'n paar skoolweke gaan ook weer langsaam verby. Op 'n seker aand, dit is al goed donker, kom Fanie uit 'n groot huis waarheen sy pa hom met 'n boodskap gestuur het. Hy loop deur die tuin, trek die hek agter hom toe en kom in die straat.

\* Om gouer by die huis te wees loop hy op in 'n nou straatjie. Die groot bome aan weerskante maak dit byna pikdonker, want die lampe is hier ver vanmekaar. Fanie loop gou om by die huis te kom. Daar hoor hy iemand fluit. Hy weet sommer dit moet een van sy maats wees. Hulle klompie roep mekaar altyd op daardie manier. Hy bring sy hande aan sy mond en gee antwoord. Dadelik daarop hoor hy dieselfde geluid weer, maar agter hom die keer. Nou weet hy waaromtrent dit moet wees en klouter na 'n rukkie op 'n hoë tuinmuur. Fanie se hart klop vinnig. Sê nou iemand sien hom hier op die muur? Dit sal mos lyk of hy wil gaan vrugte pluk in die tuin aan die ander kant. As die baas van die tuin hom vang, sal dit niks help om te sê hy is eerlik en het nog nooit iets van 'n ander geneem nie. Die man sal hom eenvoudig nie glo nie. En wat sal sy ma sê? Besluiteloos loer hy na die donker vrugtebome voor hom. Dan hoor hy 'n sagte stem wat hy dadelik herken as Flip s'n: „Is dit jy, Piet?”

„Nee, dis ek,” sê Fanie. „Wat maak jy daar?”

Flip mompel ongeduldig iets wat Fanie nie verstaan nie.

„As ek geweet het dis jy, het ek jou nooit geroep nie. Maar nou is daar niks meer aan te doen nie.”

„Wat bedoel jy, man? Waar is Piet dan?”

„Hy was hier en vier van die ander ook. Ek moes vir hulle die perskes oor die muur gooi. Maar toe die tak breek en ek val, hardloop die klomp lafaards weg. Daar

was glo 'n polisieman in die straat, maar ek het tog tenminste verwag, dat Piet sou terugkom om my te help."

„Het jy seer gekry?" fluister Fanie.

„Ja jong, ek kan skaars roer. Ek dink my been het gebreek. Maar ek sal sonder julle almal regkom."

Fanie hoor, hoe hy probeer opstaan. Dan steun hy hard en lê na 'n rukkie weer stil. Nou twyfel Fanie nie langer nie. Hy spring dadelik ander kant af en loop nader. Flip het dit glad nie verwag nie, want Fanie kon gesê het: „Dis jou verdiende loon. 'n Dief moet gestraf word," of hy kon die eienaar van die ~~tuin~~ gaan roep het. Maar dit lyk of Fanie dit alles vergeet. Hy kry net sy maat jammer wat in die moeilikheid is.

Flip lêun op sy skouer en met groot moeite kom hulle oor die muur. Niemand het hulle gesien nie. Fanie bring hom nog 'n paar strate verder tot by sy huis. Die loop gaan beter as wat hulle verwag het. Langs die pad het die twee maar min vir mekaar te sê gehad, maar toe Fanie omdraai en al 'n paar tree geloop het, hoor hy Flip roep. Hy bly staan.

„Fanie, man," sê Flip, „ek is spyt van daardie tremkaartjie, hoor! En dan, ek wou net gesê het: jy beteken meer as die ander spul tesaam."

Fanie wag tot Flip by dié hekkie in is. Dan, met sy hande diep in sy sakke, en terwyl hy 'n vrolike liedjie fluit, hardloop hy huistoe.

*Hettie Cillié.*

### 3. Kafferbygelofies.

Ongeveer elfuur die môre, toe Flip opweg was na die stal, bespeur hy plotseling groot onraad onder die pluimvee : die hoenders spat na alle rigtings heen ; die kalkqene klik-klik hulle alarmkreet en rek die nekke lank uit.

Flip dink dadelik aan 'n slang en hy kyk skerp rond. Daar gewaar hy iets. Dis egter nie 'n slang nie, maar 'n groot likkewaan.

In 'n oogwink sit die dier hoog in 'n doringboom. Roerloos lê hy vas teen die stam. Tog is hy daar nie veilig nie. Daar knal 'n skoot uit die geweer van oom Frans. Hy tref die likkewaan presies agter die linkerblad. Stadig laat die likkewaanpootjies die boomstam los en die dier slaan op die grond neer.

Dadelik loop Flip nader. Maar kyk, opeens begin die taai dier heen en weer te hol, verbasend vinnig, ~~ter~~ wyl sy gesplitste tongetjie, rooi bevlek met bloed, venynig uitblits. 'n Oomblikkie het dit so aangehou, toe lê die uitgeputte likkewaan leweloos.

Juis kom outa Kiewiet aan.

„Hoe kan die baas nou so onverstandig handel?” merk die outa op.

„Wat is verkeerd, outa?” wil Flip weet.

„My Kleinbasie, let op my woorde, môre sal die wind verskriklik hard waai.”

„Waarom, outa?”

„Sien my Basie, ons kaffers laat maar liewers 'n likkewaan lewe; die wind waai alte veel en alte koud as die dier doodgemaak word.”

„Dit was vir Flip te snaaks om so iets te hoor. Hy dring by outa aan om nog meer te vertel. „Is daar nog diere wat julle nie graag doodmaak nie?” vra hy.

„Die krokodil, Basie, net soos die likkewaan maak ons ook nooit dood nie. En dan laat ons 'n duiker ook maar vry loop.”

„Van 'n krokodil het ek gehoor,” sê Flip. “Waarom laat julle 'n duiker vry?”

„O, ons eet daardie wild glad nie. Die kaffer wat so onverskillig is om 'n duiker te eet, moet maar tevrede wees om te sterwe.”

„Maar outa?” roep Flip uit. „Jy wil tog nie weer dat 'n mens sal sterf as jy van die vleis van 'n duiker eet nie?”

Die outa antwoord : „So was dit in die tyd van my pa, en oupa en nog lank vantevore en so maak outa Kiewiet vandag nog.”

„Dis darem bog,” dink Flip. Hy vra daarop vir outa wat hy sou doen as sy hond nou byvoorbeeld 'n duiker sou vang. Outa Kiewiet sou dan die gedode wild met 'n stok op 'n tak bring en also vir sy kleinbasie present gee. Flip lag lekker hieroor.

„Asseblief outa, vertel my nog meer,” begin Flip opnuut.

„Ken jy die blinkblaar-wag-'n-bietjie-boom?” vra outa.

„Welseker,” antwoord Flip.

„Die basie kan gerus noukeurig oplet : die weer sal nooit in so'n boom neerslaan nie.”

„Maar waarom dan nie?”

„Kyk, die donderslag is 'n groot voël, wat met sy vlerke slaan. In 'n blinkblaar-wag-'n-bietjie-boom sal die voël se vlerke vashaak. ) Daarom waag hy dit nie om daarin neer te slaan nie. En,” gaan outa verder : „ons eet ook nie die vleis van diere, wat die weer doodslaan nie.”

„Ek het êrens geles dat aasvoëls ook so maak,” lag Flip. „Maar outa, nou het ek jou tog gevang. Verlede jaar toe deur die weer vyftig van pa se skape op die hoëveld gedood is, het die kaffers alles opgeëet. Hulle het by pa kom lol oor die vleis.”

„Hm!” merk outa met veragting op, „dis swak volk daardie, hulle is nie meer opregte kaffers nie. Maar Basie, dalkies het hulle die toordokter ingeroep.”

„Outa, is daar nog iets wat julle glo?”

„Ek vertel nog net dit, Basie. Dan is dit genoeg vir vandag. Het jy al ’n baie groot, wit kring om die maan gesien?”

Flip dink hy het.

„Die groot wit kring is vir ons nie mooi nie. Dit beduie dat ’n groot kaffer, ’n kaptein of ’n koning, sal sterwe.”

„Ag, outa,” merk Flip op, „nou weet ek waarom outa so baie dingetjies glo: dis omdat outa Kiewiet nooit skoolgegaan het nie. Die geleerde mense beweer dat daardie kring veroorsaak word deur ’n baie donserige wolk, wat so hoog swewe dat ’n mens hom skaars kan sien.”

„So gaan dit,” sê outa en stap weg, „teenswoordig weet die kinders mos meer as die oumense.”

*M. Krüger.*

#### 4. Die keteltjie wat sing.

Die vuurtjie brand  
hoog langs die heuwelrif.  
Die duisternis bedek die land,  
maar dis 'n duisternis waardeur  
die maan sy melkies sif.

Die vlamme dans  
vrolik in vuur'ge kring.  
Die mense sit 'n krans  
en luister swygend na  
die keteltjie wat al sing.

Dit is die trekkersboer  
se late lied, wat wek  
sy hart en diep hom roer.  
Dit is sy vroeë môresang  
wanneer hy verder trek.



n. BOMPAS

Die vlamme dans en spring  
al rond die ketelboom ;  
sy ketel praat en sing  
en skink hom in die drank,  
wat d'ure laat verdroom.

Sy keteltjie is swart  
al in sy diens gebrand ;  
die trooster van sy smart  
die bly hom trou, wanneer  
hy soek 'n vaderland.

Haar spoor lê orals in  
die ronde hopies as ;  
en telkens as die dag begin  
dan swaai sy by die voorwiel, met  
'n voorslagriempie vas.....

Die vlamme dans  
nou rond in vuur'ge kring.  
Die mense sit 'n krans  
en luister swygend na  
die keteltjie wat sing.

*Uit : Trekkerswee : Verse van Totius.*

*Uitg. : A. H. Koomans, Bepk.*

*Potchefstroom.*

---



## 5. Lomperd.

Oom Hennie Wessels was net terug van die winter-veld. Sy vrou en twee kinders, 'n seun van omtrent twaalf jaar en 'n dogtertjie van omtrent tien was buite voor die waenhuys om hom te verwelkom.

Na hulle hom gegroet het en aanstap huistoe, roep Lettie uit : „O Pappie, waar kom die lelike hond vandaan en hy wil nog aan my hand lek? Voertsek !”

Sy vee haar hand af en hardloop terug na haar pa.

„Dit is 'n vriend wat ek daar ver ander kant Komatie gekry het, Lettie,” antwoord oom Hennie, „Arme

dier, hy het seker van 'n trek afgedwaal en hom by my aangesluit, en ek kan hom nie daar laat bly en miskien laat verhongers nie!"

„Ag nee, Hennie," sê tant Annie, „jy gaan hom tog nie regtig hou nie? Dit is sommer 'n kafferhond en ons het ook al twee honde!"

Oom Hennie streel die hond op sy breë kop en die dier kyk hom trouhartig en dankbaar in die oë en swaai sy groot stert heen en weer.

„Jy hoef my darem nie so hard met jou groot stert te slaan nie," sê Flippie. „Ek het niks teen jou nie, maar dit is die mooi en die nonnie, wat dink jy is te lelik!"

Die groot vaal en wit gevlekte half boeldok, half boerhond kyk vraend van die een na die ander.

„Nee regtig," sê tant Annie, „hy is te groot en lomp om in die huis te hê. Gee hom maar gerus vir een van die kaffers!"

Die hond laat sak sy kop net of hy skaam is oor alles wat hulle van hom sê, en hulle moes almal lag.

„Arme ou jong," sê oom Hennie, „kom lê maar solank op die stoep. Baas sal net gou-gou koffie drink, dan gaan jy saam na die plaas kyk."

In die eetkamer, waar 'n lekker vuur brand, lê 'n mooi klein wit hondjie op 'n matjie. Hy begin vreeslik hard blaf toe hulle inkom.

„So meneer," sê oom Hennie, „lê jy nog altyd op die lekkerste plek en blaf dan nog as 'n mens inkom!"

„Stil Meneertjie," sê Lettie, „kom sê naand vir oubaas!"

Die mooi skoon wit hondjie kom gehoorsaam voor oom Hennie sit en steek een pootjie uit.

Oom Hennie neem die uitgestrekte pootjie en sê laggend : „Ja Lettie, ek glo nie, jy sal my arme ou lomperd sulke mooi maniertjies kan leer nie, maar hy is so'n trou dier!”

„O! dit is nou net 'n mooi naam vir hom,” sê Lettie, „maar wag, ek sal hom eers gaan kos gee.”

Sy gaan haal gou 'n skotteljie brood en melk en neem dit na die stoep, waar die hond nog ewe gehoorsaam op die plek lê, wat oom Hennie hom gewys het.

'n Paar weke na oom Hennie terug was, kom hy eendag haastig in die huis en sê : „Dit lyk my regtig of ons nog vandag kapok gaan kry. Ek het die volk gesê om al die beste agter die bome te keer, maar ek sal dadelik moet ry om te gaan kyk!”

Tant Annie help hom met sy jas en hy klim op die perd, wat ongeduldig met sy poot op die harde grond staan en kap.

„Waarom ry jy dan vir Sieraad?” vra tant Annie. „Ek is altyd bang, hy sal jou afgooi of iets, hy is so haastig en vurig!”

„Ja, maar ek is self baie haastig,” antwoord oom Hennie. „Kyk hoe kom die weer aan. Die vee moet vannag agter skuiling wees!”

Hy ry op 'n vinnige galop weg en Lomperd blaf vrolik en opgewonde en hardloop vooruit.

„Hy is regtig lief vir pappie,” sê Lettie. „Hy is nooit van hom af nie en ek hou nou ook van hom, om hy so baie van pappie hou!”

„Dit was al byna donker en oom Hennie was nog nie terug nie. Tant Annie was al 'n paar maal uit om te sien of hy nog nie aankom nie. Dit was bitterlik koud en iedere nou en dan val daar 'n paar fyn vlagies kapok.

„Dit sal môre alles weer spierwit van die kapok wees,” sê tant Annie vir Lettie. „Ek wens pappie wil

terugkom. Dit sal vreeslik koud wees in die veld. Flippie, stuur een van die volk 'n endjie uit om te kyk of pappie nog nie aankom nie!"

Hulle gaan toe in, want daar brand 'n heerlike vuur in die eetkamer. Maar nóg Lettie nóg haar ma kon die gesellige warmte geniet, en hulle gaan maar gedurig venster-toe om te sien of die vader nog nie aangekom het nie. -

Flippie kom eindelijk terug—blou van die koue.

„Ons het die pad opgekyk,” sê hy, „maar die volk is so verkleum, ek kan hulle nie uit die huis kry nie.”

„Dit was noual pikdonker en tant Annie was weer na buite toe. Opeens roep sy uit: „O, hier is Lomperd, pappie is seker netnou hier.”

Maar Lomperd blaf en spring teen haar op, en toe Flippie uitkom spring die hond hom byna om.

Hy gaan so aan, dat tant Annie angstig sê: „Flippie, wat is dit? Hoor jy 'n perd? Ek kan niks hoor nie. Die hond raas so. Stil, Lomperd, af!”

Die hond was weer om haar en hardloop dan weer 'n endjie die pad op. Dit was nou duidelik, dat hy wou hê, hulle moet hom volg.

„Flippie,” roep tant Annie, „trek dadelik jou jas aan en roep vir Klaas met sy lantern, ek is seker daar het iets met pappie gebeur!”

Hulle was dadelik op pad en die hond was byna mal van vreugde, dat hulle hom verstaan het. Omtrent 'n myl van die huis af was 'n groot swaar ysterhek.

„Dit was toe en net ander kant staan Sieraad, sonder ruiters! Hy staan ongeduldig en runnik en op en af loop voor die hek.

„O hemel!” snik tant Annie. „Ek het geweet daar sal nog iets gebeur. Flippie, jou arme pappie! Waar is hy?”

Lomperd was 'n end vooruit en nou kon hulle hom weer hoor blaf. Een van die volk het die perd gevang en lei die vurige dier.

„Hier is ek!” hoor hulle oom Hennie se stem.

„Moenie skrik nie, Annie! Dit is niks ernstigs nie.”

In 'n minuut was hulle by hom; hy was waternat en byna dood van die kou.

„Sieraad het gegly op die kapok en op my been geval. Ek dink dit is af, want ek kan dit nie roer nie. Ek het probeer, maar kon nie 'n voet versit nie.”

Klaas word toe dadelik teruggestuur om vir Lettie te sê, wat gebeur het en die kar te haal en in 'n kort tydjie was oom Hennie veilig in 'n warm bed en versorg.

Gelukkig was sy been nie af nie.

„Ek wil my ou hond dankie sê. Hy moet inkom!” sê oom Hennie.

„Pappie, hy lê op die mat langs Meneer!” sê Lettie, met tranen in haar oë. „Ek het hom afgedroog en warm melk gegee, ek sal hom gaan haal.”

Iedereen het die aand vir Lomperd geprys en arme Meneertjie het, na hy probeer het om vir almal naand te sê, maar weer op sy ou plekkie voor die vuur gaan lê en slaap.

*S. Niemeyer.*

## 6. Die Amerikaanse wekker.

Dis snaaks, dat ek julle nog nooit vertel het van die Amerikaanse wekker van my Amerikaanse vriend Charley nie. Maar beter laat as nooit, nie waar nie?

Eendag moes ek vroeg opstaan, want ek sou saamgaan op 'n tog met 'n boot. Nou, van vroeg opstaan hou ek niks, en geeneen van my mense tuis ook nie, Om dié rede besit ons dan ook nie 'n wekker nie.

Wat nou gemaak? Ek vra vir my vriende, en so waar, Charley het 'n wekker. „Dis 'n Amerikaanse wekker,” beduie hy, so ewe trots, „'n ding wat 'n stokdowe mens uit sy bed uitraas. Hoor wat 'n geluid.”

Die wekker loop af en regtig waar, so'n vreeslike gedoente was genoeg om 'n mens die stuipe te laat kry van skrik. Jy verbeel jou dat daar êrens moord of brand moet wees.

„Dit is nou Amerikaans, sien jy,—tip-top Amerikaans,—dit ken julle in hierdie land nie.”


„Is dit al?” spot ek, want ek voel beledig.

„Al?” vra hy opgewonde. „Let 'n bietjie op, kêreltjie. Let op. Nou is hy afgeloop, nè? Tenminste, so dink jy. Maar oor tien minute begin hy weer,—dié slag met 'n groter lawaai, let maar op.”

Hy het skaars klaar gepraat, of dié ding bars weer los, harder, meer uitgelate, brutaler.

„As 'n mens nou miskien weer aan die slaap raak na dié eerste alarm, maak hy jou nog 'n slag wakker, en dan vir die derde maal, en so voorts.”

„Pragtig!” juig ek. „Gee dit hier.” En ek hardloop huistoe met die Amerikaanse uitvindsel. Maar



ek was darem 'n bietjie wantrouend, en sit dit toe maar vir die versigtigheid nog op 'n diep bord, sodat dit beter kon raas.

Die volgende oggend om vyfuur bars die wekker los met sy alarmgelui. Dit was nie die gewone gerinkel van die wekkers wat ons ken nie, maar dit sketter soos 'n trompet. Bleek van die skrik vlieg ek uit my bed, my bene so lam dat ek hulle byna nie voel nie.

Die wekker dans lustig sy helse dans in die diep bord. My hare rys op my kop. Op die nugter maag is so 'n rumoer te kwaai vir 'n gewone mens se senu-

wees. My hande bewe toe ek die helse masjien gryp om dit tot stilstand te bring. Maar was dit die slaap, of die skrik? Ek het vergeet hoe die ding werk, en dit hou maar aan met bulder.

In die ander kamers, waar my susters, my broers, my pa en ma in slaap, hoor ek geluide, iemand skree van angs, daar kom haastige stappe aan.

In die grootste benoudheid gryp ek die wekker, stop hom onder die komberse in, en probeer die geraas op die manier smoor.

Toe kom my vader in met sy kamerkleed aan, en 'n kalotjie op die hare wat al begin grys word.

„Wat vang jy hier aan?” vra hy kwaai.

„Die wekker loop af,” bedui ek vir hom.

„Die wekker? Ek dog jy gooi die waskom en beker aan flenters. So'n duiwelse lawaai het ek nog nooit gehoor nie.”

„Dit is die Amerikaanse—”

Die wekker bly stil, dit was afgeloop.

„Gelukkig,” sê my pa. „En jy bring daardie ding nooit weer in die huis nie, hoor! Jou pa, wat die hele dag werk om julle monde oop te hou, moet sy nagrus kry; en jou ma, wat tot laat in die nag julle kouse sit en stop, moet ook rus hê,—verstaan jy?”

Vader was weg. Ek beef na die strawwe berisping, en die naaste was dat ek wis die ding sou weer begin, en nog 'n maal, en— Het ek my pa dit tog maar vertel! Sou ek hom terugroep? Nee, ek durf nie.

Ek begin toe haastig was, en trek my klere hals-oorkop aan, om tog maar weg te kom. Dit word stil in die huis. Die ander mense het weer gaan rus. Miskien slaap hulle al. As die wekker nou tog maar.....

Opeens begin dit weer te brom onder die komberse. Dit gee nou 'n ander geluid af. Dit maak 'n groter gedoente as die eerste maal—daar kom die afgrypslikste gesmoorde klanke onder die hoop komberse uit. O ja, dit was regtig 'n Amerikaanse uitvindsel!

Ek hoor weer geluide in die ander slaapkamers. Vader kom nog 'n slag in met sy kamerkleed aan, en kalotjie op.

„Waar is die ding?” skree hy vir my.

„Onder die kombers,” en ek wys benoud na die hoop beddegoed.

Vader pluk die masjien daaruit, en toe hy die raasbalie in die hande hou, sien ek hy word bleek.

„Dis verskriklik!” sug vader, en ek sug dit hom agterna.

Noú kom mama, die sussies, die broers ook almal in. Hulle lyk of hulle baie haastig aangetrek het, en hulle vra almal wat daar aan die gang is.

En onder die afskuwelike geraas van die wekker deur, probeer ek om hulle te laat verstaan. My sussies lyk soos wit spoke daar in die deur, en my broers begin te foeter aan die wekker, maar vader sê: „Laat staan die ding—anders gebeur daar nog ongelukke.”

Skielik hou die wekker op, en daar kom 'n heerlike stilte. Nou kon ons planne maak. Ek vertel hulle, dat die ding nog minstens vyfmaal sou losbars. Vader sê dis 'n mooi vooruitsig.

Frits dink die beste is om die ding in die tuin te sit. Ma sê sy is jammer vir die bure. Dit was nog pikdonker in die tuin, toe ons hom daarin dra.

„Die wekker wys halfses; ek moet gou maak,” skree ek, en hardloop terug na my kamer toe.

„Die dag breek vanmôre laat,” hoor ek pa nog binnensmonds sê. Solank as ek my verder aantrek bo in

my kamertjie, sien ek hoe die geselskap soos spoke rond-  
dwaal in die agterplaas, by die lig van 'n fietslamp, en  
hoe hulle die nare ding daar versigtig neersit, asof dit  
'n bom was, wat hulle daar laat om kwaad mee uit te  
rig. Ek skuif die venster oop om te hoor wat hulle ver-  
tel, maar toe gaan hulle net huistoe, en ek hoor moeder  
voorstel om maar dadelik te gaan ontbyt.

„Ja—dit sal lekker wees, ek kom ook,” roep ek.

„Ja, toe!” skree hulle almal.

'n Oomblik daarna sit ons aan die tafel. My sussies  
sê, dit sal lekker wees om so'n lang dag te hê in die  
vakansie.

„'n Mens slaap gewoonlik glad te veel,” sê Frits  
wysgerig.

Vader brom iets,—dit lyk of hy nie baie van die  
lang dag hou nie.

Maar tog het ons lekker geëet,—ou brood, vars  
vis, en lekker sterk koffie.

„Sulke kaskenades in die vroeë môre,” begin Frits.  
Hy het nie verder gekom nie. Buite raas die wekker  
alweer. Ons het die tuindeur toegemaak, want ons voel  
skuldig teenoor die bure.

Frits gee so'n ondeunde laggie. „Ons maak maar  
of die geraas ons glad nie aangaan nie,” sê hy.

Buite hoor ons vensters oopgooi en stemme klink  
in die vroeë oggend. Dit was nog donker.

Ons kinders het ons siek gelag, pa en ma probeer  
om ernstig te lyk. Toe lui die deureklokkie skielik.  
Ons buurman kom in, en hy vra vriendelik, maar drin-  
gend, of ons wou uitskei met die herrie, so in die middel  
van die nag.

„Nag?” sê my vader, en hy hou vir hom groot,  
„dit is al byna halfsewe, weet jy dit?”

„Halfsewe?“ sê ons buurman. Hy was 'n vervelende soort mens, en ongemaklik om mee klaar te kom, „halfsewe? dan loop jou oorlosie vier en 'n halfuur voor!“

„Loop haal my oorlosie daar in my kamer,“ gebied vader.

Frits hardloop gou en bring vader se goue klok.

„Jy's reg,“ stem vader toe, „dis twee-uur. Bring die wekker weer in huis, Frits.“

Frits bring die wekker in. Die bure maak hulle vensters toe. Ons laat die ontbyt staan,—om twee-uur in die nag eet geen fatsoenlike mens nie. En ons gaan weer bed-toe om te slaap. Maar dit het nie geluk, voor die laaste wekkerontploffing plaas gehad het nie.

Die môre het ek my verslaap, en te laat gekom vir die boot.

*Bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.*

## • 7. Die Kindergarten.

In die ou, ou dae was skoolgaan nie so aangenaam soos vandag nie!

Verbeel julle 'n groot kamer, met rye lang smal banke, waarop die kinders vir urelank moes sit, sonder om 'n woord te gesels, sonder om hande en voete vry te kan beweeg! En al wat hulle leer, word uit die hoof opgesê. Bybeltekste, met lang, swaar woorde, wat hulle meestal nie kon verstaan nie, moes hulle uit die hoof leer, want die mooi Bybelverhale was nie so aangenaam vir hulle vertel soos nou nie.

Hulle rekentafels, en die tafels van mate en gewigte, die jare, maande, en dae word alles in rym geleer! Hoe sou die kinders van vandag so'n vervelende versie wil opsê in 'n rekenles:

„Twintig sjielings in 'n pond  
 'n Pond van goud so blink en rond,  
 Dis iets wat ons tog nie kan mis,  
 En wat ons ook nie mag verkwis!’’

Sou ons nie sê dis verspot nie?

Maar so het daardie ou, ou tyd se kinders geleer.

En meestal moes hulle nog van hulle jongste skooljare af, in 'n moeilike vreemde taal, wat ons Latyn noem, leer lees en selfs praat ook!

Daar was nie so'n ding soos speletjies nie! O nee, ook nie handwerk soos naald- of houtwerk nie!

Skrywe en teken en sing het hulle ook geleer, maar glad nie op so'n aangename manier soos dit vandag geleer word nie!

Byna alles was net van buite leer uit 'n boek, en opsê, opsê, opsê!!

Nou het daar in Duitsland, in 'n klein dorpie in 'n bergagtige streek, 'n seuntjie gewoon. Sy naam was Friedrich Fröbel. Sy ma is dood, toe hy nog maar 'n paar maande oud was, en sy drie ouer broers was ver weg, op skool in 'n groot stad. Sustertjies het hy glad nie gehad nie, en sy pa, wat predikant van die dorpie was, het soveel te doen gehad, dat hy maar selde met hom kon speel, en het so vir die ou klein seuntjie byna 'n vreemdeling geword.

So moes die arme klein Friedrich maar heeldag moedersiel-alleen in die groot ou pastorie speel, waar dit so stil was, dat hy oordag die muise kon hoor hardloop.

Buite om die huis was ander geboue; net 'n agterplasie vir hom om in te speel, en 'n groentetuin was daar, agter die kombuis, maar hierin was dit hom belet om te gaan.

Maar agter die groentetuin was 'n heuwel, en hierop het Friedrich baie keer kom staan en ver uitkyk, na die wolke, en saans na die sonsondergang.

Heeldag het hy maar by homself gedink oor alles wat hy graag wil weet, van die lewe van plante en diere, van die riviere se loop, en van die berge, ag alles wou hy weet, en daar was niemánd wat die ou seuntjie verstaan en hom alles mooi vertel nie.

Eendag staan hy en kyk hoe die werksmense 'n kerk bou.

„O,” dink hy, „hoe heerlik is dit om so te werk! Wag ek gaan ook 'n kerk bou!”

Meteens begin hy groot klippe bymekaar maak: maar ag, dit was te swaar, hy kon dit nie regkry nie!

Moeg en teleurgesteld, gaan sit die outjie en begin te huil. So klein soos hy was, dink hy: „Ag, waarom is daar tog nie iemand wat vir kindertjies kan help om te werk en te speel nie!”

Toe Friedrich vier jaar oud was, het sy pa weer gaan trou. O, was hy tog nie bly nie! Hy dink, nou sal hy tog 'n moeder hê, wat saam met hom sal speel, en hom alles vertel wat hy wil weet.

Maar ag, die tweede ma was vir hom so onvriendelik, dat hy nog treuriger was as vroeër. Sy het heeldag vir sy pa gesê, Friedrich is stout, want sy het niks van die arme eensame seuntjie gehou nie.

Naderhand, toe hy 'n bietjie groter was, stuur sy pa hom na 'n skool, nogal na 'n meisieskool! Daar sit hy, die enigste seuntjie, pen-orent in die voorste ry, voor al die meisies, en moet saam met hulle al die snaakse rympies opsê, en allerhande swaar woorde onthou.

Dit was vir hom glad nie lekker nie—hoe kon dit? „Dis mos nie leer die nie!” sê hy. „Hulle vertel my

dan niks van die blomme, en die berge, en alles wat ek om my sien, en so graag wil leer ken nie! Hier leer 'n mens net woorde, en woorde!"

En so het hy maar altyd by homself nog probeer uitvra en uitvind, alles wat hy nie verstaan in die natuur nie, en hy het maar op die heuwel gaan kyk na die wolke, en na die wind geluister, en soms het hy sy pa ook in dié tuin gehelp.

So het hy opgegroeï, en ouer geword, en vir homself baie dinge geleer in die natuur, sodat hy baie slimmer was as die ander jong mans van sy tyd.

En toe hy naderhand die skool verlaat het, wou hy so graag na die groot stad gaan, om ook daar al die groot dinge te leer, wat sy broers geleer het.

Maar ongelukkig het sy pa nie genoeg geld hiervoor gehad nie, en nou moes Friedrich gaan skoolhou om sy brood te verdien.

In een van die skole in 'n ander dorp moes Friedrich gaan onderwys gee.

„A," dink die jong man, „nou is dit my kans, nou sal ek tog die mense wys hoe 'n mens kinders moet leer! Ek sal my klas tog nie so swaar laat skoolgaan soos dit met my gegaan het nie!"

Hy het hulle nie alles uit boeke uit hulle hoof laat leer nie, o nee, hy het vir hulle plante en blomme gegee om na te kyk en self alles te leer daarvan; hy het hulle met sand en water hulle eie riviértjies en berge laat maak, en het vir hulle mooi Bybelverhale vertel met prente, net soos die kinders vandag op skool leer. En die kinders was so lief vir hom, want hy het hulle so mooi geleer en gehelp verstaan wat hulle nie weet nie.

Maar nóg meer het hy gedoen.

Nooit kon hy vergeet hoe eensaam hy as kind was nie, en hoe hy verlang het na iemand wat hom tog kon help speel, en leer werk, en sy handjies help gebruik.

Toe rŕg hy 'n skool op vir die heel klein kindertjies, wat nog te jonk is om te leer lees en skrywe.

Die skool noem hy „Kindergarten,” dit beteken „Kindertuin,” want hy wil hê, die kindertjies moet daarin net so gelukkig wees soos in 'n groot tuin.

In di é skool vir die kleintjies, het hy self met hulle gespeel, vir hulle geleer sing, en gewys hoe om diertjies en plante te versorg, en om hulle handjies te gebruik.

Hy het in 'n werkwinkel al die pragtige speelgoed laat maak vir sy kindertuin, dieselfde waar die kindertjies nou nog so graag mee speel in die Kindertuin hier in ons land.

Die langwerpige dosies elkeen met ses gekleurde wolballe daarin, sodat die kleintjies die name van die kleure kan leer ken, en met die sagte balle kan speel. Daar is vierkantige dosies vol blokkies van allerhande vorms vir die kleintjies om kerkies, en huisies, en bruggies mee te bou, en nog dosies vol gekleurde papier om bootjies en ander mooi speelgoed van te vou, en baie ander nuttige gereedskap vir die klein handjies om heeldag gelukkig mee te wees.

Friedrich was naderhand al 'n ou man, maar hy het nog self saam met die kindertjies gespeel, en vir hulle vertel van die natuur wat die goeie Vader in die Hemel vir ons so wonderlik gemaak het.

En o! die kleintjies was vir hom so lief!

Smiddags kon 'n mens die grys ou man op die heuweltjies sien rondhuppel met 'n klomp gelukkige kindertjies om hom, en heeldag vra hulle net vir hom om vir hulle stories te vertel, of met die blokkies te bou.

Al die mense het gesien, dat die kindertjies wat in die Kindertuin was, voor hulle na die groot skool toe kom, baie gouer leer, en knapper is, as die ander kinders. Toe kom daar van orals groot hooggeleerde meesters, en onderwysers na Friedrich Fröbel om sy Kindertuin te ondersoek, en van hom te leer hoe om vir klein kindertjies skool te hou.

Selfs van ander lande het die geleerdes gegaan na die ou man, wat die kinders so lief het, en so geduldig die ou kindervingertjies help papiertjies vou, of matjies vleg, om so vir hulle te leer hulle handjies gebruik en hulleself te help.


Naderhand is Friedrich Fröbel dood.

Maar sy Kindergarten het uitgebrei; die een dorp na die ander het in hulle skole kindertuine opgerig, sodat in byna alle beskaafde lande sulke skole vir die kleintjies is.

Wat sou die liewe ou Friedrich Fröbel tog nie sê, as hy vandag kon sien, dat selfs hier in ons land ook kindertuine soos syne opgerig is nie, waar die kleintjies so gelukkig is, dat ons wat groter is, dikwels wens ons kon weer teruggaan na die Kindertuin!

Sou sy ou hart tog nie bly wees nie, as hy kon hoor hoe ons elke jaar op die 21ste April sy verjaarsdag onthou, en die kinders vertel die storie van die eensame, ongelukkige ou seuntjie, wat, toe hy 'n groot man was, so jammer was vir ander kindertjies, dat hy die heerlike Kindertuin vir hulle uitgedink het!

*Hilda Postma.*



## 8. Sang van die vliegenier.

Kom vlieg saam, sprei uit jou vlerke,  
 Kyk, die pad lê oop en breed.  
 Deur ons liewe Heer se ruimte,  
 Wat geen sterweling kan meet.

Kom gerus; gooi weg jou sorge,  
 En vergeet jou bitter swaar,  
 Volg die sonpad na Geluksland,  
 Daar word al jou drome waar!

Kyk, die pad is een streep sonlig,  
 En die hemel heerlik blou,  
 Ver, daar onder, lê die wêreld,  
 Waar die mense bak en brou.

Waar hul sukkel deur die modder,  
 Of in rook en stof versug.  
 Jy en ek sweef in die glorie  
 Van die silwer-suiwer lug.

O, daar's vrede op die sonpad,  
 Daar is vryheid, onbeperk,—  
 Gawe wat geen geld kan koop nie,  
 Om jou siel te laaf en sterk.

Kom jy saam? Maak los jou boeie,  
 En vergeet jou bitter swaar,  
 Volg die sonpad na Geluksland,  
 Daar word al jou drome waar.

*A. E. Carinus-Holzhausen.*

## 9. Geduld en moed.

Dit was 'n heerlike somerdag kort na die Engels-Boere-oorlog. Stephen Joubert, 'n seun van omtrent sewentien jaar, sit op die klipstoep van 'n afgebrande huis en kyk met 'n ernstige en treurige gesig voor hom. Hy het so verlang na vrede en na die geliefde ou woonplaas en nou is dit al 'n hele tyd vrede, en hier is die ou akkerbome voor hom, waar hy so dikwels met sy jonger broers en susters gespeel het en tog... hy voel só ongelukkig, dat die tranes iedere keer in sy oë kom.

„Sy vader het hom 'n paar dae gelede vertel, dat hy 'n groot som geld weer moes betaal, wat hy net voor die oorlog afbetaal het, maar waarvoor hy nie 'n bewys het nie.

Hy hoor iemand agter hom. Dit was sy vader. „Nee, my seun,” sê hy, „ek het nog altyd 'n hoop gehad, maar ek sien nou, ons sal die plaas moet verkoop om die geld in die hande te kry!”

„Maar Pa, kan mense dan so oneerlik wees? As die geld betaal is, kan hulle dit nie bestry nie!”

„Ongelukkig is daar mense wat maar alte graag gebruik maak van so'n geval. Hulle weet dat ons boere die fout het om gewigtige papiere self te bêre in plaas van om die na 'n bank te stuur.”

„Waar was hulle?” vra Stephen treurig.

„Hulle was met 'n paar ander dokumente agter in die ou Bybel vasgeplak. Jou ma het dit alles begrawe met 'n paar honderd pond en 'n paar van haar pronkstukkies, maar dit is alles weg!”

„Kom nou eet!” roep tant Sannie. „Julle werk ook nie vandag nie en as dit begin te reën, is ons dak nog nie op nie!”

Hulle was besig om 'n grasdak op 'n paar van die kamers te sit, waarby tant Sannie en almal help.

„Ek het nie meer lus om met iets te help nie,” sê Stephen en kyk mismoedig voor hom. Hulle kom by die twee tente aan onder die pragtige ou moerbeiboom. Alles lyk netjies en gesellig en die sonstrale val hier en daar deur die digte moerbeiblere op die spierwit tafeldoek.

„Kyk!” sê tant Sannie met 'n vrolike stem en vriendelike glimlag, „die eerste ertappels uit my tuin!”

Stephen verwonder hom iedere dag meer en meer oor sy moeder. Sy is altyd ewe opgeruimd en vol moed, en alhoewel sy soggens met die son opstaan en die hele dag hard besig is, tog hoor hy haar nooit kla nie en altyd maar sê: „Ons het nog soveel om dankbaar voor te wees!”

„Stephen,” fluister sy pa, „moenie dat ma iets merk nie. Sy het al swaar genoeg gehad en, wie weet, dit kom nog miskien alles reg.”

Tant Sannie was weer in die tent om iets te gaan haal.

„Arme ma!” sê Stephen. „As sy alles weet, sal sy ook moed opgee.” Hy skud mismoedig sy kop, maar probeer om sy ma vrolik te antwoord op haar vrae omtrent verskillende dinge op die plaas.

Sy kyk na haar man en weer na haar oudste seun. Sy kan sien, dat iets hulle hinder, maar maak maar of sy niks merk nie. Sy het natuurlik geweet, dat die goed, wat sy so sorgvuldig en soos sy gedink het, veilig begrawe het, ontdek en weggeneem is, maar sy wist nie, dat daar sulke belangrike papiere by was nie.

'n Paar dae het verbygegaan. Stephen en sy vader maak allerhande planne, maar kom tot die treurige be-

sluit, dat daar net een redding is en dit is om die plaas te verkoop.

§ Een agtermiddag laat kom sy vader uit die dorp. Hy het gehoop, dat daar nog redding sou wees. Stephen kom hom tegemoet en vra haastig: „Wat sê meneer Roux?”

„Nee,” antwoord sy vader kalm maar treurig, „net soos ek jou altyd gesê het. My getuie, die enigste twee mense wat kon getuig, dat die geld afbetaal is, is dood en my bewys is weg! Dus oor 'n paar maande moet ek die geld weer betaal.”

„Dit is 'n skande!” roep Stephen driftig uit. „Ek sou dit nie weer betaal nie!”

„Stephen,” sê sy vader, „daar is niks aan te doen nie, maar ek sal nie moed opgee nie, alles sal regkom, as 'n mens net moed hou en jou plig van dag tot dag doen, dan moet dit weer goed gaan!”

Stephen is verwonderd dat sy pa dit so kalm opneem, maar hy weet nie, wat alles in sy pa se hart omgaan nie.

Eendag moes hy dorptoe om die pos te gaan kry. Net toe hy die kamertjie, wat moes dien as poskantoor uitkom, roep iemand na hom. Dit was meneer Coetsee, die skoolmeester.

„Kom kyk 'n bietjie hier,” sê hy. „Nou die dag bring 'n soldaat my 'n Bybel om te verkoop en toe ek jou pa se naam en ook die van jou oupa en oupa-grootjie daarin sien, het ek hom maar die pond betaal wat hy daarvoor wou hê. Dit sal dit tog seker werd wees. Wat dink jy?”

Hulle het aangeloop tot by die skoolmeester se huisie en toe Stephen hoor van die Bybel, was dit vir hom, asof hy in 'n droom is.

„Hier is dit,” sê meneer Coetsee en hy haal 'n

groot bruin leer-Bybel van 'n kas af. „Dit is baie verniel en lyk of dit nāt geword het, maar makeer binne-in niks.”

Stephen kon nie 'n woord sê nie. Sy hand bewee so, dat hy byna nie die sterk koperspes kon oopdruk nie.

Meneer Coetsee kyk verwonderd na hom. Dat hy bly sou wees om iets uit die afgebrande huis gered te vind, kon hy verstaan, maar sy gesig was doodsbleek en toe hy die Bybel eindelijk oop het en agterin kyk en sien, dat dit nog net so toegeplak is soos sy pa hom beduie het, val hy op sy knieë en begin te snik.

Meneer Coetsee wag 'n bietjie tot hy bedaar het en vra toe: „Wat is dit, Stephen? Wat is daar agter so sorgvuldig toegeplak?”

Stephen vertel hom alles en smee hom om dit veilig vir hom te hou. Hy was te perd en wou dadelik 'n kar gaan leen om die kosbare papiere huistoe te neem.

Sy vader was verwonderd om hom so vroeg weer te sien.

„Was die pos dan al in?” vra hy en hy kyk vraend na Stephen se stralende gesig.

„Ja Pa,” antwoord hy vrolik, „hier is dit!”

„En waar kry jy die kar? Was dit so'n swaar pos dat jy dit op 'n kar moes uitbring?”

Hy kyk in die kar en sien die bekende ou Bybel.

„Stephen, is dit ons Bybel en is die papiere veilig?” roep hy uit en sy stem bewee van ontroering.

Stephen knik met sy kop. Hy kon nie praat nie. Sy vader slaan dit oop en voel aan die toegeplakte papiere.

„Ek het gewêet, alles sal regkom, as 'n mens moed hou en sy plig doen,” sê hy saggies.

*S. Niemeyer.*

## 10. Kafferarbeid 'n kwart eeu gelede.

„Ja neef,” sê ou oom Koot de Klerk een aand aan sy kuiergas, meneer Paul de Beer, „ek weet nie of dit by julle ook so erg is nie, maar by ons kry jy amper geen swart skepsel meer te huur nie. By ons loop die swartgoed, met stewels aan hul voete en „wôkingstieks” —soos julle sê—ons het altyd gepraat van kieres, in hul hande en rook sigarette. Vra jy nou aan so’n meneer of hy werk soek, dan antwoord hy ewe brutaal: „Wat? werk hier op die plaas? Ek gaan „toun” toe.” Hy koop sy kaartjie, klim op die trein en ry Johannesburg-toe.

„So was dit nie in my jong dae nie.”

„Hoe was dit toe?” vra sy gas belangstellend.

„Hoe dit toe was? Luister en ek sal jou ’n paar dinge verhaal:

„My oorlede vader het ’n groot plaas besit, met volop en goeie weiveld. Hy gee aan enige kaffers, wat verleë was, weiding vir ’n aantal beeste, maar dan moes hulle daarvoor kom werk. Dit het hulle dan ook gedoen, behalwe drie, wat skelmpies weggebly het.

• Toevallig ontmoet my vader Magata, die kaptein van daardie kaffers en hy vertel hom van die gebeurde. Drie dae daarna, wat dink jy, neef Paul, wat gebeur daar?

Daar staan die skuldiges elkeen met ’n groot uitsoek-os!

„Dis ons boete, Basiè! Die kaptein stuur ons.”

Op ’n ander keer was daar vier kaffers in my diens. As beloning het hulle begeer vir iedereen ’n vag hout vir struisboudoeleindes.

„Goed,” antwoord ek, „kap dan sommer vir julle kaptein ook een vag as ’n geskenk.”

Die kaffers hou hulle stip aan ons ooreënkom, behalwe twee wat ieder 'n ekstra vrag bysteel.

In die donker toe die waens verbykom, loop ek hulle voor en sê plotseling :

„Ry maar, Jonas! Vat maar die hout Platjie! Môre gaan ek die kaptein sien.”

Vir geen oomblik kon ek dink dat die uitwerking so groot sou wees nie. Op hartroerende wyse begin die skepsels pleit :

„Neem maar die hout en sê hoelank ons moet werk.”

Ek hou my egter hardvogtig en sê streng : „Ry maar, Magata moet uitspraak gee.”

„Asseblief Basie, straf ons, straf ons swaar, maar swyg tog teenoor die kaptein,” pleit hulle opnuut.

„Wat dink jy hiervan, neef Paul?

In daardie dae het die kapteins ons altyd voorsien van werkvolk.

Hier sit ek nou sonder 'n skepsel en die graan moet geoes word. Kaptein Josua kon my gister nie help nie. Verleë het hy geantwoord :

„Die volk reken my nie meer nie.”

Dit herinner my dat jare gelede ek na dieselfde Josua gegaan het vir snyers.

„Basie,” het hy met voldoening geantwoord, „ek stuur jou my span. Beloon hulle goed.”

Wat wil „my span” tekenne gee?

Vroeër het elke kaptein die gewoonte gehad om hulle seuns, wat later moes regeer, by witmense in die diens te sit. So het dit gebeur dat Josua lank jaarkalfertjie was en as hy nou praat van „my span,” dui dit aan die jong kaffers, met wie hy gewoon was om koring te sny.

Nou die „span” was dan ook onoortreflik en ek het hulle goed beloon.

So was die skepsels in my dae, maar teenswoordig!”

*M. Krüger.*

## 11. Ou Arie.

Iedere somer het ek op my oupa se plaas Waaihoek gaan kuier. My neef en ek was nooit moeg om te perd die berge in te ry en in die klowe en spelonke rond te klim nie, altyd met die gedagte dat ons iets geheim-sinnigs sou ontdek en altyd as ons laat huiستoe kom en my oupa staan by die voordeur, hoor ons die waar-skuwing: „Moenie so ver in die berge ronddwaal nie en pas op vir Geswint en sy rowerbende!”

Een mooi someroggend was ek vroeg op en ek sien my oupa staan en praat met ou Arie, die stokou Boesman, wat op Waaihoek woon met sy vrou, van ek kan onthou. Ou Arie is krom van ouderdom en lyk so snaaks, terwyl hy met sy klein blink ogies geduldig opkyk in my oupa se gesig.

„Nee, jou ou skelm,” sê oupa, „my geweer kry jy nie. Hoe weet ek of jy nie ’n plan het om na Geswint toe te gaan nie?”

Geswint was die leier van die rowerbende wat al jare in die berge rondswerf tot las en ergernis van al die skaapboere. Hulle het wel kommando’s opgekry om hom te agtervolg—en ’n paar maal was hy amper vasgekeer—maar tot nou toe het hy nog altyd vrygekom, ’n gevaar vir die hele distrik. Hy het al ’n hele bende by hom van skelm Boesmans wat weggeloop het van hulle base.

„Oubaas,” antwoord Arie, „ek sal nie by Geswint gaan nie, ek wil die bobbejaan ja, hulle vang die skape.”

„Nee,” antwoord my oupa met 'n glimlag, „die bobbejane wat die skape vang, loop altyd net op twee bene. Jy ken die soort!”

„Regtig Baas, die bobbejaan hy word nou baie parmantig, hulle vang die skaap, ek wil hom skiet.”

„Die geweer is amper so groot soos jyself,” sê my oupa met 'n glimlag, „en jy kan tog nie skiet nie!”

„Samblief Oubaas,” begin ou Arie weer, toe my ouma daarby kom en vra wat die oujong wil hê.

„Die ou bobbejaan wil 'n geweer hê om ander bobbejane te skiet,” sê my oupa met sy vrolike lag.

„Ag, gee hom tog maar daardie ouderwetse Westley Richards. Niemand gebruik hom tog en hy hang nog altyd op dieselfde plek in die voorhuis.”

„Sal ek dit maar gaan haal, Oupa?” vra ek ewe haastig.

„Oubaas, ek moet die bobbejane skrikmaak!” sê ou Arie in sy sagte, eentonige stem, „Hulle verskeur die skape.”

„Ja, dit is wonderlik. Vroeër het ons nooit van só iets gehoor nie, tot die bobbejane leer al allerhande nuwerwetse streke,” sê oupa. „Nou toe dan maar, gaan haal die ou geweer. Ek is te jammer om die goeie geweer te gee. Wie weet wat die ou skelm van plan is.”

Ek laat my oupa nie uitpraat nie maar hardloop huistoe en haal die swaar ou geweer af, gryp 'n paar patrone uit die laai en in 'n kits is ek weer daar buite. Ou Arie se gesig val in duisende klein fyn rimpeltjies van plesier. Hy steek sy klein maer hande uit en gryp die geweer uit my hande, asof hy bang was, dat my oupa hom sou besin en dit tog op die end nie gee nie.



Hy laat die patrone in die sak van sy verflenterde ou baadjie gly, terwyl hy half bewerig mompel:

„Die bobbejaan hy vang my skaap.”

’n Rukkie daarna kom my oom en vra verwonderd aan oupa: „Wat maak ou Arie met die geweer. Pa sal tog nie toelaat dat hy die geweer saamvat nie?”

„Ja, ja,” antwoord oupa, „die ou Boesman het so mooigepraat en hy het belowe om die geweer al aande terug te bring en op sy plek te hang.”

„Nou ja,” sê my oom vererg, „Pa kan dit doen, maar een van die dae sal Geswint nog een by sy rower-bende hê en dit een wat so goed weet, waar die skape wei en hom alle inligtings kan gee.”

Oupa lyk ’n bietjie ontevrede, maar ouma sê:

„Ou Arie sal nooit wegloop nie. Hy pas al die jare so getrou die skape op.”

„Ek vertrou nooit 'n Boesman nie, al het hy ook 'n paar honderd jaar getrou gebly. Die dag kom wat sy skelm streke uitkom.”

Iedere aand kom ou Arie die geweer ophang en bêre die patrone in die laai en iedere môre hang hy ewe hoogmoedig die swaar geweer om. Dat hy nooit 'n bobbejaan geskiet het nie, skyn hom nie te hinder nie.

Eendag gedurende die lang somervakansie toe ek weer op Waaihoek was, sit ek op die kraalmuur en kyk hoe hulle skape uitvang. Dit was skeertyd en daar was 'n gewoel en geraas, 'n geroep van volk na mekaar en 'n geblêr van skape. Dit was 'n snikwarm dag en my oom Bennie was al baie haastig en ongeduldig.

„Toe, toe!” roep hy. „Waar bly ou Arie met die skape, hy moes al lank hier gewees het met die tweede trop.”

Die volk roep en fluit en een of twee klim 'n end die bergrand op om vandaar te roep.

Hoër op kon 'n mens duidelik die skape sien wei, maar daar was nie 'n teken van ou Arie nie.

„Willem, vat 'n perd,” sê my oom, „en ry op en kyk. Hy lê seker agter 'n klip en slaap. Dit is so warm.”

Ek was in 'n kits op die ponie en ry die steil rand op en kyk orals rond agter bossies en klippe. Dit was so warm en dit was asof alles om my dans in die sonlig. Ek roep en fluit, maar al antwoord wat ek kry was hier en daar 'n skaap wat blêr of verder op die nare geskree van 'n bobbejaan. Ek keer so goed ek kon die skape aan huiстоe.

Die agtermiddag laat toe daar nog nie 'n teken van ou Arie was nie, stuur my oupa twee van die volk uit

om te soek. Na sononder kom hulle terug en vertel hoe hulle tevergeefs gesoek het en nie 'n spoor van ou Arie gekry het nie. Die volgende dag het my oom en ek weer te perd gaan soek, maar Arie het verdwyn asof die berg hom ingesluk het.

Oupa was 'n bietjie stiller as gewoonlik en antwoord nie, as my oom Bennie hom pla en sê:

„Nou sal ons moet oppas vir Geswint. Nou het hy 'n goeie agterryer. Vanaand is daar seker 'n groot dansparty in die berge en die vetste skape word geslag.”

Ou Arie se ou vrou kom iedere keer vra, as ons terugkom, maar antwoord altyd self:

„Arie sal kom. Hy het oubaas se geweer. Hy sal hom bring.”

Ek was jammer vir die arme ou meid, as ek haar so die berg sien opkyk met haar diepliggende blink ogies.

Eendag het my oupa 'n hele kommando van jong boere, wat ook al baie skade deur Geswint gely het, bymekaar gekry en hulle is almal op hulle klein sterk ponies die berge in. Ek het natuurlik nie agtergebly nie en ons het die hele dag in die berge rondgery en op plekke, waar ons nie met ons perde kon ry nie, het ons oor bossies en rotse geklouter, maar geen teken van die rower Geswint, nòg van ou Arie.

Eendag kom daar 'n man wat vertel dat hy naby 'n seker dorp, nie ver van Waaihoek nie, 'n ou Boesman met 'n geweer gesien het. Natuurlik was iedereen oortuig dat dit ou Arie was. My oupa het dit dadelik by die polisie aangemeld, maar die Boesman was nie meer te vinde nie.

'n Paar jaar het verbygegaan en een vakansie het ek 'n maat saamgeneem na Waaihoek, Ons was byna die hele dag in die berge. My ouma was nie alte gerus

nie en waarsku ons maar gedurig, om nie te ver te dwaal nie en ook nie so laat weg te bly nie.

„Ou Geswint en sy bende word iedere dag parmantiger,” sê sy. „Hulle het ’n paar weke gelede een van ons bure gewond, toe hy op hulle spoor was.”

„Ou Arie is seker noual baie vet van al die skape wat hulle hier kom vang,” sê oom Bennie. „Dit is vreeslik soos die skape in die laaste tyd wegraak!”

„En die arme ou meid?” vra ek. “Glo sy nog hy sal weer kom?”

„Die arme ou siel is dood,” antwoord my ouma, „maar sy het tot op die laaste gesê, hy sal oubaas se geweer terugbring. Dit was vir my altyd of sy meer bekommerd oor die geweer as oor ou Arie was.”

Ek was jammer om van die dood van die arme ou skepsel te hoor. Dit was naer om haar te sien, toe haar ou man verdwyn het, so geduldig onder die gespot en geskimp van die ander volk.

Eendag het my ouma weer vir ons vir die hele dag kos ingepak, want ons was van plan om nog verder te klim as gewoonlik. Ons was al baie hoog die berg in, toe my maat sê: „Dit is so warm, laat ons maar ’n bietjie agter daardie hoë rots gaan rus, dan kan ons, as dit koeler is, verder klim.” Toe ons naby dié steil gladde rots kom, gaan ek aan die een kant om na ’n mooi bossie te kyk en my maat was al uit die gesig, agter die rots, toe ek hom verskrik hoor roep:

„Willem, kom hier! Kom gou-gou hier!”

Ek hardloop so hard ek kan oor die los klippe en bossies en kom by my maat, waar hy verskrik staan en kyk na ’n geraamte van ’n mens nog half-bedek met ’n paar ou verflenterde stukkie klere en teen die rots aan geleun staan ’n ou verroeste geweer, die Westley Richards wat ou Arie gehad het.

„Dis die armé ou Arie!” sê ek. „Ek het altyd gedink dat hy die geweer nie gesteel het nie. Ek wonder hoe hy dood is. Dit lyk my, hy het hier kom rus. Miskien is hy in sy slaap dood. Arme ou Arie! En iedereen het hom verdink dat hy weggeloop het na Geswint toe.” Ek buk oor die geraante en sien tussen die ou lappe ’n ou verroeste sakmes en goed wat lyk na die patrone. Ons is toe dadelik huistoe, nadat ons eers ’n paar groot klippe op die rots gestapel het, want ’n mens verdwaal so maklik in die berge en die groot rotse lyk so eners.

Ons het hulp gekry en die volgende dag het ons die gebeente en die ou geweer die berg afgebring en hom by die ou meid begrawe. Dis die enigste een op die hele plaas wat hom nie gewantrou het nie en wat altyd gesê het : „Arie hy sal terugkom met oubaas se geweer,” al was sy nie daar om te sien op hoe ’n treurige wyse haar voorspelling sou uitkom nie.

Die storie het op ’n plaas naby Three Sisters gebeur in die distrik Moorreesburg in die Karo.

*S. Niemeyer.*

---

## 12. Môrerit.

Oor die knop, oor dié knop  
 In stywe galop,  
 Om te stórm na die liggende lug !  
 Om die son te sien rys  
 Oor bulte dou-grys,  
 En die wêreld 'n wyl te ontvlug.

En die môrewind fris,  
 Wat die dagheraut is,  
 Drink ek wyl my borsspiere swel.  
 En my lag klink wyd  
 Oor die heiligheid  
 Waar die liggies so saggies oor wel

En oor velde wat rus  
 Tot die son hul kuis,  
 Jaag ons voort, my vosperd en ek !  
 Die oosterkim bloos,  
 Asof die son boos  
 Die wolke verskeur wat hom dek.

Op die kop, op die kop,  
 Na 'n stywe galop,  
 Bly ek staar na die liggende lug !—  
 Die grote heelal  
 Beef vol druppels kristal,—  
 En die môre ontwaak met 'n sug.

*Uit : Lente-Stemme, J. R. L. van Bruggen.*

*Uitg. : J. L. van Schaik Beëh., Prêtoria.*

### 13. Die Spook.

Ons was almal doodmoeg. Dit was een van die warmste dae wat ons nog ooit beleef het, en die droë warm wind, wat voel of hy direk uit die woestyn kom, waai ons in die gesig. Dit was teen die einde van die oorlog en ons perde was baie maer en ons klere verflenter.

„Weet jy waarom dink ek nou?” sê my maat Frikkie Malherbe. „Oor ons ou groot vyeboom by die watervoer. Ons sit altyd daar in die skaduwee en vrugte eet.”

Woedend kyk ons na Frikkie. „Dit is nie goed om nou van te praat nie!” sê een van die agt of nege jongkêrels, wat meer of min bymekaar hou en die bynaam op kommando het van „die klonkies.”

„My tong sit vas van dors,” sê ’n ander een nors, „en dan praat jy van druiwe!”

„Ek het nooit van druiwe gepraat nie,” sê Frikkie ewe onnosel, „dit was vye!”

„Man, bly stil!” sê ek en maak of ek hom wil slaan. „As ’n mens net harde droë pap het om te eet en iedere haar op jou kop brand en die enigste skaduwee vir myle net die van jouself en jou perd is, dan is dit ’n pyniging om oor sulke dinge te praat.”

Ons ry sonder ’n woord verder. Die stof en die vlieë om ons en ons arme moë perde laat ons almal uit ons humeur voel. Dit was al laat agtermiddag, maar die hitte bly nog net so drukkend. Duidelik hoor ons, dat daar ’n stroompie water naby is en daar kom die boodskap om af te saal.

Dit was ’n gejaag om by die stroompie water te kom en iedereen voel verkwik en weer vol nuwe moed. Die arme diere lyk of hulle nooit sal genoeg kry nie.

Toe die son ondergaan, kom daar 'n heerlike, verfrissende koel windjie op en ons maak ons slaapplekke reg in die maanlig. Ons sal op die harde grond en droë gras lekkerder slaap as op 'n veerbed.

Soos altyd op kommando is iedere man se saal sy koptkussing. Dat dit na perdesweet en stof ruik hinder ons nie baie nie, ons verlang net om ons te kan neerlê op die grond en alles te vergeet in droomland.

Ek weet nie, hoelank ek al geslaap het nie, toe ek skielik wakker skrik. Dit was miskien al ure, maar as 'n mens so moeg is, dan lyk dit altyd of dit maar net 'n paar minute is. Dit was of iemand langsaam en versigtig my saal onder my kop uittrek—en dit val voor op my gesig. Ek sit regop en trek die saal reg en wou net weer aan die slaap raak, toe dieselfde ding gebeur. Ek sit weer op en kyk om my rond, maar daar was niks te sien nie. Hier en daar hoor ek een van die mense onduidelik in sy slaap mompel, anders was die vlakke doodstil. Ek sit so'n rukkies en rondkyk en opeens sien ek die saal van die maat wat langs my lê op dieselfde manier stadig oplig—'n bietjie hoër—nog 'n bietjie hoër en toe hy omtrent regop is, slaan dit op sy gesig om, net soos dit met myne gebeur het. Ek kry 'n snaakse kriebelrige gevoel in my hare. Ek word bang, ek bekken dit reguit—en sit as versteend na die saal en kyk.

„Man, moenie lol nie!” mompel my maat, „laat 'n mens tog met rus slaap!”

Hy rûk die saal om soos dit was en raak byna dadelik weer aan die slaap. Ek kan my oë nie van die plek afhoud nie. Daar is nie 'n wolkie in die lug nie en die maan skyn helder op die klompie slapende mense en hier en daar glinster 'n stiebeuel of die loop van 'n geweer in die strale. Ek voel ek word yskoud, toe ek die saal van die derde een sien oprys en stadig omslaan.

Ek kon dit nie meer uithou nie. Ek gee 'n soort angs-roep en dadelik was daar 'n hele paar helder wakker en gryp na hulle geweers.

Ek skaam my nou opeens. Noudat my maats wakker is, lyk dit meteens nie meer so spookagtig nie. Ek bly doodstil en hulle dink, dit is iemand wat in sy slaap geroep het. Na 'n rukkie is alles weer stil, en die mense, doodmoeg na die lang rit in die hitte, raak gou weer aan die slaap. Ek wou ook seker net weer insluimer, toe iemand naby my met 'n ongeduldige stem brom: „My saal is vanaand betower! Dit is nou die tweede keer, dat hy omislaan!”

Verskrik lig ek my kop op en kyk. Hy was net besig om sy saal weer reg te lê. Met 'n stem wat vir myself baie benoud klink sê ek:

„Niklaas, wat kan dit wees, my saal het ook twee keer omgekantel, toe Piet s'n daarlangs jou en nou jou. Man, hier kan 'n mens nie slaap nie!”

„Ag, man, dit is niks, miskien lê ons 'n bietjie skuins,” en na 'n paar minute hoor ek hom duidelik en rustig asemhaal, vas aan die slaap. Skuins! Ons lê op 'n gelykte soos 'n tafel!

Ek draai om en probeer die ding uit my gedagte kry. Alles is doodstil en ek sê vir myself dit was maar verbeelding. Miskien het ek gedroom.

Dit duur nie te lank nie of ek hoor 'n ongeduldige stem: „Wie trek aan my saal, man, laat 'n mens tog slaap!”

Ek lig weer my kop op en kyk oor die twee of drie maats, wat langs my lê en sien stadig die saal ophig, asof iemand dit versigtig van onderaf opstoot. Dit is oom Frans de Jager se beurt en ek roep na hom: „Oom Frans, wat is dit?”

Oom Frans sit regop, vryf sy oë en sit en kyk na sy saal wat hoër en hoër oprys en dan omslaan. Hy draai om en kruip 'n endjie op sy knieë vorentoe. „So'n ellendige skilpad!” sê hy ewe droog, „of hy nie 'n mens hier in die middel van die nag die saal onder jou kop uitvrotel nie!”

Ek haal weer asem, staan op en loop versigtig oor die slapende ry, en waarlik, daar lê 'n enorme skilpad, die grootste wat ek nog ooit gesien het. Hy lê doodstil tussen die bossies en wag seker net dat dit moet stil word, voor hy sy reis verder aanvaar. Hy was gedetermineerd om onder 'n saal deur te kom en toe hy op een plek verstoort word, het hy saggies verder gestap. Oom Frans het hom 'n bietjie verwilder en die volgende môre kry ons hom doodonskuldig onder 'n bossie lê. Ek het meer vir daardie skilpad geskrik, as ooit vir die vyand, want ek het gedink dit is iets waar ek nie mee kon veg nie.

*S. Niemeyer.*

---

#### **14. Die vraag wat pa nie wou beantwoord nie.**

As dit maanligaande is, moet die Boesmanlandse kindertjies vir hulle ouers en die ou skaapwagter help waghoe by die trop kleinvee. Anders trek die vee in die helder maanlig van die veewerf af en word spoedig deur jakkalse uit mekaar geja.

Ek en my broertjies en sustertjies moes ook so help waghoe. Dan sit ons in ma se ou asboskookskerm pie, om 'n ou helder vuurtjie, en loer kort-kort of die vee nog rustig lê en herkou.



Op 'n goeie aand het 'n oom van ons die tydjie wat ons moes waghou, net kort gemaak. Hy het by ons kom sit en regtig snaakse en soms baie moeilike ou raaiseltjies opgegee. Maar hy het ons darem ook nie toegelaat, om glad die vee te vergeet nie, want aljimmers sê hy : „Kyk eers na die trop.” As dit dan op die veewerf nog alles in orde is, kan ons weer nuwe raaiseltjies oplos.

Eindelik wou die oom ons net weer aan die vee herinner, toe die trop juis op dieselfde oomblik skielik opspring en met 'n gedruis na ons kant toe hardloop.

Soos die wind vlieg Vreesnie en Stuitnie, die twee dapper honde van pa, by die skermdeur uit.

Ons oom lag toe en sê ewe ongeërg: „Dis seker 'n verbrande jakkals, maar ek ken vir Vreesnie en Stuitnie; hulle sal weerskante van die trop omspring, onderkant die wind sy ruik uitsnuffel en dan.....”

Maar oom was nog nie klaar met praat nie, toe hoor ons al hoe die honde brul soos woedende leeus. „Daar het hulle hom,” roep ons almal uit en spring sommer oor die ou lae skermheininkie. Die een wou voor die ander by die geveg wees. Tot my twee sussies van agt en nege jaar, Petrusatjie en Jakobinatjie; hardloop saam.

Gou was ons by die plek, waar die honde toe sommer so in 'n dik stofwolk met iets geweldigs baklei. Ons buk en loer almal ewe ernstig maar kon glad niks in die verstikkende stof sien nie. „Kinders,” sê oom, „staan agteruit; dis nie 'n jakkals nie, want anders was hy al dood.”

Skaars het oom ons so gewaarsku of “tjank-tjank!” huil een van die honde en spring net vir 'n oomblik uit die stofwolk terug, maar storm nog gouer boos knorrende voorwaarts. „Vreesnie, Stuitnie, skep hom, vat hom, pak!” roep ons nou almal deurmekaar. Toe was dit 'n groot lawaai. Dit storm, gryp, byt, blaf, knor en tjank. En die stofwolk neem in grootte toe en maal soos 'n dwarrelwind.

Pa het in die tent geslaap, maar van die geraas wakker geword en kom nou met ons ou lantern aange-stap. „'n Mens sou sê, julle is nou 'n klomp leeus aan nek omdraai, volgens die gedoente,” spot pa. En nou ons vader self teenwoordig is, voel die sussies hulle baie veiliger en kom dus ook weer nader. Die honde het dan toe ook net begin ophou met raas en ons besluit,

dat die dier nou seker ook morsdood moet wees.

Die stof verdwyn ook gou. Oom en pa stap sommer vorentoe en lig met die lantern. Ons, kinders, volg ook baie nuskierig. En—ja, daar lê jou waarlik twee groot diere met pikswart pense en pragtige fyn grys rugge plat op die grond! „Wat is dit, wat is dit?” roep ons kleinspan verwonderd uit. „Ratels,” sê pa en stoot met sy voet teen die grootste een se kop.


Maar kyk, toe was dit 'n orasie! Wie kon dan ook dink, dat daar nog 'n greintjie lewe in die dier kon wees! Tog was dit so, want skaars het pa aan die ding se kop met sy voet getik, of „tjaps,” daar het hy pa se hakskeen beet! „Vat hom!” roep pa, en „Pas op! Pas op!” roep oom. Lam van skrik vlieg ons in alle rigtings.

Op hierdie oomblik kom ma met 'n stuk hout en sê: „Dis seker 'n ystervark, slaan hom oor sy snoet, dan is dit klaar met hom.” Sonder om te antwoord, gryp oom die hout, ja eers die honde weg en moker toe die ratel van pa se hakskeen af; die hak van pa se velskoën was glad afgeskeur, maar verder het pa darem heel daar afgekom.

Met behulp van die honde en die stuk kareehout het oom en pa darem toe kort gespeel met die wreed-aard. Sy maat was egter reeds al dood. Toe het ons hulle na die skerm gesleep en afgeslag. Hulle velle is dik en los aan hulle lyf en by die nek so styf en stram, dat 'n mes baie skerp moet wees. Daarom is hulle so vreeslik taai. 'n Hond kry nie sommer sy tande deur 'n ratelvel nie.

Die volgende môre, toe pa sy velskoën sit en lap, vra oom laggende: „Ou broër, het jy dan ook help leesus nek omdraai?” Maar pa wou glad nie die vraag beantwoord nie.

*E. de Roubaix.*



### 15. Die ou murasie.

Hier op die heuwel staan ek nou  
verlate en alleen,  
my sterk mure omgeval,  
verwoes deur wind en reën.

Net soos 'n wedu-moedertjie,  
berooft van man kind,  
wat in hul nagedagtenis  
alleen haar troos nog vind.

Die bome groei nou dig aaneen  
soos reuse rondom my,  
om jaar vir jaar almeer en meer  
hul takke uit te spreï,

Asof hul trag om hier en daar  
met arms wyd uitgestrek  
in medely en liefde, my  
ellende te bedek !

Daar was 'n tyd toe ek nog nie  
oorgroei was so met gras,  
verwaarloos hier, bouvallig, oud  
en so verlate was.

Die mense had nog nut van my  
en het my opgepas,  
toe ek die pronkstuk en die roem  
van ou Lemoenkloof was.

Ek hoor die trippel-trappies nog  
van kinders oor my vloer,  
ek sien hul krullekoppies om  
my hoekies op die loer

Of vader van sy werk afkom,  
Sy stoel word aangebring,  
en al die kleingoed sit nou op  
hul hurkies in 'n kring.

En dan begin dit te gesels;  
dis "Pappie" voor en na;  
die dogters wil lappoppies hê,  
die seuns 'n ossewa.

Vanaand as die ou doringboom  
 sy donker skaduwee  
 hieroor my deur se drempel werp,  
 dan word die sein gegee.

En een vir een kom hulle dan  
 stil om die tafel sit;  
 na ete word die Boek gevat,  
 daar word gelees, gebid.

Oor hul onskuldig' koppies hou  
 ek heelnag trou die wag,  
 tot goue wolkies in die Oos  
 voorspel 'n nuwe dag.

Hier staan ek, ou murasie, in  
 my swaare lot tevreë;  
 Ek het die beste wat ek had  
 in liefde afgegee.

Verkort.

*Theo. W. Jandrell.*

### 16. 'n Kommandomes.

'n Lang gefluit en die Rustenburgse trein gaan al stadiger tot hy stilstaan op 'n klein stasie agter Magaliesberg. Twee seuns, studente op vakansie, stap uit.

„Daar is pa se kar,” sê Jan Dawel vir sy maat du Plessis, wat saamgekom het om die vakansie by die Dawels op die plaas deur te bring. Hulle neem hulle handsakke en stap na die kar toe. Halfpad ontmoet hulle meneer Dawel, so'n vriendelike oom, dat du Plessis sommer op die plek van hom gehou het.

„Dis die seun, wat ek belooft het om saam te bring, Pa,” sê Jan.

„So!” sê meneer Dawel, terwyl hy die vreemde-ling se hand druk. „En is jy nie bang om in die besigé vrugtetyd te kom kuier as hande maar altyd skaars is nie?” Du Plessis lag.

„Ek is nie bang vir ’n bietjie werk nie, Oom.”

„Nou goed. Ons sal jou darem nie laat doodwerk nie en eet mag jy volop, hoor!”

Hulle is noual by die kar en meneer Dawel merk dat daar iets verkeerd is met een van die leisels. Hy haal ’n mes uit sy sak en begin ’n riempie sny om dit reg te maak.

„Watter snaakse mes het Oom daar?” vra du Plessis, wat met belangstelling kyk hoe oom werk.

„Wil jy hom van naby sien?”

Oom Sarel, wat net klaar het, sit die mes in die seun se hand. Nou merk hy eers dat in die dik hef ’n vurk en ’n lepeltjie ook nog lê. Jan wys vir hom hoe ’n mens dit uit mekaar haal en tot sy verbasing sien hy na ’n rukkietjie ’n los mes, ’n lepel en ’n vurk.

„Dis wonderlik, waar kry Oom die mes?”

Oom Sarel klim op die kar asof sy gedagte ver weg is en hy die vraag glad nie gehoor het nie.

„Pa kan gerus vir hom die storie van die mes vertel,” pleit Jan, wat op die agterste bankie gaan sit het. „Toe Pa, dis net ’n mooi tydkorting terwyl ons ry.”

Oom Sarel vat die leisels. Hulle het al ’n tien tree gery en die mes was weer diep in oom se sak gebêre voor hy vir die seun langs hom sê: „Jy vra waar ek hom kry? Ja, ek gebruik hom maar selde, want vir niks ter wêreld wil ek hom verloor nie. Dit was in ons groot oorlog, weet jy; in November van die jaar 1901 het ek hom gekry. ’n Vriend, wat swaar gewond

was, het dit vir my gegee vir 'n aandenking. Ek sal jou vertel hoe dit gekom het. Daardie tyd van die oorlog het ons op kommando al baie swaar gekry. As ons iets nodig het moes ons dit eenvoudig by die vyand gaan buitmaak en dit was nie altyd maklik nie. De Klerk, die vriend van wie ek die mes het, was saam met my onder kommandant Badenhorst. Ons was toe in Waterberg se distrik, maar ons patrollies het hier orals rondgery en ons was goed op hoogte van die vyand se bewegings.

Eendag ry 'n stuk of vyf van ons hier rond om te spioen. Jy sien die plaas daar bo teen die berg?" Oom wys met sy swepie na die plek. „Nou ja, toe ons die werf opry sien ons vier Engelse perde voor die deur staan. Die eienaars daarvan was doodgerus besig om in die tuin lemoene te pluk. Dit was die werk van 'n oomblikkie om hulle te laat hensop. Hulle wapens en perde het ons geneem en toe de Klerk een se sakke deursoek om te kyk of daar nie belangrike papiere was nie, kom hy op hierdie mes af. Die Engelsman gee dit nog vir hom present voor ons hulle te voet dorptoe stuur.

Jy moet weet daar was nou nie meer sprake van krygsgevangenes hou nie. Dit was teen die end van 1901, soos ek in die begin gesê het, dat ons perde baie skaars begin word het. Ons verkenners het uitgevind dat die Engelse op 'n buitepos van hulle 'n mooi klompie perde aanhou. Dit was naby Onderstepoort, daar waar die Laboratorium nou is. Kommandant Badenhorst vra toe vrywilligers om die perde te gaan vat, want dit was 'n gevaarlike stukkiewerk. Vyftien man bied hulle aan. De Klerk en ek was ook onder die klomp. Ons het so gery dat, toe dit mooi donker was, ons net agter die randjies kom, 'n end van Onderstepoort af. Die perde was op die plaas van 'n welgestelde boer. Die

mense was weg en die Engelse het besit geneem van die huis.

Ons kies vir de Klerk as ons aanvoerder. Hy is dapper en ken die plek goed. Omtrent elfuur die aand kom ons versigtig nader. Ons lei ons perde tot in 'n klein holte. Daar maak ons hulle vas en loop toe tot op die randjie. Versigtig kruip ons nog 'n endjie ander kant af.

„Wag julle hier, kêrels,” gebied de Klerk, „ek sal eers gaan spioen. Julle bly hier doodstil lê tot ek terug is.”

Hy kruip nader en verdwyn in die duisternis. Vir 'n rukkie is alles doodstil. Ons besef goed wat ons gaan waag, maar ons het die volste vertroue in ons leier wat op die gevaarlikste plekke altyd die voorste was. Ons wag. Waar die liggie te sien is, weet ons, staan die woonhuis en 'n klein endjie daarvandaan 'n lang gebou, wat gedeeltelik stal is. Net kort daaragter is die vee-kraal.

Daar hoor ons opeens skree: “Halt! Who goes there?”

Ons vat ons gewears reg, kant en klaar om op te spring en te storm as ons maat moet verdedig word. In die grootste spanning luister ons. Maar net 'n paar sekondes toe hoor ons praat en merk gou dat daar by die huis 'n paar perderuiters, Engelse natuurlik, aankom. Dit is die wag wat geroep het, toe hy hulle hoor aankom. Nou is ons weer gerus en kort daarna kom de Klerk dan ook weer veilig by ons uit. Fluisterend vertel hy dat hy tot agter die kraal gekruip het. Die Engelse is in die huis, maar hulle wag loop gedurig langsaam heen en weer van die huis af tot voor die staldeur.

„Daardie een sal ons moet vang sonder dat die ander iets merk,” sê hy. „As hy naby kom, wees dan

gou en ontwapen hom voor hy kans het om alarm te maak. Onthou, niemand mag skiet nie, want dan is dit klaar met ons!"

Dan gee hy sy orders verder af. By elke hoek van die kraal moet een staan om te waarsku as die vyand kom. Twee van ons kan dan die stal ingaan en die perde lossny, terwyl twee ander hulle by die deur aanneem. Die orige kêrels moet klaar wees om te skiet as dit nodig word. Nou, alles gaan in die begin goed. Ons kruip nader, neem posisie in, en 'n stuk of vier perde is al uit die stal. Dan, ja wat eintlik gebeur het, weet niemand reg nie, hoor ons 'n skoot hier by ons. Een van ons kêrels het die wag doodgeskiet. En dit is ook geen vyf minute later nie of die koeëls reën op ons uit die huis. Ons val plat langs die stal om ons vriende kans te gee om die perde uit te haal. Maar die goed is nou so verskrik, dat ons niks meer met hulle kan uitvoer nie. Tussen die gekraak van die geweers deur hoor jy net perdepote klap soos die diere wat losbreek en hand uitruk na alle kante wegspring. Eers kry twee van ons ligte wonde. De Klerk staan op een knie en skief. Daar kry hy deur die ander knie 'n koeël wat die boonste part van sy been verbrysel. Nou moet ons padgee. Die een wat naaste is kry de Klerk sommer aan sy arm beet en sleep hom tot agter die kraalmuur.

„Sal 'n paar van ons nie agterbly en aanhou met skiet tot julle eers 'n end weg is met die gewondes nie?" vra ek. Hulle vind die plan goed. Ek gaan weer lê en skiet so nou en dan my geweer af. Na elke skoot rol ek 'n paar maal om sodat hulle nie uitvind waar ek is nie. Eindelik spring ons ook op en hardloop. Toe ons by de Klerk kom dra vier man hom op twee geweers, terwyl 'n ander een sy been vashou. Die pyn moet vreeslik wees want hy kerm gedurig en hou aan ons

moet hom maar doodskiet. Ek neem toe sy been en probeer om dit so stil moontlik te hou. Hy word dan ook rustiger en na ons sowat 'n halfmyl geloop het, is ons by die perde. Daar het ons hom op 'n kombes gesit en stadig sukkel ons maar weer aan vir omtrent twee myl.

„Ek sal daardie nag nooit vergeet nie. Hy wou nie graag dat iemand anders my plek inneem nie. En jy kan begryp dit was moeilik. 'n Mens moes altyd halfgebukkend loop agter die draers aan. Toe ons by 'n paar kafferhuisies kom, wou de Klerk hê ons moet hom maar daar laat bly en 'n kaffer dorptoe stuur om te laat weet, die Engelse moet hom kom haal. By dié tyd het ons ook al gesien dat dit nooit sou gaan om hom by ons te hou nie. So goed as ons kon, maak ons vir hom 'n bed op die vloer in een van die huisies. Meer kon ons nie doen nie. „

Net voor ons weg is, steek hy sy hand in sy sak en gee vir my 'n klomp briewe en papiere om deur te kyk en te vernietig. Toe ek dit neem merk ek, dat hy die mes ook in sy hand het. Hy kyk net 'n slag daarna en sê: „Neem dit maar vir jou, ou maat. Ek sal dit tog nie meer nodig hê nie.” Sonder 'n woord vat ek dit en steek dit in my sak. Kort daarna groet ons en is ons op pad terug na ons kommandant.

Die mes het die oorlog verder met my deurgemaak en daar is nog baie ander herinneringe aan verbonde.”

Oom bly stil en piets die perde wat die laaste ruk op hulle dooie gemak aangestap het.

„Maar die vriend van Oom, is hy toe dood?”

„Nee, wonderlik, hy het weer gesond geword. Ons twee het mekaar 'n paar jaar later weer ontmoet. Maar kyk, hier is ons nou by die huis.”

*Hettie Cillie,*

## 17. 'n Piekniek in Bainskloof.

„Dit was 'n heerlike fris someroggend of byna nog somernag, want die pragtige groot oggendster glinster helder in die Ooste. Iedereen in die Retiefs se huis was al lank aangeklee en buite. Hulle was klaar om vir 'n piekniek na die fraai Bainskloof te gaan en die trollie staan al klaar opgepak voor die tuinhek.

Dit was 'n vrolike geroep van jong stemme, en tussen in die stem van tant Lenie Retief, wat haastig roep na iemand om een of ander nodige ding te bring, wat byna vergeet gebly het. Dit was 'n groot familie om te versorg vir die dag, want buiten haar eie gesin van twee seuns en drie dogters, was daar nog die twee dogters en 'n seun van haar suster, wat al baie jare in die Oranje-Vrystaat woon. Die kinders was in Wellington op skool en by haar in die huis. Dan was daar nog 'n hele paar vriende en vriendinne, kinder's uit die dorp.

Eindelik was alles klaar en iedereen het 'n plek op die trollie.

„Dit spyt my dat jy nie ook saamkom nie,” sê tant Lenie vir haar man. „Ek voel nie heeltemal gerus met die jongspan nie!”

„Maar jy het mos noual 'n groot seun,” sê oom Frans, „en hy moet die klomp in orde hou!”

„Ja Pa,” sê Japie, 'n groot seun van sewentien jaar, „ek sal hulle oppas en in orde hou, maar dan moet hulle vir my luister.”

„Natuurlik,” antwoord oom Frans. „Kyk, kinders, ek hou Japie verantwoordelik vir julle. Julle moet beloof om na hom te luister en nie op gevaarlike plekke rond te klouter of ver uit mekaar rond te dwaal nie, want dan is tant Lenie ongerus en dit bederf dan die hele dag vir haar.”

Die kinders roep almal uit, hulle belowe om te luister.

Outa Doors swaai met sy lang sweep en die flukse muile draf vinnig weg met die swaargelaaide trollie, terwyl die vrolike gejuig en gesing van die klomp kinders deur die strate van die slapende dorp weerklink.

„Dis tog maar lekker om jonk en sorgeloos te wees,” sê oom Frans vir homself met ’n glimlag, terwyl hy die trollie met die vrolike vraag nakyk en wat nou verlig is deur die eerste sonstrale. „Nou ja, ons het almal ons beurt gehad. Ek hoop maar hulle kom almal vanaand veilig terug.”

Onder ’n gedurige gesing en gepraat het die pick-niekgeselskap die berg bereik en uitgespan. Hulle moes al die goed dra na die plek wat hulle wou inrig as eetsaal vir die dag. Hulle was die vinnig lopende klein Bergriviertjie deur en die kinders van die binneland kyk met verbasing na die luidrugtige riviertjie, wat tussen groot rotse deur verder stroom.

„Dis nie ’n rivier nie,” sê een van die meisies, „dit is maar ’n spruit, is dit nie?”

„Ja, nou op die oomblik is dit miskien soos ’n spruit,” antwoord Japie, „na die lang droogte wat ons gehad het, maar ek wens jy kon dit sien ná ’n harde reën. Dan sou jy dit nie ’n spruit noem nie.”

•Die klomp kinders het ook nie veel laat oorbly van die heerlike brekfis, wat tant Lenie met behulp van die twee oudste meisies uitgesprei het nie, maar hulle was nou almal baie haastig om die ontdekkingsreise te begin.

„Onthou nou,” roep tant Lenie ’n paar seuns agterna, „om twaalfuur moet almal hier bymekaar wees! Die wat laat kom, kry nie kos nie!”

„O, ons sal sorg dat ons terug is,” roep hulle en hulle klouter teen die berg op soos 'n klomp bokke.

Dit was 'n heerlike, warm dag, sonnig en helder, iets buitengewoons vir 'n winterdag in die Kolonie.

Tant Lenie en die meisies het alles netjies weggesit en in die sorg van Doors se ou vrou gelaat en hulle gaan toe na 'n pragtige kloof, waar hulle wis dat die mooiste varings te kry is, iedereen met 'n mandjie aan die arm.

So het die oggendure verbygevlieg en dit was al naby twaalfuur, toe Japie sy ma kom soek en met 'n ernstige gesig sê: „Ma, dit lyk my daar kom 'n groot reën aan. Ons sal die kinders moet bymekaar roep en huis toe gaan.”

„Ag nee!” roep die meisies uit, „dit kan nooit wees nie. Dit is so lekker warm en kyk hoe helder skyn die son!”

„Ja, hier in die kloof is dit lekker, maar ek is seker dit gaan reënt en Ma weet wat dit beteken, as ons deuskant die rivier gevang word!”

„Dit is waar,” sê tant Lenie angstig, „ons moet dadelik wegkom. Roep die kinders bymekaar!”

Hulle haas hulle toe die berg af met hulle mandjies fraai varings en blomme. Japie loop nog 'n end die berg op om na die ander te roep.

Hulle was skaars by die trollie toe 'n koue sterk bui begin te val. 'n Yskoue wind kom op. Die meisies en tant Lenie pak alles in so goed hulle kon, maar was verplig om skuiling te soek, want dit reën harder en harder.

Japie het hom hees geroep na die paar seuns, wat baie hoog die berg opgeklim het. Gelukkig het die meeste seuns hulle belofte onthou om om twaalfuur bymekaar te kom.



Japie was angstig. Hy ken die verraderlike rivier en weet dat as dit aanhou reën, dit in 'n paar uur onmoontlik sal wees om deur te gaan. Hy draai weer terug. Hy het nou sy planne klaar. Die trollie met die meisies en kinders, wat daar is, moet deur voor die water afkom en hy sal dan weer terugkom om die ander klomp op een of ander manier deur te help. Tant Lenie wou eers nie daarvan hoor nie.

„Ma,” sê Japie ernstig, „wat help dit om almal hier in die koue en reën te hou? Julle moet dadelik ry. Iedere oomblik word die gevaar om glad nie deur die rivier te kom nie groter.” Ry tot by oom Pierre le Roux se plaas, dat julle onder dak kom en stuur dan vir ons die trollie terug.”

Tant Lenie moet insien dat dit die beste plan is, want die rivier rys met 'n verbasende snelheid en die geruis oor die rotse is noual skrikwekkend.

„O Japie, ek kan jou nie alleen hier laat nie. Hoe sal julle deur die rivier kom?”

„Ons kan almal swem en as die seuns net gou kom, kan ons nog maklik deur. Ry nou tog net gou!”

Angstig kyk hy die trollie agterna, maar ou Doors ken sy muile en veilig draf hulle die ander kant uit. Japie sit 'n stuk tou neer wat hy van die trollie geneem het, en loop weer die berg op en roep so hard hy kon en die eggo klink spottend terug, so lyk dit tenminste vir hom.

„Ag, as die seuns tog net wil kom, voor die water te sterk word. Anders moet ons hier vergaan van kou in die nag in ons nat klere. Die wind waai nou soos ys die kloof op.”

Hy roep weer en weer. Eindelik tot sy grootste vreugde hoor hy van veraf 'n stem wat antwoord.

„Kom af,” skree hy weer en klouter uitasem en moeg nog hoër. Die koue reën slaan in sy gesig en die wind hou hom teë. Maar hy het net een gedagte en dit is om die seuns in so'n kort tyd moontlik onder te kry en deur die rivier. Tant Lenie sal wel sorg dat hulle dadelik gehaal word.

Toe hy by die seuns kom, was daar nie tyd vir praat nie. Hy sê net: „Kom so vinnig as julle kan die berg af. Die rivier word iedere minuut voller.”

Die kinders is stil en dit is duidelik te sien dat hulle besef wat voor hulle is. Japie bind hulle almal styf vas met die dik tou, hy vooraan en sê toe:

„Kyk, ek ken die rivier goed. Moet nou nie bang wees nie. Klou met al julle mag aan die klippe vas, dat julle nie afspoel nie. Dit is nog gelukkig nie te diep nie.”

Sy kalm, maar ernstige manier gee hulle moed en versigtig en sonder 'n woord loop hulle die yskoue water in, wat met 'n vreeslike geraas oor die rotse en klippe ja. Japie, vooraan, gee nou en dan 'n kort bevel. Nou 'n bietjie links! Nou regs! Hou nou goed vas!

Eindelik was hulle deur, papnat en bibberend van die koue.

„Net die ergste water uit ons klere draai,” sê Japie „en dan nie 'n minuut versuim nie. As ons aan die loop bly, dan het ons minder kans om koue te vat.”

Hulle was maar 'n kort rukkie op pad, alhoewel dit vir hulle soos ure en ure gelyk het, toe oom Pierre se groot kapkar aankom, volgepak met jasse. En hulle was ook net almal veilig in die huis by die ander, toe die sonnetjie weer uitkom. Hulle was toe gou op pad huis toe. Almal voel dankbaar dat dit so goed afgeloop het. Oom Frans het hulle al by die plaas ontmoet en

later vertel hy hulle, wat Japie en die ander kinders nog goed kon onthou, hoe 'n paar jaar terug drie dapper jong mans en 'n jong meisie in die rivier verdrink het. Hulle het daar piekniek gehou en die rivier het ook skielik afgekom.

Die paar seuns wat nie hulle belofte gehou het nie, het baie skuldig gevoel, maar almal was so bly dat dit alles so goed afgeloop het, dat niemand hulle iets verwytt het nie.

*S. Niemeyer.*

### 18. Benoude oomblikke.

Ek sal dit nooit vergeet nie. Ons het op Renosterkop, langs Grootrivier, gestaan. Dit was bitter droog en ons was verplig om ons bokke na die ou groot eiland in die rivier oor te bring. Daar was darem tog nog kameeldoringpeule en hakiesdoringblare vir die maer diere.

Ek was toe al veertien jaar en ma het al vir my die eerste langpyp-broek gemaak. Ek was net trots daarop en het net grootman gevoel. My eerste dagtaak was om elke môre, voor dag en dou, met 'n ou groot blik-emmer na die eiland te stap om die bokke te melk.

Ek moes 'n hele end langs die rivier op loop om by die drif te kom. Tussen ons huis en die drif was twee ruwe klipkoppies. In 'n nou poortjie, tussen die koppies, was 'n klomp Boesmangrafte. En my voetpad het ongelukkig dwarsdeur hierdie ou regop grafte gelei! Net soos ek daar kom, het my hare altyd so hoog onder my ou paprand-hoedjie opgerys. Dit was my moeilikheid.

Op 'n goeie môre was ek weer op pad, eiland-toe. Gelukkig was dit hierdie môre darem helder maanlig.

Ek kon dus goed sien om uit die gebaande voetpad uit te draai en wyd om die grafte, sommerso hoog teen die helling van die een klipkoppie, te loop. Maar wat, ek was nog glad nie eers regoor die grafte nie, toe gewaar ek al reg voor my iets wat my sommerso yskoud laat word! Sulke groot swart knikkers van gedaantes sit reg voor my op 'n paar hoë ysterklippe, en ek kon goed sien hoe hulle hulle koppe vorentoe ruk om my te behoer!

Ek was gans te bang om om te spring en terug te hardloop, want dan sal die swart gedaantes my natuurlik vang, en om vorentoe te gaan was glad uit die kwesie. Ek sal dus maar teën wil en dank na die voetpad se kan toe moet afsak, al is dit dan ook nader na die ou grafte. Miskien is dit daar darem veiliger. Kastig heel ongeërg maar stadig en baie versigtig, probeer ek toe om skuins af op die grafte te hou.

Spiedig was ek naby die grafte, maar was verstom van skrik en ontsteltenis, toe ek ook hier dieselfde swart, spookagtige gestaltes bo-op die grafte sien rondskuiwe! Was ek nie so beangs nie, dan sou ek net daar en dan omgespring en soos die wind vir my lewe gehardloop het. Maar 'n vreeslike nare gevoel dat, net sodra ek my rug na die swart spoke keer, hulle my vanagter sal gryp—het my glad oormeester, Ek was dus magteloos en kon nie eers vlug nie!

Besluiteloos staan ek toe as aan die grond genaai. En hoelank ek so gestaan het is moeilik om te sê. Eindelikelik begin ek darem weer dink: „As dit tog nou maar gou wil dag word. Sal ek nie 'n gebed doen nie? Of sal ek die veld aan die brand steek, of met my vuiste op die ou blikemmer trommel? Wat sal pa en ma se, as hulle my lyk hier kom kry?” Sulke en baie ander gedagtes vlieg deur my kop. My hart slaan soos 'n


hamer. Wag, dink ek, ek sal nog 'n plan maak. Ek sal soetjies plat op die grond sak, die ou blikemmer oor my kop trek, om niks te sien nie, en dan Psalm 23, wat ek glad uit my kop ken, opsê. Dit sal my moed gee en miskien die duiwels uit my pad wegjaag.

Maar toe ek by die 3de versie van die Psalm kom, was ek al sò benoud, dat ek die emmer van my kop afruk en vervaard rondloer, om seker te wees dat g'n afskuwelike spook my reeds beet wil pak nie. Vir die oomblik was ek egter nog veilig, maar tog bemerk ek dat die swart gedaantes so'n bietjie nader na my toe gekom het. Een van hulle sit al gevaarlik naby my op 'n groot plat klip. „Ja,” dink ek, „pa het vertel dat die ou Boesmanlandse Voortrekkers hier 'n klomp Boesmans doodgeskiet het oor hulle stelery en moordery.” En nou was ek ook seker, dat daardie swart goed, die bose geeste van wraaksugtige Boesmans moet wees, wat nou hulle haat op my wil koel.

Trane begin oor my wange te rol. Ek kyk verbouereerd rond. Wat nou gedaan?...Daar opeens gaan een van die gruwelike spoke dwars op 'n klipbank staan en ....„Bôgem, bôgem!” skree hy dat dit so klink, en, „My vadertjie!” roep ek verwonderd uit, „dis al die tyd bobbejane!” Verblyd en opgewonde spring ek sommer vorentoe en laat dreun met my vuiste op die ou blikemmer asof dit kanonskote was. En.....daar slaan die spul verbrande bobbejane op die vlug! Orals wemel dit van kleintjies en grotes! O, ek was tog toe te bly en stap sommer met die voetpad ewe manhaftig dwars deur die ou grafte.

Maar ek sal darem nooit daardie benoude oomblikke vergeet,nie, nee.....nòdit.

*E. de Roubaix.*



## 19. Die prospektor.

Nou loop 'n looper oor die Rand,  
 wat rooi is in sy aangesig;  
 hy sien niks van die mooie land,  
 maar hou sy oog omlaag gerig.

'n Kaffer sukkel agter hom  
 en dra 'n alte sware pak:  
 'n vysel, stamper, swarte kom  
 met goeters in 'n goingsak ...

Hoor ! dis g'n voorosklok gewis,  
 wat lui op d' anders stille Rand !  
 Die klankgeluid is anders, dis  
 die stamper op die vyselkant.

Bo stugge rots—nog nooit getref  
 dan deur die slag van donderweer—  
 word nou die hamer opgehef  
 en mokerslag daal dreunend neer.

Die rots word gruis; die gruis word stof  
 die wasbak spoel dit om en om,  
 die delwersoog speur rust'loos of  
 die goud—en ysterstrepie kom.

Daar is dit ! en hoe bly is hy !  
 Die goudaar is oplaas geraak...  
 Die kaffer sien 'n os wat wei  
 en dink; „Hoe lekker sal hy smaak.”

Die rots word nog 'n keer gestamp;.....  
 en in die spoelkom omgewas.  
 Die delwer gaan dan na sy kamp,.....  
 en die kaffer hurk daar by sy las.

*Uit : Trekkerswee : Verse van Totius.*

*Uitg. : A. H. Koomans Bepk., Potchefstroom.*

---

## 20. 'n Skipbreuk op die Natalse kus in die jaar 1889.

Dis Sondagmôre. Die son glinster op die see. Voor ons lê haelwit die strand van Durban, van Itkwini soos die kaffers hom noem. Agter die duine, wat nie ver van die see verwyder is nie, sien ons die dakke van die stad. En oor alles heen, soos 'n groen boog, verhef die begroeide bergruggens hul, wat tallose woonhuisies dra: wit stippels vir ons oog.

Daar waai 'n stewige bries, so sterk, dat ek keer op keer met my stoel en al op die dek deur die wind verplaas word. Voor op die dek sit 'n klompie matrose en speel op 'n harmonika. Om hul heen het die gekleurde deel van die bemanning hul gegroepeer, wat met oop monde aandagtig luister na die eentonige, somber deuntjie, wat die instrument maak. Niemand voer iets uit nie. En geen wonder nie! Want reeds 'n paar dae lank lê ons in dié vol see aan die kus voor Durban geanker. Ons het van Lourenco Marques gekom, waar die pokkies heers. Dertig uur na ons vertrek vandaar lê ons al hier en hys die geel vlag om aan te kondig, dat ons van 'n besmette plek kom. Vanaf die vuurtoring beantwoord hul ons sinjaal en spoedig kom daar 'n bootjie na ons toe. Ons het ons toe reeds klaargemaak om daarmee aan land te gaan, maar ons kon die gesondheidsbeampte nie beweeg om ons saam te neem nie. Hy hou aan dat ons onder kwarantyn moet bly lê en hy wil ons nie toelaat om te land nie, voor dit een-en-twintig dae sal gelêde wees, dat ons Lourenco Marques verlaat het. Toe seil ons na Madagaskar; maar ons proviand raak op en ook die water. Ons draai weer om na Durban toe en sein met die vlag om in die hawe binnege laat te word. Sonder gevolg!

En nou was aan boord armoede die baas. Sout-  
 vleis en beskuit het ons nog genoeg. 'Maar hoe goed  
 die voedsel ook mag wees, aan die kus van Afrika wek  
 dit weersin, as daar nie afwisseling is nie en veral as  
 'n mens lydende is aan die kuskoorssiekte. Die soet-  
 water was so verminder, dat dit net kon gebruik word  
 om te kook en om te drink. Alleen die skrywer as  
 verteenwoordiger van die maatskappy aan wie die boot  
 toebehoort, kry elke dag 'n klein blikkie vol water om  
 hom te was. Naderhand doen dit by die bemanning  
 dieselfde diens sonder dat die water ververs word. Om  
 linne of kooigoed te was was buite die kwessie. Ons  
 tafeldoek lyk soos 'n vadoek. Die bedlakens moes as  
 onbruikbaar verwyder word, sodat ons in ons klein  
 kooie net op die kaal matras lê en slaap. Die koors-  
 siekte wat maandelank geduur het, het my so verslap,  
 dat ek my kooi selde kon verlaat. Weens gebrek aan  
 komberse het hul my toegedek met die vloerkleed uit die  
 kajuit, wat, al lank in gebruik en nooit skoongemaak  
 nie, minder geskik was om my die gebrek aan voldoende  
 waswater te laat vergeet. Bo my kop in die kooi  
 lê daar die groot aantal seekaarte van die skip opgerol  
 en daarin bevind hom die grootste plaag van al die plae  
 wat die skip my oplewer: 'n ontelbare klomp kakker-  
 lakke. Dis nie net alleen dat hul die kooi met hul  
 walglike reuk verpes nie, maar hul parmantigheid ken  
 geen grense nie. Vrolik knaag hul aan my naels en  
 kuier oor my gesig, ja in my mond! Onuitroeibaar is  
 hul en nie te ontmoedig nie, die goggas! Want hoe  
 baie ek ook vernietig, telkens kom daar nuwe troppe  
 om die plek van die dooies in te neem.

Die matrose was ook net ontevrede en maak dit vir  
 die kaptein op alle moontlike maniere net lastig. Hier-  
 die voorbeeld word gevolg deur 'n paar mense, wat ons

uit medelyde as passasiers saamgeneem het. Hul kla oor die voedsel en die ontsettende verveling. Geen wonder nie! Drie weke het ons daar al gelê en wag voor die poorte van die land van belofte!

So sit dan elkeen op daardie Sondagmôre en peins oor die genietings wat hy, eenmaal aan wal gekom, hom die eerste sou verskaf. Op elkeen se gesig staan ontevredenheid te lees, party slaap so half. Die skip dans voortdurend op die golwe. Telkens druk hul die skip hoog die lug in, sodat die vaartuig amper op sy kop staan. Ons lê in die blou see soos in 'n ring van room, so skuim die water.

Plotseling voel ons 'n skok, wat baie van ons laat omtuimel. Die skip tril; asof hy van angs beef: 'n ankerketting het gebreek. Almal hardloop na die boeg toe en binne 'n paar minute het ons die reserwe-anker uitgegooi. Maar nouliks is dit klaar, of die tweede ankerketting breek af.

Die kaptein mompel: „Die skip is na die haaie!”

Tog dink ons vir 'n oomblik dat die reserwe-anker ons sal hup. Maar nee! Met angs moet ons bemerk, dat die skip die anker saamsleep en dat ons die strand nader. Die anker moet daarom losgekap word. Ons doen ons bes, maar die ketting blyk te sterk te wees. Ons lê met stuurboordsy ewewydig aan die kuslyn en, as dit so bly, sal die skip omslaan, netnou, as ons by die strand op die bodem sal stamp. Dit mag nie. Ons probeer seile bysit; maar die wind wat ons nodig het, om die boeg te draai, en ons weer in die volle see te bring, skyn ons nie te wil pak nie, tenminste ons nader die strand, wat reeds vol mense staan, al meer en meer. Ook die anker wat ons nog vashou, hinder ons in ons bewegings en is tog nie sterk genoeg om ons te laat stillê nie. Anker en wind saam is nie bestand

teen die krag van die vloed nie. Nog is die seile nie vir die helfte uitgesit nie en as ons die skip nog vir vyf minute so sy gang laat gaan, sal dit oor stuurboordsy kantel. Na 'n oomblik van beraad tussen die kaptein en my, word die roer omgegooi, en die skip neem met al die seile wat hy nou op het, en met die Hollandse vlag aan die gaffel, die gevreesde geelvlag in top, statig en fier koers na die strand.

Dit is innig pynlik vir die kaptein en my, die sekerheid, waarmee ons nou elke oomblik die ondergang van die skip tegemoet sien.. Hy het my soos 'n trou perd langs die hele ooskus gevoer, en in tye van siekte of neerslagtigheid, wanneer ek my op die wal bevind het, was die gesig van sy vlag, in die verte, vir my altoos 'n opwekking gewees en 'n teken, wat my verbind het met veel liefs aan die vaderland. Die kaptein was bewoë; ek ook!

Spoedig het die passasiers en die bemanning hulle op die kampanje versamel. Party het hul swempakkies aangetrek en almal dra 'n kissie of pakkie wat hul by voorkeur wou red. Ons passasiers vervolg ons met verwyte.

'n Verskriklike stamp! Nog een en nog een! Ons het oor die eerste riwwe geskuif.

Die water stroom oor die dek en in de kajuit in. Al die vensters is stukkend geslaan. Ek daal af in die kajuit om nog 'n klompie papiere te gaan haal en juis word die vloer met 'n donderende geraas oopgeskeur. Die skip splits uit mekaar. Haastig klim ek na boontoe en kry die bemanning besig om die maste af te kap. Weer stamp die skip met groot geweld, asof die wêreld vergaan en elke oomblik verwag ons om die vaartuig te sien uit mekaar slaan. Gelukkig kom daar 'n lyn wat ons met die strand verbind. Langs hierdie lyn verlaat eers

die passasiers en die bemanning en dan die kaptein en ek die skip en bereik in die begin aan ons hande hangende en dan deur die see wadende, die strand van Durban.

Dit krioel daar van mense aan die strand. So'n skipbreuk by mooi weer bring 'n bietjie afwisseling in die eentonige lewe van Durban en dit was 'n nie alte onaangename Sondagsvermaak nie.

*Uit : Reisherinneringe van  
Dr. Hendrik P. N. Muller,*

## 21. 'n Dapper meisie.

Dit was 'n snikheet middag en 'n paar mans en drie jong seuns lê in die koelte van 'n groot doringboom aan die wal van die Limpoporivier.

„Dit moet hier in die somer onuithoubaar wees,” sê een van die ouer mans, „as dit nou in die middel van die winter so warm kan word.”

„Ja, maar ons het ver gery, Oom,” sê een van die seuns, „en dit maak 'n mens altyd warm.”

„Ek gaan net wag, tot ek 'n bietjie afgekoel het, dan gaan ek swem,” sê die een seun, wat langs die rivier se wal rondgeeloop het.

„O nee, dit sal ek nie toelaat nie,” sê die oudste van die mans, „want dit sal die laaste keer wees, wat jy sal swem. Die rivier is vol krokodille. Hier is duisende in die water.”

„Ek sal dan maar net aan die kant ingaan en baai, want ek is so warm.”

„Wel, hoe verleidelik die water ook al is,” antwoord die oom, „sou ek dit nie waag nie. Hier is enorme ou krokodille, wat met eer swaai van die stert 'n

groot man van die wal kan inslaan en dan is dit klaar met hom."

Die seuns kyk na hom met 'n uitdrukking van ongelowigheid. So erg sal dit tog nie wees nie. Hulle kom van die hoëveld, van 'n plaas aan die Vaalrivier, en het nog nooit in hulle lewe 'n krokodil gesien nie en hulle was gewoond om byna dag vir dag in die Vaalrivier te swem.

„Ja," sê een van die ander ooms, „ek kan sien julle dink oor julle hoëveld se riviere, maar die laeveld is 'n ander plek."

„Ek is darem nie bang vir 'n krokodil, as ek nog veilig op die wal is nie. Kom ons gaan 'n bietjie kyk of ons nie een kan skiet nie," sê Frikkie Beyers, die grootste seun.

Die seuns vat hulle gewere en stap langs die breë rivier op. Die ouer mans bly in die skaduwee van die mooi ou boom rook en vertel aan mekaar hul jagervaringe. Hulle wou nog die aand ry tot by die plaas van 'n ou vriend wat hulle genooi het om te kom skiet, maar hulle was moeg van die lang rit in die warm son en niemand het lus om te roer nie.

\* Die modder aan die kant van die rivier was hard gebak deur die son en hier en daar lê 'n ou stomp hout, wat in die somer met die groot reëns afgespoel het. Die seuns het 'n endjie langs die rivier opgehoop, toe Frikkie Beyers, die een wat vooraan loop, 'n vreeslike skree gee en agteroor teen sy maat val en tegelykertyd was daar 'n geluid, meer soos van 'n groot stoommasjien wat net begin te loop, as iets anders en die verskrikte seuns sien 'n enorme krokodil 'n hoë spring neem en in die middel van die water wegduik. Hy het op die harde modder gelê en slaap en net soos 'n ou boomstam gelyk

en die seuns wat hulle oë op die water gehou het, was byna op hom voor hulle hom gewaar het. •

Die mans het die geskree en die geraas gehoor en was in 'n oomblik almal daar.

„Wat is dit?” roep oom Piet Beyers. „Het een van julle in die rivier geval?”

Die drie seuns staan doodsbleek van skrik en dit was met moeite dat een van hulle kon antwoord : „'n Groot krokodil... ..Net hier.....”

Toe hulle 'n bietjie van hulle skrik reggekom het, vertel hulle hoe hulle byna op die enorme ongedierte getrap het, wat byna nie te onderskeie was van die modder en ou boomstamme nie.

„Nou sal julle miskien glo, dat hier nie net geelvisse in die water boer nie,” sê oom Piet laggend. „Kom, laat ons maar dadelik opsaal, dat ons voor sonder by oom Johan se plaas kan gaan slaap.”

Na 'n paar uur ry kom hulle by die mooi plaas wat baie naby die rivier lê. Oom Johan het al die hele middag vir hulle gesit en uitkyk en was baie vriendelik. Hulle het op die breë stoep gaan sit en koffie drink. Daar staan 'n paar sterk hout boerbanke met riempies deurvleg, maar daar was een bank waar hulle verwonderd na kyk en waar niemand lus het om op te gaan sit nie. Dit was 'n enorme opgestopte krokodil. Die vier pote steek binne in sterk paaltjies en dit moes dien as 'n sitbank.

„Toe seuns, gaan sit maar,” sê oom Johan laggend „hy kan nou niks meer doen nie.”

„Ek dink hulle is nog nie reg van die skrik van vanmiddag nie,” lag oom Piet en vertel wat die middag gebeur het.

Een van die seuns raak aan die harde skobbe van die krokodil en ruk sy hand met 'n gril terug.

„Nee, as ek hier op moet gaan sit, dan droom ek die hele nag van die nare aaklike ongediertes,” sê hy.

„Ja, die een is verantwoordelik vir seker 'n hele paar kaffers se dood,” sê oom Johan. „Ons het tenminste 'n honderd kafferarmbande en ringe in hom gekry en selfs 'n paar goue ponde.” Hy vertel hulle toe die een krokodilstorie na die ander, maar die seuns was nou nie meer ongelowig nie.

'n Paar weke het hulle op die plaas gebly en iedere dag was hulle uit om te gaan skiet. Op 'n seker middag kom hul laat terug. Dit was al sononder. Frikkie was vooraan met oom Jan Minnaar en hulle ry langsaam, want hulle perde was moeg. Hulle kon die huisie van oom Johan se veeboer al sien deur die bome. Opeens hoor hulle 'n harde gil en tegelykertyd 'n angstige gebulk van kalwers. „Dit is 'n meisie wat skree,” sê oom Jan Minnaar, „dit is net hier ander kant by die beeste se drinkplek. Kom, Frikkie, kom!”

Hy ja die smal beesvoetpad af deur die bosse na die rivier toe en Frikkie hou so naby as hy kon. Die takke slaan hom in die gesig, maar hulle hoor nog die angstige geskree om hulp. Net toe hulle op die oop sandplek kom waar 'n hele klomp kalwers bymekaar staan, sien hulle Sannie, die sestienjarige dogter van die veeboer, 'n groot sterk meisie, en sy het 'n groot stomp hout in haar hande en daarmee slaan sy met al haar mag op 'n krokodil se kop. Die krokodil het 'n kalf aan die agterpoot. 'n Paar keer geluk dit haar om die neus raak te slaan. Die dogter het hier in die distrik opgegroeï en sy weet dit is die enigste plek om hom seer te maak met die kans dat hy die mooi groot rooi kalf sal laat los, wat spartel om vry te kom.

Of die krokodil geskrik het vir die galop van die perde en of die dapper meisie hom regtig losgeslaan

het, weet ons nie. In elk geval hy laat die arme kalf los en verdwyn soos 'n blits in die water.

„Jy is 'n flukse dogter!” sê oom Jan. „Hoe kon jy dit waag om so naby die monster te kom?”

Die meisie is bleek en haar hande, wat nog die stuk hout vashou, bewe.

„Hulle word nou te parmantig,” sê sy. „Ek kon nie maar daar staan en toelaat, dat hy arme Blom insleep nie.”

Sy draai om en streel die kalf, waar die bloed van afstroom en ja die kalwers toe die pad op. Natuurlik het hulle die hele gebeurtenis aan die ander vertel en niemand was verwonderd, toe oom Johan die mooi verskalf aan Sannie present gee nie, maar die kaffertjie wat die kalwers moes oppas by die rivier, as hulle water suip, het iets anders gekry.

*S. Niemeyer.*

## **(22.) Rennie en Ester.**

Daar êrens naby Grahamstad in die Kaapprovinsie is 'n plaas wat in die ou dae die naam van Kliphuis-koppie gehad het.

Die plaas het hierdie naam gekry, omdat op die werf 'n mooi klipkoppie staan. In die koppie was 'n kliphuis of klipgrot, en om die koppie het 'n ring pragtige bome gegroei, so kan 'n mens die grot van ver nie sien nie.

Die baas van die plaas was 'n baie groot en sterk man, daarom het sy bure hom die naam van Groot Olifant (of kortweg Groot Fant) gegee. Hy en sy vrou, Annie, het net een kind gehad.

Dit was 'n seun wat ook baie grof was, maar hy was darem nie so groot soos sy pa, Groot Fant, nie. Toe gee die mense hom weer die bynaam van Rennie (wat 'n verkorting van Renoster is).

Die Rennie was net 'n lewendige seun. En daar hy nie 'n speelmaat gehad het nie, het hy baie maal een-saam gevoel en so baie na 'n maat verlang.

Tant Annie het 'n suster gehad, en die het weer 'n dogter gehad met die naam van Ester. Ester was ook 'n fris dogter wat net so wild soos 'n seun was.

Ester het later by haar oom Fant en haar tant Annie kom woon. En dit het so gekom.

Sy het 'n neef gehad, en die pa van die seun wou van daardie bogkind gouer 'n man maak as wat die natuur kon doen. Hy koop toe vir die seun 'n roer.

Eendag gaan hy met sy roer jag en wou wys hoe goed hy met 'n geweer kon omgaan, en in sy uithaler-streke skiet hy per ongeluk Ester haar pa dood en wond haar ma.

Ester en haar ma kom toe by Groot Fant en tant Annie woon. Nou moes Ester haar siek moeder oppas, maar aljimmers is sy uit die kamer om met Rennie te speel.

Daar was haas geen kwaad te bedink nie of Rennie en Ester het dit reeds klaar uitgedink. En doen dit ook.

Elkeen het sy eie brakkie, en die twee hondjies was net-so kwaaddoenerig soos hul baas en nonnie. En moenie praat van die geblaf en geraas wat die diertjies kon maak nie!

Soms was die twee lyfwagte van die kinders baie dapper en val iedereen heftig aan. As hul kans kry, dan het hulle 'n kaffèr agter aan die been, of aan sy hakskeen.

\ Selfs slange pak hulle aan; een gaan voor die slang staan en die ander agter. Dan blaf en raas hul so, dat die slang benoud word en sodra hy sy lyf oprig, dan pak die agterste hond hom en slaan hom teen die grond.

As die slang lam geslaan is, dan spring die voorste brak by en byt een kant vas, en so skeur hul die slang aan twee. Dit gebeur soms dat een van die hondjies 'n byt van die slang kry, maar dan dokter tant Annie hom gou gesond.

Oordag was die honde nie blafferig nie, maar as dit donker is, dan weergalm daardie klipkoppie en bome daarvan soos die twee brakke rumoer.

Dan stap Groot Fant uit om na die geblaf te gaan kyk. Soms is daar 'n perd, kalf of bees op die werf, maar baiemaal blaf hul vir hul eie stemme, wat die klipkoppie en die bome weerkaats.

Maar baiemaal het Groot Fant ook Kaffers sien rondloop, want in die ou dae was dit alles woes daar, en die Voortrekkers het dit net swaar gekry om hul vee dag en nag teen diewe en wilde diere op te pas.

Baiemaal kom die Kaffers in die nag die huise van die mense aan die brand steek en wie ontvlug, sny hul aan riempies.

Deur die moordery en stelery van die grenskaffers was dit vir 'n boer nie gerade om saans van sy plaas weg te gaan nie. Sy vrou en kinders kom in gevaar.

Maar eenmaal kon dit nie anders nie, Groot Fant moes na Grahamstad en die nag daar oorbly. Tant Annie en Ester haar siek moeder moes agterbly.

Wanneer hul die hondjies hoor te keer gaan, dan is hul dood in die nood en gryp na hul gewere. Maar Rennie en Ester het meer aan pret maak as aan iets anders gedink.

Dié aand begin die hondjies weer so heftig te blaf, tant Annie en haar suster kyk mekaar met groot oë aan en vra sonder hul daaraan dink : „Wat is dit nou?”

Maar die geblaf gaan een streek voort sodat 'n mens daarvan kan moeg word. Saggies maak tant Annie die bodeur oop en loer deur die skrefie. Dan trek sy die venstergordyn opsy en soek na iets buite in die donker.

Maar dit was te donker om iets te ontdek, dog haar angskrikkels haar en sy gaan weer by die voordeur loer, want sy wou weet of alles buite veilig is.

•Met eens tjank die hondjies, hul neem 'n vaart om die hoek van die huis en sy hoor voetstappe. Met hart in die keel val sy terug en sy klap die deur toe. Wat is dit?

Sy het vasgekyk in twee vurige oë, mond en neus. En sy wou flou val, was dit nie dat haar siek suster reeds van die skrik in 'n floute lê nie.

Doodsbleek en met haastige asemhaling staan tant Annie en afwag wat nou elke oomblik kan gebeur.

Maar wat het gebeur? Waar is Rennie en Ester?

Daar lag hul daar buitekant. Tant Annie hoor hulle lag en sy luister goed of dit wel hulle is. Ja, dit is hulle, tant Annie sal haar nie vergis nie.

•Net kom Ester haar siek moeder uit haar floute effentjies by. Tant Annie roep uit : „Dit is weer die gruwelike Rennie en Ester wat met die hondjies besig is.” Die siek suster skep moed en kom heeltemal by.

Nou neem tant Annie die lantern, steek dit gou op en gaan daarmee op die stoep staan. Die lig skyn helder en ver, maar haar hart klomp nog van die skrik.

Grote genugtig! Hier vlug die twee honde weer om die hoek, tjank-tjank of hul vermoor word. En hier kom die gedaante met die vurige oë, mond en neus ook om die hoek—te na om na te kyk.

M. BOMPAS



Dat haar rokke so raas, vlug sy die deur in, klap dit toe en van skrik word Ester haar siek moeder weer flou en lê bleek op haar bed.

Tjank-tjank hol die twee brakke na die klipkoppie en verdwyn in die bome. Rennie en Ester skater van die lag.

Maar waarvoor is al die rumoer van die honde?

Rennie en Ester het binne in die eetkamer sit en lesse leer, en die geblaf van die waaksame brakkies het hul baie gehinder.

„Wag, ek sal hul gou laat ophou,” sê Rennie.

Hy en Ester het na sy slaapkamer gegaan, ’n wit kussing geneem en dit met ’n groot rooi sakdoek van Fant om sy kop gebind. En Ester help hom, terwyl tant Annie by haar siek suster in die kamer sit.

Ester het stilletjies ’n pampoen uitgehol en daarin ’n mens se gesig uitgesny en toe ’n kersie daarin gestek. Nou hou Rennie die ligkant na hom toe.

Onverwags kom hy op die honde af en draai die lig op hulle. My liewe wêreld! Toe hoor jy net tjank en kerm. Die brakke vlug die huis om en loop hul vas teen Ester wat op die ander hoek met ’n wit laken staan.

Die honde wou die stuipe kry en vlug toe na die klipkoppie, waar hul die hele nag sit en blaf het—te bang om huistoe te kom.

Lag-lag kom Rennie en Ester terug, daar hulle die honde tot by die koppie agtervolg het. Maar in die huis het hulle nie meer gelag nie—so het tant Annie aan Fant by sy tuiskoms vertel.

## II.

Konfyt het die oumense in daardie dae nie baie kon maak nie, die suiker was te skaars. So het die mans baie heuning uitgehaal en die vrouens het dit gebêre.

Eendag raak 'n bottel heuning uit tant Annie haar spens weg.

Sy het gesoek en gesoek, maar kon die dief nie uitvind nie.

Die volgende dag staan tant Annie tegoed en was voor die kombuis se raam. Woerts! vlieg die huiskat nies-nies deur die venster. Tant Annie slaan amper agteroor en die kat skyn in helse angs te verkeer; sy het pyn aan die neus.

Hoeveel koppies en pierings die kat in sy vaart gebreek het, het hy in sy haas nie kon tel nie. Gou gryp tant Annie die besemstok en loer by die kombuisdeur uit om te kyk waar die vergalgste vreemde hond is wat die kat wil doodbyt. Na sy uitgestap en rondgekyk het en niks gewaar het nie, kom sy terug en begin weer tegoed was.

Nouliks het sy haar werk hervat of hier kom een van die hondjies die kombuis ingevlug en ly aan dieselfde niessiekte as die kat. Nies-nies en tjank-tjank kruip hy onder die kombuistafel in, en traantjies rol oor sy wange.

Gou wapen tant Annie haar weer met die besemstok en loer die deur uit. Maar haar werk wag, so ontwapen sy haar en hervat weer haar taak en wonder wat dit kan wees.

Tjank-tjank, stert tussen die bene, vlug die ander hond die kombuis in en hy ly ook aan dieselfde nies-en-proes-siekte as die kat en die ander hond.

„Nou weet ek wat dit is!” roep tant Annie uit. „Die ondeunde kinders het my snuif gesteel en dit in die neuse van die kat en honde geprop. Dis nie altemit nie!”

Die honde onder die kombuis se tafel begin die besitreg van die veiligste plek te betwis. 'n Worsteling

vind plaas waardeur hulle 'n karring vol melk omsmyt. Toe swem die kombuis in die melk. Voornoemde besemstok het die honde gou vertel dat die kombuis nie 'n komediehuis vir vegpartytjies is nie.

Nou is tant Annie net boos en stap blaas-blaas na die plek waar sy meen dat sy 'n gelag gehoor het. Toe sy voor die grot by die koppie kom, kon sy net so goed by 'n grafkelder aangekom het. Alles is doodstil. Want Rennie en Ester het elkeen in 'n boom geklim en sit tussen die digte blare so asemloos stil soos twee ape.

A, hier sien tant Annie die heuningbottel lê waarna sy so lank gesoek het. Om te weet of dit wel die regte heuningbottel is, ruik sy aan die bek, maar ruk haar neus gou weg.

Daar vlieg die bottel deur die lug, tinge-linge-linge flenters teen die rots. 'n By het haar op die neus gesteek. Sy nies en sy proes en twee strale trane rol haar oor die wange. Spoedig was haar neus dik opgeswel en blink of dit vernis is.

Nou is die gort net kokend gaar!

Tant Annie vlieg nou kortom huistoe en so ver as sy loop, nies en proes sy en water verblind haar oë. Rennie en Ester wou uitbars van die lag, dog moes hul bedwing.

„Jul spitsboewe, huistoe kom sal moet kom,” sê tant Annie. „En dan sal ons sonder 'n woord te praat afreken.” Gedurig vee sy haar oë met haar voorskoot af anders kon sy haar pad kombuis-toe nie vind nie.

Toe dit opskeptyd was, brul Groot Fant van die stoep af: „Rennie! Ester! Kom was en kom eet!”

By hierdie tyd het die twee reeds uit die ghwarrieboom geklim en elkeen skuil agter 'n dik boomstam. Maar die order is daar om te kom eet en hulle moet gaan.

Toe hul in huis kom, was tant Annie nêrens te sien nie; sy skuil in die donker kamer om haar geswelde neus nie te vertoon nie. Maar toe Rennie en Ester in die kamer kom om te was, word die deur agter hul toegeklap en toegesluit. En tant Annie staan by hulle.

Ja, toe was dit net : Woeps ! Waps ! Woeps ! Waps !  
 „Hoekom voel julle nie ? Hoekom raas julle klere so ?” vra tant Annie na sy haar uitasem op hulle geslaan het.

By nader ondersoek blyk dit dat albei, Rennie en Ester, 'n duikervel onder hul klere vasgemaak het. Maar toe was tant Annie te moeg om verder te slaan.

*G. R. von Wielligh*

### 23. Druk deur.

Ver, waar die wêreld wyer is,  
 Daar kry ons vryer spel;  
 Hier, waar die wêreld nouer is,  
 Word ons net seer geknel—  
     Hard geknel—  
     Plat geknel—  
 Hier word ons vasgeknel.

Neem ons 'n ding soos ons dit kry,  
 Dan kom die wêreld reg;  
 Ons moet dit buig en skaaf en pas,  
 Dan val die foute weg.  
     Hou jou sterk!  
     Doen jou werk!  
 Dan vorder ons so ongemerk.

Die wêreld is soos ons dit knoei,  
 Waarom word dan gekla?  
 Loop ons die pad waar dorings groei,  
 Dan moet ons skoene dra—  
 Stewels dra—  
 Handskoen dra—  
 Daar moet ons velskoen dra!

*G. R. von Wielligh.*

---

## 24. In die land van Mapog.

Junie 1883.

In die rigting van Steelpoortrivier, ongeveer ses myl van 'n oosgeleë kop, alwaar sestig man in 'n swakkerige fort agtergelaat was, is 'n laer getrek.

Rokies styg orals op; die deksels van die klein keteltjies staan en bibber. Daar verroer 'n burger hom. Hy gooi 'n lepelvol rou koffie in die kokende water. Dan skink hy enige bekere koffie, swart en sonder suiker. Daarna haal hy te voorskyn 'n sak met uitgedroogde boerbeskuit. 'n Paar ander burgers, wat sit en vleis braai het, tree nou nader en die drie skaar hulle om die vuur, gereed om hulle aandete te nuttig. Dis bitter koud.

Die burgers is moeg. Dis al maande dat hulle 'n kafferstam beoorlog, wat hulle soos diere in groot onderaardse gate verskuil.

Eers was daar die somer met sy aanhoudende reëns, en swaar donderweer. Nou die winter met sy bytende koue. Toe was die burgers onbeskut teen reën, slegs 'n enkele het 'n reënjas besit—nou weerloos teen die

koue, slegs hier en daar iemand met 'n warmjas of selfs maar 'n goeie baadjie.

Onder sulke omstandighede en onbeloon, veg die burgers noual maandelank en tog heers daar 'n toon van tevredenheid, selfs van opgeruimdheid.

„Korneels,” merk een van die drie om die vuur op, „hier sit jy die maer taai beesvleis en eet, waar is die vet hamel, waarop jy ons vanaand sou getrakteer het?”

„Sy vet hamel,” gee oom Fanie haastig antwoord, „het die koeël regop in die lug gestuur en met die afkom het 'n wonderlike gedaanteverwisseling plaasgevind. Want julle moet weet, toe die stomme dier optrek in die lug, waai sy mooi woljas links weg en regs slaan 'n groot pikswart kaffer neer!”

„Wat 'n vernuftige plannetjie van die kaffers om hul skape so te laat wei!” merk iemand op.

„Soe! hoe bitter koud is dit,” kom dit rillend van Korneels Maré.

„Ja, maar dis tog verkiesliker as die warm somer met sy reëns en swaar donderweer,” werp Rudolf teë.

„Toe jy my enigste spaarhemp in ruil gevra het vir my nagwaak in 'n fort!” skêrskom Fanie.

„Ja en toe die bliksemstraal die fort getref het en een-en-dertig man gewond en een gedood is. Maar ek is bewaar gebly en hier dra ek nog die hemp,” antwoord Rudolf ewe ernstig.

„Maar wat makeer ons kommandant vanaand?” roep oom Fanie plotseling uit. „Telkens sien ek hom die laervuurtjies passeer. Hy is seker baie onrustig. Kêrels, êrens broei gevaar! So'n stikdonker nag as hierdie, is by uitstek die nag van aksie vir kaffer se kind!”

„Vrees jy vir die burgers in die fort of dink jy dat ons in die laer sal aangeval word? Dis mos onmoontlik?”

Plafs! spat 'n klip voor hulle in die vuur—die onmiskenbare teken van 'n kafferaanval.

Bliksemsnel spring die manne terug in die duisternis, terwyl hulle 'n stortbui van klippe afwag. Toe ..... 'n skaterlag vanuit 'n tent!

„Ek vergaan hier alleen van koue en julle kom nie slaap nie!” roep Rudolf.

'n Rukkie later heers daar stilte in die laer. Alleen die kommandant en die laerwag sluimer nie.

Nog 'n ruk later en....., „Opsaal!” klink dit uit die mond van die kommandant.

Met soveel spoed as die donker nag veroorloof, lei kommandant Malan sy ruiters in die rigting van die fort.

## II.

Onafgebroke waai al die ganse dag 'n droewe, skraal windjie, 'n martelende windjie vir die sestig man wat die grot, waarin Mampoor hom verskuil, moet bewaak.

Koud en afgemat voel die burgers daar in die fort, en toe die son sy laaste rooi-dowwe straal wegtrek van die aarde, is dit die manne asof die enige oorgeblewe vriendehand hulle loslaat.

Watter ligstraal bly daar tans vir hulle?

Swart en geheimsinnig nader die nag. Angs en groot verlatenheid bevang die burgers.

Maar wat is dit tog wat die nag so ysingwekkend maak?

O, rig die oë na die omliggende rande! Leef daardie groeiende duisternis?

Al nader en nader skuif 'n donker massa en in die grot is tog alreeds o, soveel kaffers.

Toe merk een van die burgers in die fort op :

„Ek wil nie kleingelowig wees nie, maar sestig man kan nie bestand wees teen duisende nie en watter witman is daar, wat al ooit genade van 'n kaffer ondervind het ?”

„Vertrou op jou Verbonds-God !” antwoord 'n ander.

Die ongunstige windjie bedaar nou, die koue daarenteen verdubbel in skerpste en die duisternis word tasbaar.

'n Onheilspellende stilte tree in.

Daar beweeg 'n burger hom. Dis een wat wagstaar by die muur van die fort en vir 'n oomblik alle gevaar vergeet by die aanskouing van die menigte van helder skitterende sterre.

Helaas, vir 'n oomblik slegs.

Dan, met 'n kreet van pyn slaan die burger sy hand aan sy hoof. 'n Vyandelike klip het daar 'n bloedige wond aangebring.

'n Vreeslike geharwar volg. Vervaarlik en oorverdowend skree die kaffers; skril klink die note uit hulle blaashorings; in die fort gons dit soos daar klippe reën, die kaffers klouter teen die fort se muurtjies op; daar knal skote uit kafferroers; die burgers antwoord met 'n geweldige geweervuur; dan..... 'n stilte, ewe skielik as wat die aanval plotseling was.

So duur dit enige sekondes.

Dan opnuut, woester en uitdagender as tevore, storm die kaffers onder 'n skriklike lawaai op die fort af.

Opeens klink helder bo alles in Afrikaans uit :

„Moenie skiet nie! Dōte stekē almal !”

“Skiet burgers,” beveel die veldkornet.

Hoe hoogs selde word so’n bevel gegee! Die voorraad ammunisie was so beperk, dat die burgers gewoon geraak het aan: skiet so min moontlik.

„Skiet burgers!” klink dit andermaal, maar ag, wat baat dit in so ’n duister nag?

Plotseling gewaar die burgers tot hulle groot ontsetting, dat hulle nie langer in staat is om die kaffers te belet om oor te klim nie. Asgaaie blink en aan alle kante verhef die vyand hul, bokant die fortmuurtjies.

„Helaas, moet ons algar soos Piet Retief en sy manne vermoor word?”

„’n Bom, got!” roep opeens die veldkornet.

Goddank, daar is nog bomme, handbomme en wonderlik is die uitwerking van die eerste ontploffing.

Snel soos weerlig spat die kaffers weg van die fort. Andermaal heers stilte in die duisternis.

Maar is Mapog se volk dan onkeerbaar hierdie nag?

Opnuut bestorm hulle die fort. Nog eens en nog eens gebeur dit.

Plotseling gewaar die burgers tot hulle groot skrik, hoedat die voorraad ammunisie totaal uitgeput raak. Slegs enkele bomme bly nog oor.

Met verslae harte dink hulle:

„Vergeet God ons?”

Nee, nimmer!

Vol moed en vasberade verdedig die burgers hulle opnuut, so goed as hulle kan. Hoër kan die nood tog nie styg nie, en nog geen hulp vanuit die laer nie!

„Laat ons ’n sein maak!” roep ’n burger. „Moontlik het hulle ons in die laer nie gehoor nie.”

Snel word drie asgaaie, behorende aan enige bevriende kaffers van Sekoekoenie ook in die fort, aan

mekaar vasgeheg, ou sakke omgewikkel, aan brand gestee en so hoog moontlik bokant die fort opgehef.

.....

Wonderlik, waar toef die kaffers nou? Geen gekree, geen aanval, geen kaffer word gewaar nie.

Sou die teken van vuur so'n afdoende uitwerking op die swartman hê, of sou hy aan die voet van die berg opdagende hulp ontdek het?

Ja, diŝ kommandant Malan met sy ruiters.

Die glansryke sterre word dowwer en dowwer en breër en breër stuur die son sy strale oor die aarde.

'n Nuwe dag word gebore; nuwe lewe bruis daar deur die are van die vermoeide en verkleumde burgers en singend styg 'n loflied na bowe.

*M. Krüger.*

---

## 25. Grootrivier.

Die hoogste gedeelte van ons suidhoëk bestaan in 'n bergreeks al oos op, nie ver van die seekus af nie. Van die Bamboesberge na Dordrecht word die reeks al hoër en hoër, tot dit later sy hoogste bereik in die Drakensberge tussen Basoetoland en die Vrystaat en Natal. Een van die hoogste punte is hier die Mont-aux-Sources, wat "Berg van fonteine" beteken. Hy is oor die elfduisend voet met sy kop bo die seevlakte. En langs die ou se sye ontspring daar etlike fonteyntjies. Laer af in sy klowe, vloei hul saam. Nog laer vorm hul 'n stroompie wat al kan murmel. En eindelik het jy ons Grootrivier kant en klaar. Kornetspruit en die Caledon

spring by met hul vog en later kom Vaalrivier ook met sy vaal waters. Dan is ons rivier al oor die duisend tree breed, en kan hy sy stem laat hoor en sy krag laat voel.

Die rivier is skaars twaalfhonderd myl lank en tog kan hy met enige rivier op aarde meepraat oor die wisselvallighede van die lewe. Bolangs kronkel hy hom soos 'n slang deur en om lieflike berge, pragtige klowe, bekoorlike heuwels en betowerende vleie. Laer af word sake eentonig en moet hy deur kaal sandvlaktes voort. Nog 'n end verder, en hy moet veg en brul deur en oor rotse en watervalle. En dan kan jy op 'n afstand sy gedonder hoor en sy skuim soos miswolgies gewaar. Binne die 1000 myl moet die ou kêrel oor die tienduiseend voet afklim om by Neptunus aan te lând. En dit kos krag en worsteling, voorwaar!

Omtrent twintig myl van sy monding af neem die rivier afskeid van sy geselskap, die berge. Hierlangs is hy reeds 'n myl breed. En hier kan hy hom waarlik verlustig in sy omgewing. Regs en links lê daar laggende sandheuwels. Sy oewers is omsoom met etlike boom- en grassoorte, verbasend hoë fluitjiesriet inkluis. Sy loop is nagenoeg waterpas en kalm tot aan die see. En hier het die ou misbruik van sy krag gemaak. Hy het na willekeur heen en weer gespring, en nou teen die bult deuskant, dan weer na die oorkant gaan loop, al na die hoeveelheid water waaroor hy kon beskik. Op dié wyse het hy die sagte grond in die see ingevoer. Die hardste dele was hom baas en het bly staan soos eilande. So is daar ses, een waarvan ongeveer vier morge groot is. Die ander is maar klein.

Praat van natuurtonele, kom kyk tog hier:—Die vaal-geel stroom wat skaars loop en oor 'n myl breed is! Weerskante lê die vaal sandheuwels en lag. In die

stroom pryk daar die grootste eiland, tot aan sy skouers in die water. Sy bome, blomme en gras roer en juig almal in hul veilige omstandighede. Kort onderkant lê 'n vlei of klein see, soos dit meestal genoem word, van ongeveer ses myl breed. En nog verder hoor jy ou Neptunus in sy rusteloosheid.

Met hoogwater dam Neptunus die vlei heeltemal op met 'n flukse sandbank. Word die vlei nou vol water van bo-af, dan loop dit later êrens oor in die see. En dis dan die monding.


Dis skaars sestig tree breed. Maar stellig twintig-voet diep as dit laagwater is. Die stroming is daar verbasend sterk en vul die dapperste hart met huiwering en vrees. Dis 'n vreeslike gesig! Dit skuim en brul dat jy van vrees terugdeins in plaas van nader te waag. Wat op aarde is bestand teen die krag van water?

As die dam of vlei amper leeg geloop is, dan is dit deurgaans twee voet diep. Nou aas hier duisende visse rond, wat met hoogwater uit die see ingespoel is. Dis in skole. Visse so groot as 'n speld en groter! En hierop aas weer op hul beurt 'n heerleër van voëls: flaminke, kropganse, wilde eende en ganse, reiers, kraanvoëls, kiewiete, seevoëls, ens. Ja, dis nes 'n swerm sprinkane, ontelbaar. Die wat langbenig is stap tot oor hul knieë in en vang hul kos. Die kleiner voëls bly rondom in vlakker water en vang vis. Nog ander swem rond, duik af en toe half-lyf onder, en vang vis. Ander weer vlieg effens hoog en „flaps” regaf, en het hom! Maar die merendeel is net lui vreters, wat bolangs rondvlieg en dophou vir 'n maat wat 'n vis gevang het. En dit is die grootste pret van die affêre: twintig, dertig, honderd vlieg op met visse in hul bekke, terwyl veertig, vyftig, honderd hul bestorm om af te neem. In 'n omsientjie gaan die visse deur tien, dertig en meer snawels.

Hier is oorlog om die bestaan. Die honderde vlieg en veg deurmekaar. Almal skree soos hul gebek is. Hier val 'n vis, daar 'n voël in die water. Die wat die grootste gorrel het, sluk in sy vaart in. Die ander kan net skree en hul brekfis opgee. Ja, hier sien en hoor jy 'n geswem, geduik, gevlieg, geloop en geskree soos Groot-rivier se monding alleen kan oplewer.

Maar daar is nog iets en dis hout en nogmaals hout. So ver jou oë kan sien, regs en links en dit sê 'n hele paar myl, lê daar hout : reusebome, wortel, tak en blaar, nog kersvers uit die grond. Half-vermolmde, voos ou stamme, blinkgeskuurde stukke, pale met draadheining aan, stukke huismeubels en skeepsplanke. Ja, kus en keur, wat soort en vorm en ouderdom betref. En dit lê in die onbegryplikste wanorde, oor, deur en op mekaar gepak soos ou Neptunus alleen kan doen as hy nukkerig is!

*W. S. E. Rörich.*



## 26. Die swael.

Swiep verby, swael,  
 styg en daal  
     weg in die wye.....  
 af en aan,  
 waar ek staan,  
     al om my,  
 ek is bly  
     in jul verblye.

Fladder maar  
 hier of daar  
     onder die dak in :  
 rig jul tuis  
 aan my huis  
     na jul gemak in

Kom jy nie  
 aangevlie  
     oor wye see?  
 Waar was jou  
 tuis gebou  
     in verre steë?

Dalkies aan  
 kroonlys van  
     voorouers-woning;  
 dalk in die toring waar  
 een nag die doodsklok daar  
     op die bevelwoord  
     gewek het tot groot moord—  
     gelei deur 'n koning\*

Swael, hê'j'nie,  
 moeg gevlie,  
     dalkies gaan rus op  
 Sfinks se ou klipkop?

---

(\*) In die berugte Bartholomeusnag (24 Aug. 1572) is die toringklok van die kerk St. Germain l'Auxerrois op bevel van Karel IX, gelui, tot teken dat die Hugenote in Parys vermoor moes word; meer as 7,000 is in daardie nag vermoor.

Sonnedag,  
 sterrenag  
     het jou sien vleuelslaan  
 ver van die winterbuie  
 kom jy in sonnig suie  
     veilig by my aan.

Bou maar vry  
 hier by my—  
     my tuis is joue.

Vrolik-bly,  
 net soos jy,  
     al by onthoue  
 van die ou donker dae,  
 van die ou noodlotslae,  
 bou ons en boue.

*Uit : Die Lewenstuin en ander Gedigte  
 van Jan F. E. Celliers.*

*Uitg. : J. L. van Schaik Bepk., Pretoria.*

---

## 27. 'n Voëlgeveg.

Dis warm, baie warm! G'n windjie trek nie. OnheilsPELLende wolke kom stadig op, pak saam en hang nou oor die berge, pikswart, dreierend!

By die rivier sit ons en visvang. Roerloos lê die dobbertjies op die rimpellose watervlak, behalwe so nou en dan, as hul plotseling wegraak en onmiddellik weer verskyn om, soos voorheen, bo-op beweegloos te drywe. Die stadig-opskuiwende wolkmassa het die natuur drukkend swaar gemaak.

Twee bosluisvoëls kom aangevlieg. Hoe mooi tog steek hul wit vere af teen die donkervaal onweerslug! Met 'n groot swaai sak hul af grond-toe en stryk neer op die oewer van die rivier, nie ver van waar ons sit nie. Pas sit ons weer ons dobbertjies en dophou, of ons word versteur deur 'n woeste vlerkgeklap.

Die bosluisvoëls is aan baklei! Daar kom nog een aangevlieg. Hy stryk neer, vlieg weer skreeu-skreeu op en kom kort daarop terug, vergesel van 'n klompie maters.

Dit lyk of hul die saak ernstig onder mekaar bespreek. 'n Kring word gevorm, waarbinne die vegters mekaar moet toetakel. Dis vir jou 'n tweegeveg, hoor! Hul bevlieg mekaar dat die vere so waai! As een miskien te na aan die toeskouers kom, word die kring net wyer gemaak. Takel die een die ander te erg toe, dan kom die omstanders tussenbeie en kry die ander weer sy kans. Is albei moeg, dan rus hul eers, en, te oordeel na die vreeslike lawaai, gee die toeskouers intussen hul opinie oor die loop van sake. Telkens, met opgestrykte halsvere, val hul mekaar met verdubbelde woede aan.

Plotseling word die vegterrein verlig deur 'n helder bliksemstraal. Die aarde dreun van die donderslag, wat snel daarop volg.

Met luide vlerkgeklap vlieg die voëls die twee vegters voor, ver-ver weg, tot hul oplaas oor die horison verdwyn.

Nou vat ons die visstokke en gaan soek skuilte, want dit reën al net hard.

*Willem Kamp.*

## **28. Waar die angorabokke vandaan kom.**

### **I.**

Oom Klaas se gewoonte was om jou soms sulke snaakse vrae te stel. Kan jy dit dan nie beantwoord nie, dan doen hy dit self. Een nag moes ons waghout by pa se osse. Toe vra oom Klaas vir ons: „Waar kom die angorabokke vandaan?” Niemand het dit geweet nie en toe begin oom Klaas:

„Nou, dan sal ek julle dit vertel net soos my ou grootvader dit aan my duidelik gemaak het. Luister: Sommer baie jare gelede het daar ver in Asië twee broers op 'n groot boerplaas gewoon. Die een was vlytig, verstandig en baie ryk, maar die ander was sommerso dom-onnosel en baie arm. Albei was getroud en het ook kinders gehad. En die ryk broer het meer as eens sy arm broer op die been gehelp en hom met 'n nuwe boerdery aan die gang gesit.

Dit het egter niks gebaat nie, want kort-kort speel die arm boer maar weer bankrot. Later sê die ryk broer vir hom: „Kyk hierso, nou sal ek jou nog net eenmaal help en dan nooit weer nie. In daardie groot skuur van my lê 'n klomp handelsartikels; gaan ver-

koop dit so goed as jy kan, dan sal ons die geld net om die helfte deel en dan kan jy vir jou weer diere koop om mee te boer."

Die arm broer was danig bly en was spoedig op tog met die handelsartikels. Vir hom was dit tog te mooi om handelaar te speel. Hy het dan ook sy bes gedoen om sy goed so duur as kan van die hand te sit. Eindelijk het hy ook al byna alles wat hy gehad het aan die man gebring. Hy sou nou nog net een plaas besoek, daar sou hy wel die oorskiet-goedjies verkoop kry en dan sou hy huiswaarts keer met 'n hele boel geld.

Maar voor hy hierdie laaste plek bereik, ontdek hy langs die pad in 'n grot die geraamte van 'n mens. Aan die baard en hare kon hy sien dat dit die vergane liggaam van 'n ou grysaard was. En wat dink julle maak hy toe? Luister 'n bietjie; Hy draai net daar om en gaan na 'n groot stad in die nabyheid. Daar bestel hy gou 'n pragtige lykkis en huur 'n fraai lykkoets en 'n klomp lykdraers. Ook koop hy 'n sierlike wit marmarsteen en laat daarop graveer: „Hier rus 'n onbekende grysaard; slaap sag." Vir fyn wit doodsklere het hy ook goed gesorg.

Toe laat hy die geraamte in alle eer begrawe, maak die graf mooi netjies op en plaas die groot marmarsteen aan die koppenent. En toe hy met alles klaar was, vind hy uit, dat hy nog die oorskiet-handelsware ook sal moet verkoop om al die skulde wat hy gemaak het te betaal! Dit doen hy ewe gewillig en gaan toe huistoe sonder 'n pennie in sy sak.

Sy ryk broer was nuuskierig om te weet hoe dit met die handelstog gegaan het en vra kort-kort: „Het jy goeie sake gemaak? Hoe het dit gegaan? Het jy darem geld gemaak? Maar op al die vrae antwoord die arm broer net: „O ja, dit het goed afgeloop, baie

goed, baie goed." Eindelik was die ryk broer al moeg vir hierdie antwoord en sê toe: „Nou ja, maar gee dan die geld dat ons dit regverdig kan deel, sodat jy vir jou weer lewendige waarde kan koop." Toe vertel die arm broer maar die hele storie van die geraamte en wat van die geld geword het.

Daarop word die ryk broer toe so kwaad, dat hy sy arm broer met vrou en kinders van sy plaas af wegja en sê: „Ek wou jou nog eenmaal help en nou het jy selfs die geld waar jy jou eie vrou en kindertjies mee kon onderhou het, ook opgemors; en dit nogal aan 'n onbekende geraamte wat nog miskien behoort het aan 'n moordenaar of ander skurk!"

Sonder 'n woord het die arm broer sy kop laat sak en al sy ou wêreldse goedjies gaan inpak. Kort daarna is hy met sy vrou en kindertjies toe te voet, elkeen met 'n klein pakkie agter die rug, van die ryk broer se plaas af weg."

## II.

„Die arm broer het maandelank rondgeswerwe maar kon nêrens 'n verdienste kry nie. Soms het men- se hom toegelaat om vir hulle hout en water aan te dra vir 'n stukkie kos vir sy familie. Maar dikwels het hulle honger gely en met leë mae gaan slaap. Niemand wou hom vaste werk gee nie. En hy het al baie wan- hopig begin te word. Maar in 'n seker stad ontmoet hy tog eindelik 'n barmhartige Samaritaan, wat belôwe om eers sy huisgesin op 'n manier van voedsel te voor- sien, want hierdie persoon was self ook maar brandarm, totdat hy eers 'n verdienste het.

Hy laat dus vrou en kinders by hierdie jammerhar- tige man agter en gaan met nuwe moed die wêreld in. Nou kan hy vinniger rondsoek na werk. En werk om van te lewe—vertrou hy nou vas—sal hy wel kry. Maar

al sy soekery en soebattery was weer vrugteloos. In alle erns lê hy groot afstande af, maar nêrens wil iemand hom huur nie. Uitgeput kom hy later by die stad Tirus aan die seekus. Maar hier was ook nie vir hom werk te kry nie en toe gaan stap hy, uitgehonger en baie mistroostig, langs die see rond. Naderhand het dit al begin skemer word en hy het nie eers geweet waar hy die nag sou slaap nie.

Intussen het 'n skuit daar uit die see reg op hom gepeil. Toe hy die skuit gewaar, sien hy meteens daar iemand op sit wat vir hom wink. Hy stap tot by die water en loer onder sy hand deur om te sien, wie hom waardig genoeg ag, om nog van hom notisie te neem. Maar hy kon glad nie die man, wat nou fot by hom geroei het, herken nie. „Vriend,” sê die vreemdeling, „ek weet jy het hulp nodig, kom klim by my in en eksal, moet jou help.” Hy gehoorsaam, maar was skaars in die skuit, of sy oë val vanself toe en daar lê hy vas aan die slaap!

Hoe verwonderd was hy nie, toe hy eers die volgende môre in die lieflike strale van die opgaande son sommerso heerlik verkwik wakker skrik! Hy was weer op land, in 'n pragtige groen woud waarin duisende voëltjies die skoonste liedjies fluit, en langs hom staan 'n ou grysaard met 'n lang bos spierwit baard! Hy vrywe sy oë nog 'n slag uit om goed te kyk, maar toe sê die grysaard: „Kom vriend, volg my!”

Hy spring op en stap met die geheimsinnige ou man saam, wat hom glad nie op al sy vrae wil antwoord nie. Stilswygend stap hulle toe maar deur die dik lap bome. Eindelik bereik hulle 'n ruim opening aan die voet van 'n hoë berg. Hier was 'n groot kraal van takke, en in die kraal het 'n groot trop sneeuwit langharige diere geduldig gestaan en herkou.



Toe sê die grysaard : „Kyk hier, vriend, 'n tyd gelede het jy langs die gebaande pad die geraamte van 'n mens opgetel en met groot eer begrawe. Dis die geraamte van iemand wat jarelank baie gesukkel het om in daardie hoë berg van die diere, wat jy nou hier in die kraal sien, te vang en mak te maak om mee te boer. Later het hy toe van die diere se wol gevat en daarmee op reis gegaan. Hy wou aan die wêreld gaan openbaar watter nuttige artikels van die wol kan gewewe word. Maar voor hy sy doel bereik het, het rowers hom langs die pad vermoor, waar sy liggaam, deur almal bespot en verag, lê en verteer het tot jy daarop afgekom het. Die Almag het hom nou toegestaan om weer in sy liggaam op aarde te verskyn—net om jou te beloon vir die eer wat jy aan sy miskende ou geraamte bewys het. Daardie diere is angorabokke; hulle heet na die hoë berg. Hulle behoort nou aan jou; gaan boer daarmee en jy sal geseën wees.” By hierdie laaste woorde verdwyn die grysaard en bevind die arm broer hom alleen by die trop pragtige angoras.

Sy hart was darem toe so vol van dank en blydschap, dat hy toe eers op die grond gekniel het en die Almag, van wie die grysaard gepraat het, uit sy siel bedank het. Toe het hy sy vrou en kinders gaan haal om hom in sy mooi boerdery te help. En die barmhartige Samaritaan, wat vir sy gesin gesorg het, het hy sommer 'n klomp van die bokke present gegee. Spoedig het die wêreld toe die waarde van die angorabok leer ken en die arm broer was toe ook gou 'n skatryk boer.”

„So,” vervolg oom Klaas toe weer, „dis die storie, maar gaan roep nou vir ou Kobus, dis nou weer sy beurt om by die osse te waak.”

*E. de Roubaix.*

## - 29. Die lafaard.

Dis nag. Stil en somber lê die ingang van die kloof waar 'n eensame burger op wag staan. Wat sou daar ver, agter in die skaduwees skuil? Elke slag, as daar so'n ou dun grys wolkie oor die maan se gesig trek, lyk dit vir hom of daar spookgedaantes agter die doringboomstamme uitdans, en voel dit vir hom of geheimsinnige oë tussen die blare deur loer. Nee, maar by daardie kiepersolboom, wat so half skeef teen die krans aanleun, lyk dit darem regtig nie pluis nie! Kyk — is dit nie 'n hand wat daar uitsteek nie? Dit wink! Nee, dis maar die windjie wat die takke roer. Hans Olivier vee die sweetdruppels van sy voorkop af, en haal diep asem.

„Bang Hans,” soos sy maats hom noem, was maar van kleinsaf so gewees: hy kon hom 'n ding verbeel. Hoe goed onthou hy nog die benoude aande rondom die vuurherd, as outa Windvoël vir hulle kinders spookstories vertel. Op sy hurke in die as sit die ou Boesman, met die oë half toegeknyp in sy gerimpelde ou gesig, en 'n stompie pyp tussen sy geel brokkies tande. En dan kon hy tog so smaaklik vertel van vroumense wat sonder kop rond dwaal, en van geeste wat jou 'n klap gee sodat jou nek agterstevoor draai, en jou neus sit waar jou agterkop gewees het! Dit was altyd die grootste pret vir die ander kinders om te sien hoe „Bang Hans” bewee, en hoe hy al nader aan die ou skepsel skuiwe, tot hy naderhand langs hom sit in die as.

Hy was nog maar 'n penkop toe hy al met sy vader en ouer broers moes saamgaan jag. Die Vrystaatse vlaktes was in die dae nog vol wild, en 'n seun moes vroeg leer om die geweer te hanteer. En op daardie togte het hy meer as eenmaal die moed en onverskillig-

heid van sy maats bewonder. Nee, só koel en kalm as hulle kon hy nie wees nie. Hy *voel* die wildebees se horing al in sy ribbetjies, nog voor die dier dink om te storm.

Later, as hulle weer tuis is, en hy met sy moeder alleen sit en praat, probeer hy dan vir haar die saak uitlê.

„Sien Ma,” sê hy so ewe ernstig, „as die ding nou net wil *gou* kom,—as hy in vadersnaam dan tog maar wil *stoot*, sal dit nie so erg wees nie. Maar wat ek nie kan uithou nie, is om te staan en wag daarvoor.”

Arme Hans! Hy het nooit die woorde van die digter gelees nie :

„Lafaards sterf baie maal voor hulle dood ;

Die dapperes smaak die dood net eens.”

En die moeder het dan maar altyd getroos—die liewe ou moeder wat hom beter as iemand anders verstaan : „Ja, my kind, maar jy het darem nog nooit jou maats in die steek gelaat nie, nè? Jy het nog nooit weggehardloop nie. In my oog is die man wat die gevaar kan sien kom, en tog bly staan, ’n groter held as hy wat te dom is om ’n voorgevoel daarvan te hê, en dan eendelik in so’n nou draai kom dat hy *moet* spartel om daaruit te kom.”

Sy moeder is jare al dood, maar vanaand, hier in die eensame veld, klink daardie woorde van haar weer duidelik in Hans se ore, en hy sug. Die moed om te bly staan! Uit die grond van sy hart bid hy om daardie moed. Miskien sal hy nog eendag ’n kans kry om vir sy maats te wys dat hy ook koerasie besit. Daardie aaklige bynaam „Bang Hans,” wat soos ’n smet aan kom kleef, moet hulle laat staan. Wie weet, dalk sal sy vader dan ook meer van hom dink, so hoop hy. Want nog gister, toe hy saam met die patrollie jong burgers

vooruitgestuur is om te spioen, en hulle so die laer uitry, by Kommandant Olivier verby, het Hans in sy vader se oë die vraag geles : „Sal jy nie dalk bang word nie?” Die jong man se gesig word bloedrooi elke slag as hy daaraan dink.

Die Vrystaters was met 'n groot kommando agter Mosjesj aan, want hulle was lankal moeg van sy rooftogte. Nou of nooit sou hulle hom wys die witman is baas. Die jaar tevore het Louw Wepener en sy dapperes gesneuwel teen die kranse van Thaba Bosigo. Maar hulle lewe was nie verniet weggegooi nie, want die ideaal waarvoor hulle gesterf het blink nou eers duidelik voor die oë van hulle landgenote. Hulle wou 'n vry witmansland hê, waar 'n mens kon woon en werk in veiligheid, sonder die gedurige vrees dat jy sal aangeval en oorrompel word. Môre en oormôre sou daar dus genoeg kans wees vir 'n man om te wys of jy bang is of nie, dink Hans.

Hoe langsaam sleep die ure van die nag verby! Sal dit dan nooit dag word nie? Hans het geen oorlosie nie.

Daar in die verte klaag 'n uil. Weer een, 'n biëtjie naderby. Maar, stil, is dit uile? Die geluid klink so snaaks. Hans het mos gehoor dat die kaffers altyd die stem van 'n voël of 'n wilde dier na-aap, as hulle vir mekaar 'n teken wil gee in die nag. En toe kom daar 'n ander geluid. Daar gly 'n los klipjie teen die skuinste af. Daar kom iets aan. Wat sou dit wees, mens of dier? Hans staan regop, doodstil, met sy regterhand styf om die loop van sy geweer wat voor hom op die grond staan.

Nog 'n paar oomblikke, en toe kom 'n menslike gestalte val-val deur die digte bossies wat teen die rand van die kloof groei.

„Dawie!” fluister Hans met ’n hees stem, „wat maak jy hier?” En die ander hyg, uitasem: „Die kaffers! Hulle is verby—dié kant oor die kop!”

„In vredesnaam, man!” skree Hans, en skud hom aan die arm, „waarom het jy dan nie die alarm gegee nie?”

Dawie snik uit, met die hande voor die oë: „Ek kon nie, Boetie Hans,—hulle sou my vermoor het,—ek was bang. Ek het maar stilgelê in die bossies tot hulle verby was.”

Hans staan botstil. Sou daar nog tyd wees om sy maats te waarsku? Die plek waar die patrollie afgesaal het, was in ’n holtetjie links van die kloof. As die kaffers regtig onderom die kop langs getrek hê, is die enigste pad vir Hans en Dawie om hulle maats by te kom nou dwarsoor die rand!

Soos ’n wilde dier spring Hans teen die steilte uit, maar onder die hardloop hou hy die arm van sy broertjie styf vas. Dawie is nou glad verbouereerd, en laat hom maar saamsleep.

Skaars was hulle die rand uit, of ’n helse geskreeu sny opeens deur die stilte van die nag. Hulle was te laat: die kaffers het dié witmense oorrompel! Die worsteling duur nie lank nie, want die kaffers se moed kan die blits van die witman se vuurwapens nie verdra nie. Net so vinnig, en byna net so stilletjies as wat hulle gekom het; trek hulle terug, die donker kloof in. Toe Hans en Dawie by hulle maats kom, was dit al verby. Maar helaas, ’n tiental van die handjievool manskappe is lelik gewond, en twee ander lê roerloos stil in die koue maanlig.

Die gewondes word so goed as moontlik versorg, en toe kom die oorgeblewenes bymekaar in die flikkerlig van ’n houtvuurtjie. Die veldkornet het gesneuwel,

maar Swart Piet Nel word in sy plek as aanvoerder gekies. Kort en skerp val die vrae van sy lippe. Hoe het die kaffers by die wag verbygekom? Wie het wag gestaan aan daardie kant van die kop?

Hans Olivier kyk na sy broertjie, en dit is vir hom of hy weer die stem van sy sterwende moeder hoor: „Sorg vir Dawie, Hans!” Nee, niemand mag weet dat Dawie die skuldige is nie. Hy sou liewers self die straf dra. Die straf? Vir ’n oomblik maak die jong man sy oë toe, want in sy verbeelding sien hy die hele toneel wat môre sal plaasvind. Hy sien homself, Hans Olivier, eie seun van die kommandant, met die hande op die rug, en ’n blinddoek voor sy oë. Hy voel die blik van veragting waarmee sy vader hom aankyk. En so’n klein endjie voor hom staan ’n paar van sy maats met roers wat blink in die môreson. Hy gril. Maar weer hoor hy sy moeder se stem: „Jy het mos nog nooit jou maats in die steek gelaat nie!”

„Ek sê, wie van julle twee het gestaan en slaap op sy pos?” bulder Swart Piet Nel ongeduldig.

Hans kyk vir Dawie met ’n blik vol waarskuwing aan. Toe stap hy vorentoe in die lig van die vuurtjie:

„Ek, Oom!” sê hy met vaste stem.

„Bang Hans” het sy kans gekry.

*A. E. Carinus-Holzhausen.*

### 30. Sy laaste lied.

'n Nag so skoon, so wonderbaar,  
       en owerall  
       lê berg en dal  
 en droom in silwer maanlig daar!  
 'n Somernag in d'ou Karo.....  
 dis twintig jaar gelede glo,

Ja, twintig jaar gelede nou,  
       kom aangery  
       by my verby—  
 dit kan ek nog so goed onthou,  
 want daar was oorlog in die land—  
 'n jonge burger oor die rand.

'n Dapper burger met sy roer  
       en bandelier.  
       Ai, jong en fier  
 en sterk gebou was daardie boer.  
 So in die ry sing hy 'n lied  
 melodieus en vol verdriet.

Hy sing van haar, wat in Transvaal  
       vir hom sit wag.  
       O blye dag,  
 as hy sy skone bruid gaan haal!  
 Hy sing van smart en afskeidstraan  
 toe hy van sy beminde gaan.

Ja, telkens word die lied herhaal.

Toe hy verby

en verder ry

en langsaam na die laagte daal,  
hoor ek nog steeds die minnelied,  
so wonderskoon, so vol verdriet.

Hy ry nou in die laagte... Hoor!

daar knal 'n skoot!

Die vyandslood

het wreed sy jonge hart deurboor!

Die lied van haar, wat eensaam wag  
in ou Transvaal, sterf in die nag.

'n Nag so skoon, so wonderbaar,

en oëral

lê berg en dal

en droom in silwer maanlig daar!...

Snel in die nag galop by my

'n ruitlose perd verby!

*Theo. W. Jandrell.*

### 31. Hoe ek my gekul het.

Ag, was ek tog maar nie so voorbarig nie! Het ek tog maar nie die saak so wyd en syd gaan uitbasuin nie! Maar die bangbroek van 'n Jan Oragie het my op sy erewoord verseker, dat hy by Slangrivierdrif vreeslike dinge in die nag gesien het. „Ek sal nie beweer,” het hy oortuigend gesê, „dat dit daar nou eintlik spook nie, maar dat daar darem grieslige, dwalende geeste dwing om jou eers te kus en dan jou keelstrot wil toedruk, is net so seker as wat tweemaal twee vier is.” Hy was baie ernstig; ek moes hom glo.

Daarom het ek Slangrivierdrif dag en nag vermy solank as moontlik was. Die griëslieke gedaantes kan my mos laat doodskrik. En dis mos baie beter om versigtige Klaas, of selfs bang Klaas, as oorlede Klaas te wees. Maar so gaan dit met arme my: Ek is vir die ongeluk gebore en dikwels word arme ek uitgekies om iets te doen waar ek die grootste weersin in het. Net so het dit nou ook weer gegaan. Die armsalige ou Doors Plooitjieswang moes net juis in die nag gevaarlik siek word. En toe stem oud en jonk ook dadelik in dat net juis ek—arme versigtige Klaas—kastig die geskikste persoon was om die dokter te gaan haal!

Dit nogal in die donkerste nag, en net juis Slangrivierdrif deur! Ek het eers gevra of ons dan nie liewers vir ou Plooitjieswang sommer ál die medisynes van ons hele ou apteektrommel tegelyk kan injaag nie om te sien of *dit* nie sal help nie; ek het nadruk gelê op die groot som geld wat aan die dokter sou moet betaal word; ek het my regterkies krampagtig vasgedruk en verklaar dat dit voel of ál my tande weer aan pyn wil gaan,—ja ek het baie planne gemaak om uit te draai, maar niks wou help nie. Die ou skepsel steun al meer en die ander mense begin my al dreierend aan te kyk.

Vervaaard spring ek toe maar op die kar, gee die perde die pad en sluit my oë. Maar my oë gaan kortkort as vanself oop om bang rond te loer, hoeveel griëslige geeste al langs die kar saamdraf. En hoe nader na die drif hoe erger het dit geword. In my verbeelding sien ek reeds elke boom op die rivierwal vir 'n groot gees aan en sidder.

Hoe die twee perde die wal af en die dik sandbedding deurgegaan het, weet ek nie, want ek het eers weer aan die oorkantse wal tot besiuining gekom, toe ek in die sterlig op 'n gitswart gedaante twee wonderlike lang ore

—baie langer as die langste eselore—sien uitsteek! Ek kyk nog 'n slag en ja, hulle roer asook die groot swart gees waaraan hulle bevestig was!

Net 'n harde gil en 'n geweldige ruk aan die leisels en toe loop die twee perde, dat die sand in boë waai. Ek klou aan die karlere om nie uit te val nie.

Net so uitasem as my twee perde kom ek eers die volgende môre op Kakamas aan, waar die dokter was. Toe skud ek my kop en vertel aan iedereen wat ek teekom hoe skriklik 'n dwalende gees kan lyk. Van a tot z vertel ek aan klein en groot die hele storie in die helderste kleure en haal ook alles noukeurig aan wat Jan Oragie my verklaar het.

Maar hoe verbaas en beskaam het ek opgekyk, toe ek met die dokter in volle daglig weer by Slangrivierdrif kom en hy my 'n groot bos wys waarin fluitjiesriet groei en spottend sê: „Sien jy daardie bos? Dis jou groot dwalende gees, en sien jy daardie twee lang saadklosse van die fluitjiesriet, wat bo die bos uitsteek? Dis die vreeslike ore van jou dwalende gees wat die wind heen en weer beweeg het!”

En het die dokter toe tog maar stilgebly. Maar nee, op sy beurt gaan hy toe weer in alle omslagtigheid oorvertel wat ek en die verbrante Jan Oragie verhaal het en dan gee hy 'n duidelike beskrywing van die hele bos en die fluitjiesriet van onder tot bo-uit.

Spoedig was die hele wêreld met hierdie droewige affêre bekend. En toe het elke jan-rap-en-sy-maat my nie kon aankyk sonder om te lag nie!

Ek het mos gesê ek is vir die ongeluk gebore. Nou noem hulle my nog boonop orals Klaas Fluitjiesriet! Was ek tog maar nie so voorbarig nie! Het ek tog maar stilgebly!

*E. de Roubaix.*

### 32. 'n Patrollie Boere oor Grootrivier.

(Histories.)

Toktok! kløp iemand aan die voordeur die aand omtrent nege-uur. Die huisgenote was nog almal saam in die spens rondom oom Hendrik, maar skrik almal op, en by almal was meteen die vraag, as hulle mekaar 'n oomblik stil aansien : „Vriend of vyand?”

Stil staan Oom Hendrik op en gaan met vaste tred na die voordeur : „Wie is daar?” vra hy. „Boere,” kom die antwoord. Haastig draai oom Hendrik die voordeur oop. Die hele familie was ook al in die voorhuis en tante het die kers op die tafel gesit. Toe die lig op die manne val, sien oom Hendrik dit is Boere en sê : „Naand, kom in !”

Drie sterk Afrikaners staan voor hom, sonder wapens in hulle hande, sonder patroonbande. Hulle groet en stap in. „Waar kom julle vandaan?” vra oom Hendrik, en die oudste van die drie antwoord : „Uit die Kolonie.” 'n Mens kon dadelik die geskiedenis raai. Al drie die manne se hare is rooi, taai en deurmekaar, en op hulle lippe lê 'n rooi watermerk. „Het julle deurgeswem?” „Ja, neef, met inspanning van al ons kragte het ons gelukkig die wal gehaal.” „Maar die water is seker vreeslik sterk,” sê oom Hendrik, en een van die ander antwoord : „Moenie praat nie, Oom !”

Ja, 'n mens kan alte duidelik sien die mense kom net uit die magtige stroom. Die Oranjerivier was so te sê vol. Hy loop sommer bo in die wilgerbome. Dit was dus geen kinderspeletjies om deur te swem nie.

„Maar neef,” val nou die oudste sommer in, „ons is sewe man. Die ander vier kan nie swem nie, en moes oorkant agterbly. Kan julle ons nie help om hulle ook oor te kry nie?”

„Vanaand nog?” vra oom Hendrik.

„Ja man, die Engelse is op ons hakke, en ons is vas in die draai van die rivier.” Nou flikker oom Hendrik se oog op en hy sê: „Wel, dan moet ons ’n plan maak! Kan van julle weer saam deurgaan?”

„As dit moet, moet ons maar die lyf ingooi,” en een van die ander twee vul aan: „Ons kan nie daardie mense laat staan nie.”

Onderwyl het tante al ’n koppie warm koffie geskink en die vermoede en halfverklumde stryders aangebied. Hulle het toe gesit en planne maak. Eindelik is besluit om die mense van die kortby geleë buurplaas ook nog te vra.

Hulle moeite was nie vergeefs, en hulle hoop nie beskaam nie. Daar kry hulle nog drie goeie swemmers; in die flou maanskyn sien ons die sewe man al langs die rivier opstap. ’n Taamlieke koel windjie blaas maar aldeur, en die wilgertakkies weeg, die bloubosblaartjies beef. Diep dreun die groot waterstroom.

Die drie vlugtelinge moes intussen maar aldeur vrae beantwoord, want kommunikasie met die Kolonie was feitlik afgesny. Oom Hendrik weer moet goed beduie hoe sakies staan in die bo-Vrystaat, waarvan hy net vir ’n paar dae tuis was. Spoedig was so die afstand afgelê, en begin die swemmers uittrek. Een na die ander wip van die wal die rooi water in. In die maanlig kon die drie agtergeblewe burgers, wat nou doodstil sit en tuur op die glansende waterplas, nou en dan die swemmers se arms sien blink, soos hulle voortwerk deur die stroom. Ten laaste stap hulle een na die ander uit die water aan die Kolonie se kant. Hulle roep saggies en vind eindelijk die mense, en nou moet dadelik die oortog begin, dit met saals, tooms, wapens—man en muis. Die enigste raad was om ’n vlot te maak, en dit

vas te bind met die tooms en halters. Gou-gou was die houte gekies, reggelê, aanmekeer vasgemaak en die goed opgepak. Die mense, nou uitgetrek, loop heen en weer met die arms oor die bors gevou. Dit is nie koue alleen nie, hoewel die windjie al kouer begin te blaas, maar iedereen kon sien hulle verkeer in angs.

„Nou, vrinde!” kommandeer oom Hendrik, „ons is klaar. Julle moet nou kom.”

„Kan julle ons dan nie een vir één oorbring nie?” vra een van die vier, byna smekend.

„Nee jong, ons moet tegelyk deur! Dit is onmoontlik om soveel maal die rivier deur te swem.”

Daar was geen ander weg nie. Gedwee stap hulle vier nader om hulle lewe aan die vier swemmers toe te vertrou. Oom Hendrik stoot die vlot in die water en sê: „Ek dink twee moet voor weerskante van die vlot swem en twee agter.” Die vier manne hoor nou hoe klots-klots die water teen die houte. Toe hulle die water intrap, vra een: „En moet ons bo-op sit?” „A, nee a!” sê oom Simon, „dan is die vlot net gou uit ons hande, en julle in die stroom. Julle moet net agteraan vashou en julle lywe in die water laat drywe.”

Die swemmers vat nou elkeen 'n punt van die vlot onder sy arm en begin te swem. Elke maal wil die mense op die vlot klim, en moet hulle teruggeruk word en moet die swemmers alleen die vlot trek. Nie te lank nie bars een van hulle uit: „Ons kom nooit uit nie, ons dryf eenvoudig af!”

Die swemmers begin ook al die koue water voel. Die kakebene word styf, en die arme burgers word al woeliger en onhandelbaarder. Eindelik moes een van die swemmers hulle net oppas, want hulle wil bo-op die houte klim, sodat die vlot kantel, die swemmers magteloos maak en hulle al meer afdryf.

Die vlot was omtrent net deur die middelrif van die stroom, toe kom hy 'n eiland verby. Die swemmers bring die vlot aan die rotswal, maar die was hoog en regop. Die mense gryp sommer aan die rotse vas en bly vasklou. „Simon!” skree oom Hendrik, „vat 'n hout of iets en trek die mense op.” Oom Simon was gou bo-op die rotseiland, gryp 'n stuk hout en steek dit die mense toe. So trek hy hulle gelukkig op. Maar nou is die vlot met klere en al uit die hande!

„Kom,” sê oom Hendrik, „ons moet die mense se goed uitswem.” Hy spring in en nog een volg hom maar die twee het mekaar nie weer gesien in die water nie.

Die ander swemmers het weer 'n soort van vlot gemaak, om so die burgers kant-toe te bring, en weer word hulle bang, maar die swemmers, koud en moeg, het nou nie meer geduld nie. Toe een weer op die hout wil klouter, het 'n gedugte klap hom weer op sy plek teruggebring, en die order was kort en hard: „Hou vas nou net aan die hout, of ons los julle! Op die manier verdrink ons netnou almal!” Gelukkig gehoorsaam die man en hulle kom nou al nader aan die wal. Eindelik, ag daar is weer vaste grond onder die voet! Maar wat het nou van oom Hendrik-hulle geword? Hulle loop heen en weer langs die water, maar hoor niks en sien niks nie.

Naderhand kry hulle sy maat. Hy sit dooduitgeput op 'n graspol. „Waar is Hendrik?” kom die haastige vraag. Hy verklaar dat hy oom Hendrik met vlot en al sien afdryf het. Dadelik het hulle verder gaan soek, maar kon geen teken kry nie. Diep ontroerd en bedroef staan hulle eindelik stil en weet nou nie herwaarts of derwaarts nie. Hulle moet nou maar huistoe gaan. Maar dan rapporteer hy is verdrink? Elkeen voel dit is vreeslik om dit te gaan sê aan die arme moe-

der en kinders. Hulle kyk nog maar, roep nog weer, maar geen taal of teken nie.

„Nee, vrinde, ons gaan dood van die koue. Hier kan ons nie bly nie, en verder soek, lyk my vergeefs. Ons gaan maar huistoe!”

Stil draai hulle om en volg oom Simon. Hulle is moeg en koud en naak.

Daar sien hulle lig en was bly. Hulle kom voor die deur, en hulle sien mekaar aan of die een die ander vra: „Wie sal nou sê?” Maar voor hulle nog kon klop, daar gaan die voordeur oop en met 'n vrindelike laggie op sy gesig roep oom Hendrik sy vriende welkom. „Hoe kom jy hier?” vra byna almal tegelyk in hulle verwondering, toe hulle hulle doodgewaande redder geklee en wel voor hulle sien. „Kom maar in, kêrels,” was oom Hendrik se antwoord, „kom maar in. Die vroumense is in die kamer en die ribbetjie braai al.”

Hulle gaan en net gou was die naakte burgers geklee so goed as kon, en rondom die vuur vergader.

„Maar hoe kom jy hier, hoe het jy uitgekom?”

„Ek het afgedryf, maar eindelik hier onder by die land die wal gehaal. Ek het die spul aan 'n boom vasgemaak. Maar ek was kapot, en het nie kans gesien om in die donker kaalvoet deur die dorings en dubbel-tjies op te gaan nie. Ek het geweet vir julle kan ek nie meer gaan help nie, en het maar aangesukkel huistoe.”

„Ons het gereken jy het verdrink?”

„So,” verwonder oom Hendrik.

„Tog, Oom Simon jy het my darem alte seer geslaan!”

„Ja, maar ek kon nie anders nie. Jy was besig om ons almal te laat verdrink.”

„Nou ja, Oom, dankie ook vir die hou!”

*D. G. Venter.*

### 33. Dis lente, Afrikaners.

Dis lente, Afrikaners ! Kyk  
hoedat die botsels uit kom loer.  
Dis lente, Afrikaners ! hoor  
hoe hom die veld onkeerbaar roer.

Hoor ! hoe die spruitjies aan jul voet  
dit sag maar onweerstandbaar seg :  
„Die winterveld se valigheid  
moet weg, moet weg, moet heelt'mal weg !

Al is die kors so dor en hard,  
ons sal met veselwortels daal  
om uit ons diepste wordingsgrond  
die lewensappe omhoog te haal.

Ons is ontelbaar duisende en  
elkeen sal weer sy daadjie doen,  
totdat die dor-verlate veld  
weer ruis van liewe lentegroen.”

Kyk al die teer-groen bogies aan  
die wilgerboom wat lank moes kwyn :  
dit is g'n enk'le druppels meer,  
maar rys op soos 'n springfontein.

Hoor hoe die botsels almal sê :  
„Al is die winde nog so koud,  
wat hom sy toppe wil verskroei,  
al is ons stamboom nog so oud...

Ons is ontelbaar duisende, en  
ons sal elkeen sy daadjie doen,  
totdat die ou gesmade boom  
weer ruis van liewe lentegroen.

En ja, die son daarbo sal help :  
hy sal sy glanse breed verbrei,  
sy vleuels hou hy orals oor  
ons klein groen volkie uitgesprei.

Die liewe son, hy is ons skild  
wanneer ons veg teen winterkou !''  
So roem die jong groen volkie. Ja,  
dis lente, Afrikaners, nou !

*Totius.*

### 34. Geen wafels.

In die suide van Frankryk in 'n armoedige streek lê die dorpie Chavanon. Daar is uitgestrekte heidevlaktes met kreupelhout en braambossies en waar die heidevelde ophou is dit moerassig en vleiagtig, maar die grond is baie skraal. Dis 'n armmansland en die inwoners is daar ook arm, hoewel nie uit luiheid nie. Om vrugbaarder grond en mooier bome te kry moet 'n mens na die enkele lopies gaan waar dan ook groot kastaiingbome en sterk akkerbome groei, omdat hulle min of meer beskut staan. Op een van die beskutte plekkies aan die oewer van 'n spruitjie, wat uitmond in een van die sytakke van die rivier de Loire, staan die huis waar ek my eerste lewensjare deurgebring het.

Tot my agste jaar het ek hier gewoon, en was ek in die vaste veronderstelling dat ek 'n moeder het : want as ek huil dan was daar 'n vrou, wat my in haar arms neem en my teen haar boesem aandruk, totdat my tranes ophou om te vloei. Nooit is ek in my bedjie gelê nie of die vrou gee my eers 'n nagsoen en as die Desemberwind die

sneeuvlukke teen die bevrore ruite jaag, dan neem sy my koue voetjies in haar hande om hulle te verwarm en sing dan 'n liedjie, waarvan die wysie 'en enkele woorde nou nog nie uit my geheue uitgewis is nie.

Dit was net moeder en ek. Nooit het ek hier 'n man gesien nie en tog was my moeder nie 'n weduwee nie. Haar man was messelaar en soos die meeste mans uit die armmansland verdien hy sy kos in Parys. Maar hy het nie huistoe gekom nie, voordat ek groot genoeg was om te begryp, wat ek hoor en sien. Hy laat net so nou en dan van hom hoor as een van sy maats huistoe kom.

„Vrou Barbarin, dit gaan goed met jou man; hy het my versoek om jou te sê dat hy volop werk het en om jou hierdie geld te gee. Tel dit 'n bietjie oor asseblief.”

Dit was al en my moeder was hiermee tevrede: haar man was gesond; het volop werk en verdien die kos.

Al woon moeder Barbarin alleen met my, en haar man in Parys, tog was hulle op goeie voet. Hy het sy werk daar, en bly dus daar, maar as hy genoeg geld opgespaar het, sal hy by moeder Barbarin kom woon en hulle sal 'n rustige oudag hê.

Op 'n goeie Novemberdag, reeds teen die aand, hou daar 'n man voor ons hek stil, wat ek nie ken nie. Ek was juis in die tuin en hy vra my of moeder Barbarin tuis is. Ek antwoord bevestigend en versoek hom om nader te kom. Hy draai die hek oop, wat knars op sy skarniere en stap na die voórdeur. Nog nooit het ek 'n mens gesien wat so bemors was met modder nie: hy moes ver gery het en die paaie was seker baie sleg.

Toe moeder Barbarin hom hoor praat, het sy reeds na vore gekom en hy sê: „Ek bring nuus uit Parys.” Die eenvoudige woorde het ek al baie maal gehoor, maar

die manier, waarop dit uitgespreek is, was heeltemal anders. „Ag hemel,” roep moeder Barbarin uit, „is daar dan ’n ongeluk gebeur met Jérôme?”

„Ja, maar moenie skrik nie,” sê die man, „hy het seer gekry, dis al, hy is nie dood nie. Hy kan miskien vermink wees. Op die oomblik is hy in die hospitaal, waar ek ook was. Hy het my gevra om jou dit te vertel en nou moet ek weer ry, want ek moet nog verder gaan.” Maar moeder wou meer weet en wis die man te oorreed om die aand daar te bly, daar die paaie maar sleg was. Hy het toe verder vertel hoe die ongeluk gebeur het. Barbarin was onder ’n stellasio, wat ingestort het en daar dit bewys was, dat hy nie daar moes wees nie, het die aannemer geweier om hom enige vergoeding uit te betaal. „Hy tref dit nie, die arme Barbarin, vir ander sou dit ’n middel gewees het om ’n mooi jaargeld te trek, maar jou man kry niks nie.” Uit sy praat kon ’n mens opmaak, dat hy nie sou omgee om op dié manier ’n lewenslange jaargeld te trek nie. „Maar ek het jou man tog aangeraai om ’n hofsak daarvan te maak,” sê hy verder. „’n Hofsak,” sê moeder, „dit kos baie geld.” „Ja, maar ’n mens kan wen.”

Moeder wou eers na Parys toe gaan, maar daar so’n lang reis baie geld kos, het sy besluit om die volgende môre die raad van die dorpspredikant in te win. Hy wou moeder Barbarin nie laat gaan nie, maar het aan die bestuurder van die hospitaal geskrywe. ’n Week later het hy ’n brief ontvang, dat moeder Barbarin nie moes gaan nie, maar liewers ’n seker som geld stuur, want haar man gaan die aannemer prosedeer. Dae en weke het verbygegaan en van tyd tot tyd kom daar briewe, waarin om meer geld gevra word. Ten slotte het Barbarin laat weet dat die koei—die enigste wat ons het—verkoop moes word, as daar nie meer geld is nie.

„Die koei verkoop!” Net hulle wat in so’n arm-mansland woon soos ons weet wat ’n ramp en jammer in hierdie drie woorde opgesluit lê. Hoe arm ’n man in hierdie streek ook al is en hoe talryk sy gesin mag wees, hy is seker dat hy nie sal honger ly, solank as die koei in die stal is nie. Dis sy bron vir melk, botter en kaas. Vader en moeder en al die kinders lewe van die koei. So het ons ook van die koei gelewê, moeder Barbarin en ek. Totnogtoe het ek selfs nog nie eers vleis geproe nie. En sy was nie net ons voedster nie, maar ons gesellin en vriendin. ’n Koei is ’n verstandige dier en het goeie eienskappe, sy is glad nie dom nie, as ’n mens maar net begryp hoe om met haar om te gaan. Ons het ons s’n geliefkoos, gestreel en met haar gepraat en dikwels kon ’n mens aan haar groot oë sien, dat sy verstaan. Ons het haar lief en sy ons.

Ons moes dus van Rousette skei. Daar het ’n koper gekom en die koei van alle kante bekyk en bevoel en onvoldaan die hoof geskud en seker honderdmaal gesê, dat hy haar eintlik nie wou hê nie, sy gee min melk, die botter is sleg en dis sus en dis so. Maar eindelik uit medelyde en om vrou Barbarin ’n plesier te doen, sou hy haar dan koop.

Dit was of Rousette begryp wat met haar gebeur, want sy wou die stal nie verlaat nie en begin te bulk. „Jaag haar op,” sê die koper en hy gee my sy sweep. „Nee, moenie,” sê vrou Barbarin, en sy neem die riem, praat vriendelik met die dier, wat tans gewillig volg. Die koper bind haar agter aan sy trollie vas en so is sy weg, terwyl ons haar nog lank hoor bulk het. En nou: geen melk, geen botter, geen kaas!

En een van die dae is dit Kersfees. En Kersaand is die aand van die appelbolle en wafels. Laas jaar het ons dit nog so gelukkig gevier, moeder Barbarin en ek.

Maar toe was daar melk en botter vir die wafels. Nou egter dat Rousette weg is, sal daar niks van kom nie.

Maar vrou Barbarin wou my verras. Sy leen gewoonlik nie, maar nou het sy tog by die een buurvrou 'n koppie melk, by die ander 'n stukkie botter, by 'n derde 'n bietjie meel geleen en toe ek die middag tuis kom, was sy besig in die kombuis.

„Meel,” roep ek verwonderd uit. „Ja, ja,” antwoord sy vriendelik, „dis meel, Rémi en pragtige meel daarby ruik 'n bietjie, hoe lekker.” As ek gedurf het, sou ek gevra het, wat sy wou bak, maar ek durf nie. Ek weet dis Kersaand en ek wou nie hê, dat vrou Barbarin moet reken ek verwag wafels nie.

„Wat maak 'n mens van meel?” vra sy met 'n veelbetekenende blik na my. „Brood.” „En nog meer?” „Pap.” „En nog iets?” „Ek weet regtig nie.” „O, jy weet goed genoeg, maar omdat jy 'n goeie kind is, wil jy nie sê nie. Jy weet, dis Kersaand, die aand van appelbolle en wafels. Maar omdat jy ook weet ons het nie melk en botter nie, durf jy oor niks praat nie. Is dit nie?” „Og moeder Barbarin.....” „Ek het tog gesorg. Kyk 'n bietjie in die koskas!” Ek sien melk, botter, eiers en drie appels, en verbaas roep ek uit : „Hoe heerlik!”

„Solank as ek die eiers klits, moet jy die appels skil.” Gou was dit gedoen en die appels in skyfies gesny. Moeder klits die eiers, meng dit met die meel en melk en spoedig was die deeg gereed. Nou moet dit rys en vanaand word dit gebak. Ag, maar die dag is tog te lank! Ek moes telkens die doek oplig en kyk hoe ver die deeg al gerys het!

Eindelik was dit dan aand. Ek maak die vuur aan en moeder steek die kers op. Sy plaas die koekpan op die vuur en sit daar versigtig 'n bietjie botter in. Dit



smelt al en sis en versprei 'n heerlike geur in die kombuis, des te heerliker omdat ons dit solank laas geruik het. Die gesis en gepruttel van die botter in die pan is 'n lieflike musiek in my ore, maar tog meen ek dat ek iemand buite hoor loop het. Wie wou nog so laat kom kuier? Juis sit vrou Barbarin die eerste stukkie deeg in die pan, toe daar met 'n stok teen die deur gestamp word, wat onmiddellik oopgaan.

„Wie is daar?” vra vrou Barbarin. Daar het iemand ingekom en by die lig van die kers sien ek 'n man met 'n wit baadjie aan en 'n stok in die hand.

„So, vier jy fees! Toe maar!” sê hy ru.

„Liewe hemel, is dit jy, Jerôme,” roep vrou Barbarin, terwyl sy die koekpan langs haar neersit.

Toe neem sy my hand en trek my na die man, wat op die drumpel bly staan het: „Dis jou vader.”

Ek steek my hand uit, maar hy druk my weg met sy stok. „En wie is die kêreltjie?” „Dis Rémi.” „En jy het my gesê.....”

„Nou ja, maar.....dit was nie waar nie.....” „Nie waar nie! nie waar nie!” En hy kom 'n paar tree nader en tel sy stok op. Onwillekeurig gee ek pad. Wat het ek gedoen? Hoe kom is hy so teen my? Ek wou hom maar net groet. Ek kon op die oomblik hieroor nie nadink nie.

„Jy hou Kersaand, dis net goed, ek het vreeslik honger. Wat het jy om te eet?”

„Ek wou wafels bak.”

„Dit sien ek, maar jy sal aan iemand wat twintig myl geloop het tog geen wafels gee nie.”

„Daar is niks anders nie, ek het jou nie verwag nie.”

„Niks anders nie!” Hy kyk rond; hy slaan die oë na die solder, waar gewoonlik gerookte spek gehang

het. Daar is niks nie, net 'n paar bossies uie. „Daar is uie,” sê hy terwyl hy 'n bossie afslaan met sy stok. „Vier of vyf uie en 'n stuk botter sal al goed smaak. Gooi die deeg uit.”

Die deeg uitgooi! Vrou Barbarin sê niks nie, intendeel, sy doen wat haar man gebied, terwyl hy gaan sit.

„Wou jy in daardie stukkie botter uie bak?” sê hy en hy vat die bord en laat al die botter in die pan gly. Geen botter, geen wafels!

Ek het my nie durf roer nie. Teen die tafel geleun kyk ek die man aan. Dit was 'n man van ongeveer vyftig jaar, met 'n nors gesig en 'n hoof wat iets na regs oorhel, ten gevolge van sy ongeluk in Parys, wat sy voorkome nog ongunstiger maak.

Ek dag aan appelbolle nòg wafels! Was hierdie nors man my vader? was die vraag wat my besig gehou het. Werktuiglik herhaal ek by myself: vader, vader! Ek het nooit nagedink wat 'n vader eintlik is nie; 'n onbestemde, vaag besef het ek gehad dat dit 'n moeder met 'n harde stem moet wees. Hierdie man, wat so onverwags verskyn het, het my egter met groot angsvul. Waarom het hy my met sy stok weggestoot? Vrou Barbarin doen dit nooit, as ek haar 'n soen wil gee nie; sy neem my in haar arms.

„Hoor hier! is jy 'n stywe paal?” vra hy vir my. „Sit die borde op die tafel.” Ek gehoorsaam haastig. Die kos was klaar en hy begin te eet sonder om op te hou as net om my so nou en dan aan te kyk. Ek was so bang, dat ek amper nie kon eet nie. Ek het hom dan ook net skelmpies bekyk, maar as hy opkyk, kyk ek dadelik voor my.

„Eet hy altyd so min?” vra hy eensklaps, terwyl hy met sy lepel na my wys. „Hy eet goed,” sê moeder. „Des te erger; as hy nou nog min geëet het.”

Ek kon nie praat nie en moeder Barbarin skyn nie geneig te wees om die gesprek gaande te hou nie. Sy bedien haar man.

„Jy het dus nie honger nie?” vra hy my. „Nee.”  
„Gaan dan na bed en sorg dat jy dadelik slaap, anders word ek kwaad.”

Vrou Barbarin wink my om te gehoorsaam. Dit was egter onnodig, ek was een, twee, drie in die bed.

*Uit : Alleen op die Wêreld, deur Hector Malot,  
Bewerk deur H. A. Steyn.*

*Uitg. : J. L. van Schaik Bepk., Pretoria.*

### 35. Die spioen.

Dit was nog vroeg in die môre. Die soldate in die groot Engelse kamp by Chiveley het niks te doen nie, en stap so ewe lui en langsaam rond in hulle bruingrys kakie-uniforms, of sit en rook by hulle tente.

Daar kom 'n gebrekklike man met 'n groot swaar baard na hulle toe. Hy leun op 'n doringhoutkierie, en sleep sy lyf met moeite oor die grond. Daarby was hy nog baie doof ook.

Langsaam strompel hy aan tot by 'n klomp soldate wat lê en rook in die skaduwee van 'n hoë populierbos, en begin sy waar aan hulle opveil : vars eiers, vier vir 'n sjieling. Dit was glad nie duur nie, want dit was mos oorlogstyd.

„Ek sal vier eiers van jou koop, smous,” sê 'n soldaat met 'n ondeunde gesig, „maar dit moet swart hoenders se eiers wees, hoor ! Jy het mos egte, swart hoenders, nè ?”

„Ja, ek het 'n paar swart hoenders,” antwoord die eiersmous so ewe onnosel, „maar ek weet nie watter is hulle eiers nie.”

„O, *ek* kan dit goed sien!” lag die soldaat, en hy haal ook sommer die vier grootste eiers uit die mandjie.

Die soldate skater dit uit van die lag. Daar kom nog 'n paar ander wat swarthoendereiers wil hê, en die smous bly met die kleinste sit, wat hy toe vir minder moes verkoop.

Die mandjie was nou leeg, en hy gaan op sy hurke langs die soldate sit in die sand. Langsaam tel hy die geld na, en gooi dit in sy leergeldbeursie. „Die tye is swaar,” kla hy met 'n sug, en steek sy pyp op.

Die soldate gesels onder mekaar oor die order van Generaal Buller, dat hulle môre moet opruk na Colenso. Hulle was baie in hulle skik, en ook geen wonder nie! Hulle vind dit hier verskriklik vervelig, en hulle wens dat Ladysmith al ontset was. As daardie plek maar eers loskom, dink hulle, dan is die vernaamste part van die oorlog verby. Die res is maar kinderspeletjies.

Die eiersmous sit bedaard tussen hulle en rook. Hy kyk dromerig op na die blou onbewolkte lug, en sê met 'n dowwe stem: „Dit sal vandag 'n warm dag afgee.”

Niemand antwoord hom nie. Wie het nou ook lus om met so'n dowe vent te gesels? Die soldate het hulle nie verder aan hom gesteur nie. Sy mandjie was mos nou leeg.

Dit lyk of hy nou ook al uitgerus is, want hy vat die leë mandjie aan die hingsel, druk met sy doringstok op die grond, en kom langsaam en pynlik orent.

Op dieselfde oomblik kom 'n paar hoofoffisiere aangestap. Die frisgeboude gestalte van Hoofgeneraal Buller was daarby. Hy was gewoonlik so kortaf, maar vandag gesels hy nogal baie, want sy gedagte was vol

van die ontsê van Ladysmith. Hy sou die man met die mandjie, wat so mank by hom verbysukkel, nie eers raak gesien het nie, maar een van die ander hoofoffisiere wys na hom.

Die groot man frons die winkbroue so effens.

„Wat maak die kêrel hier?” vra hy suur.

„Dis seker sommer 'n boer wat vars eiers bring vir die soldate,” sê sy adjudant.

„Ek hou daar niks van nie,” sê die generaal nors, „onder daardie klas mense is altyd spioene.”

Hy bly so effentjies staan, en druk sy keps 'n bietjie dieper oor die voorkop, want die son hinder sy oë. Hy kyk die eiersmous agterna, wat langsaam verder loop, en toe weer bly staan by 'n ander groep soldate.

„Kyk tog 'n bietjie of die vent nog eiers het,” sê die generaal. Hy begin wantrouend word.

Die adjudant kom terug met die boodskap dat die mandjie leeg is.

„Nou, maar wat maak hy dan daar?” vra Buller.

„Hy het 'n vuurhoutjie gaan vra om sy pyp op te steek.”

„En dit brand miskien nog altyddeur,” sê Buller. „Kom ons gaan 'n bietjie agter hom aan!”

So volg hulle toe die eiersmous, en vind uit dat sy pyp op 'n afstand van 'n paar honderd tree, nie minder as tien keer uitgegaan het nie.

„Dit is darem te erg,” sê die hoofgeneraal boos. „Adjudant, bring hom hier!” Die kruppel man wou net vir die elfde keer gaan pyp opsteek by 'n paar soldate, toe die adjudant hom kom sê, dat hy voor die generaal moes verskyn.

Dit het heelparty moeite gekos, om dit aan sy dowe ore duidelik te maak, maar toe hy die order eindelik begryp, lyk hy bly én verras, en so vinnig as wat sy stywe

beine dit toelaat, strompel hy langs die adjudant voort na die gevreesde generaal toe.

Beleef haal hy sy ou verslete vaal hoed af, en bly eerbiedig voor een van die hoofoffisiere staan. Maar Buller gee hom 'n pluk aan sy afgeleefde ou baadjie en sê: „Ek is die hoofgeneraal. Waar kom jy vandaan?”

„Ek het vars eiers kamp-toe gebring, generaal!”

„Daar vra ek jou nie na nie—waar kom jy vandaan?”

„Dis nie duur nie, generaal, glad nie duur nie; vier eiers vir 'n sjieling, maar hulle is nou op.”

„Bly stil met jou eierstorie,” bulder Buller, en stamp met sy voet. „Vir die laaste keer, waar kom jy vandaan?”

Die smous staan hom met oop mond en aanky, sê geen woord nie, en bring sy hol hand aan sy oor om die geluid beter te kan opvang.

„Hy is doof,” sê 'n offisier.

„Moenie glo nie,” sê die generaal, „dis sommer aanstellery; hy is 'n spioen.”



„Hy speel sy rol taamlik goed,” vervolg hy in die Franse taal, „maar wag ’n bietjie, en julle sal sien hoe ek hom betrap!”

Hy praat toe weer Engels met die boer. „Binne ’n uur laat ek jou ophang,” sê hy, „ek het die bewyse in hande dat jy ’n spioen is.”

Alinal se oë was strak op die boer gerig. Veral die generaal kyk hom stip aan. Maar hy kon net so goed met ’n klip gepraat het. Die eiersmous trek nie ’n ooghaar nie.

„Kan nie verstaan nie,” sê hy.

Dit was al.

„Hy speel sy rol goed,” sê Buller, „maar hy sal moet baie knap wees, as ek hom nie uitvind nie. Toe, adjudant, ruk ’n bietjie daardie vals baard van sy gesig af!”

Maar dit was makliker gesê as gedaan, want die baard sit net so styf vas as die snor van die hoofgeneraal. Een ding was duidelik, as hierdie eenvoudige eiersmous sy rol pragtig speel, dan speel generaal Buller sy eie rol besonder sleg.

„Generaal, gee my verlof om te ondersoek of hierdie man werklik doof is!” sê ’n hoofoffisier.

Hy gaan staan reg voor die man, en skreeu in sy oor: „Oor ’n uur word jy opgehang, jou skurk, jou spioen. Generaal Buller sê so!”

Die uitwerking van sy woorde was wonderlik. Die man slaan sy hande in mekaar; op sy gesig staan die skrik te lees. „Ek is ’n Natalse boer, ’n lojale onderdaan van die Koningin. Die Boere het my alreeds baie verdruk, omdat ek so getrou bly. Ek is nie ’n spioen nie, ek is nie ’n skurk nie!”

„Die man is regtig doof,” sê die offisier.

Buller sê niks. As hierdie man met die onnosele gesig werklik doof is, kan hy nie 'n spioen wees nie, want 'n dowe spioen is net so'n onmoontlike ding as 'n vierkantige sirkel.

Hy trek sy skouers op.

„Het jy 'n skriftelike verlof om hier in die kamp te kom?” bulder hy.

Die eiersmous verklaar, dat hy mondelinge verlof gekry het van 'n offisier. „Maar ek het nou waarlik sy naam vergeet,” voeg hy onnosel daarby. Generaal Buller belet hom om weer in die kamp te kom.

Langsaam sukkel die eierboer die kamp uit, en die veld in, na die kant toe waar sy huis lê. 'n Natalse karabinier wat hom al lank gevolg het, haal hom eindelik in.

„Haai, maat,” sê hy, en gee hom 'n harde klop op die skouer, „hoe gaan dit?”

Die boer hou sy hand aan sy oor.

„So,—is jy doof?” skreeu die Nataller; „dis 'n lastige gebrek, man. Hier, wil jy stop?”

Die boer stop sy kort erdepypie, en steek dit op.

„Dis lekker tabak, neef.”

„Is dit nie!” sê die soldaat. „Ons generaal rook niks lekkerder nie. Waar moet jy wees maat?”

„Op my plaas; daar agter die koppies.”

„So? Ek het dan gedink dat al die boere in die omtrek gevlug het, toe die Transvalers hier gekom het.”

„Nie almal nie,” lag die eierboer, „ek, byvoorbeeld, het nie gevlug nie.”

„Jy moet darem in die Boere se goeie blaadjie wees, dat hulle jou die hoenders laat hou. Jy het mos eiers verkoop in die kamp, nie waar nie?”

„Kan nie verstaan nie,” sê die boer. „Praat harder!”

Die karabinier praat 'n bietjie harder. Skielik bly hy botstil staan, kyk die boer stip aan en sê: „Sien jy daardie stofwolk? Dit is kavallerie wat jou kom haal. Hulle het uitgevind dat jy 'n spioen is. Vlug, man, vlug!”

Die smous bring sy hand aan sy oor.

„Vlug,” skreeu die soldaat, „vlug na daardie populierbos toe! Jy is veilig, as jy net daardie bos kan haal.”

„Maar ek is nie 'n spioen nie!” roep die boer verskrik en verontwaardig uit.

„Nou ja, maar almiskie. Hulle sal jou tog op-hang! Generaal Buller is 'n kêrel van bloed en yster, en geen mens kan jou red nie. Ek is 'n Nataller net soos jy, en daarom waarsku ek jou. Ek het jou eks-pres agternageloop om jou te waarsku. Vlug, man, vlug!”

„Ek kan nie,” steun die boer, „my regterbeen is lam.”

„Wat makeer?”

„Die rumatiek,” kla die man, „die rumatiek is my ergste vyand.”

„Pure verbeelding, gee hier jou stok! So ja, *nou* sal jy wêl kan hardloop.”

Hy ruk die stok uit die ander se hand uit, maar die eierboer staan nou só hulpeloos soos 'n kind, wat nog moet leer loop.

„Hoor 'n bietjie hier,” sê die karabinier, en hy praat suutjies, „jy speel jou rol goed, maat, deksels goed! Jy het een dom ding gedoen. Jy het alte dikwels stilgestaan om die soldate af te luister. En, wat nog leliker is, eën van jou getrouste vriende het jou vir duisend pond sterling verraai. Maar ek meen dit goed met jou, vlug! dit is hoog tyd!”

Hy praat nou so sag, dat net 'n mens met 'n baie fyn oor hom sou kan verstaan. Maar tog lyk dit of daar skielik 'n onrustige trek op die gesig met die swart baard kom.

Of, ten minste, dit lyk so vir die Nataller, maar hy het seker maar 'n fout gemaak, want die eierboer bring weer sy hand aan sy oor, en sê taamlik vererg: „Praat dan tog 'n bietjie harder, man, ek kan niks verstaan wat jy sê nie!”

Sy gesig was weer net so onnosel soos gewoonlik.

„Daar kom hulle,” skreeu die karabinier hard,— „nou moet jy sien hoe om klaar te kom.”

Die boer neem weer sy sterk doringstok en sukkel stadig aan.

„Ek is nie 'n spioen nie,” sê hy, „hoekom moet ek dan vlug?”

Die perdruiers het hulle nou ingehaai. Die luitenant wys na die boer, en die karabinier knik met sy kop. „Het hy beken? het daar iets verdags gebeur?” fluister die luitenant.

„Ek dink, ons het die verkeerde voël gevang,” sê die Nataller, ongeduldig, „maar praat self met hom.”

Die eiersmous word toe ondersoek van sy kop tot sy tone. Selfs die sole van sy stewels sny hulle oop, maar hulle kry niks nie.

„Ek dink ons kan maar omdraai,” sê die karabinier moedeloos.

„Maar julle moet my 'n nuwe paar stewels gee, of ek kla julle aan by die Koningin!” skreeu die boer kwaai, en hy stamp met sy doringhoutkierie op die grond.

„Kom, ons gaan terug!” sê die Nataller weer, sonder om hom te steur aan die verergde eiersmous. Maar die opgeruimde luitenant het daar niks lus voor nie.

„Nee wat, maat, ons wil eers hierdie gawe boer se plaas sien. Kom aan, boertjie, wys vir ons die pad soheentoe!”

Die kruppel man se hand kom weer aan sy oor.

„So, nè, is jy doof? Hoekom sê jy dan nie so nie? En styf ook al? Kom, dan moet jy maar saamry. Kom hierso, Phil,” en hy wink vir die dunste van sy husare. „Jou maer skepsel, vat jy die boer by jou in die saal. Jou perd sal die gewig nie eers voel nie.”

Phil het maar min lus vir die ding, maar hy moes natuurlik gehoorsaam wees.

„Ek gaan ~~nie~~ saam nie,” sê die karabinier nors, „julle sal tog niks kry nie!”

„Niks kry nie?” lag die luitenant vrolik. „Wag maar, jy sal nog sien. Voorwaarts, manne!”

Hulle spring weg op 'n stywe galop, en sowat 'n uur daarna kom hulle by die half geplunderde plaas.

„Wys my nou jou hoenders,” skreeu die luitenant hard. „Jy sal tog nie gou weer eiers verkoop nie.”

Baie onwillig en voetjie vir voetjie loop die boer na die hoenderhok toe.

Die vyf husare begin sommer dadelik moue oprol, om die hoenders nek om te draai. „Kyk hier,” sê die luitenant, en hy hou sy voorvinger op, soos 'n skoolmeester voor sy klas, „die saak staan net so: jy is 'n spioen, of jy is dit nie. Dit is tog duidelik. Is jy 'n spioen, dan is dit vir jou 'n ligte straf dat ons die twintig hoenders.....”

„Daar is twee-en-twintig henne en een haan, luitenant,” roep 'n tommie met 'n vuurrooi snorbaard. Hy was reeds binne in dié hok.

—, „dat ons die twee-en-twintig henne en een haan in beslag neem vir die Britse leër,” vervolg die luitenant. „En is jy nie 'n spioen nie, maar 'n lojale on-

derdaan, dan sal dit vir jou 'n soet troos wees, dat die Boere geen kans sal kry om jou hoenders te slag nie. Is julle klaar, husare?"

„Byna," sê die soldaat, wat net besig was om die haan nek om te draai.

„Daardie haan en 'n hennetjie is myne, Cark," sê die luitenant vriendelik.

„Die haan sal so taai wees soos 'n ou koei, luitenant," sê die rooie, „hy het glo gekraai die môre met die slag van Waterloo."

„O, dis niks," lag die vrolike luitenant, „ek sal hom wel stukkend kry!" En kort daarna swaai daar aan elke saalsak 'n hoender, maar die luitenant het nog die haan ook by.

Daar het nog twee hoenders oorgeskiët.

„Laat die eierboer die maar behou!" sê die luitenant goedgehartig. En so gebeur dit toe.

Die soldate was reeds meer as 'n uur weg, en die boer was hard besig om hoenders gaar te maak. Elke slag snuif hy, hoogs tevrede, die lekker geur van die braaivleis op.

Die doringhoutkierie staan nou ongebruik in 'n hoek, en dit sou moeilik gaan om in hierdie fris, rats jongkêrel van skaars vyf-en-dertig jaar, daardie ou mank eiersmous met sy jigbeen te herken.

Dis waar, die swart baard is nog daar, en die kleur van die oë is nog dieselfde, maar die gesig lyk nou alles behalwe onnosel. By die minste geruis lyk dit of hy sy ore spits, soos 'n perd was onraad merk.

Hy gaan sit op 'n riempiesmatstoel voor 'n raam, waardeur hy ver oor die veld kan sien. Dit lyk of hy nog altyd dink oor sy ondervindings van daardie oggend, want nou en dan gaan daar 'n ondeunde trek oor sy bruin gesig.

„Daardie oulike karabinier het byna my nes uitgehaal,” sê hy hardop, en gooi ewe gemaklik die een been oor die ander.

Skielik hoor hy 'n skerp gefluit daarbuite; hy spring op en hardloop uit, en terwyl hy met 'n verkyker die omtrek bespied, fluit hy op dieselfde manier terug.

Binne 'n paar minute kom daar twee mans te perd uit 'n bos in die nabyheid. Hulle jaag so hard as hulle kan, en hou stil voor die deur.

Gou was hulle uit die saal, en skud die hande van die eiersmous.

„Haai, ou Albert,—dag, Albert Viljoen, hoe het dit gegaan? Watter nuus het jy gebring?”

„Kom in!” antwoord die man met die swart baard, en hy loop vooruit in die nederige woning in. Louis Wessels en Blikoortjie volg hom.

„Maskas, maar dit ruik hier lekker!” sê Blikoortjie en hy snuif die geur van die gebraaide hoender op.

„Jy het mos altyd honger,” lag Albert, „nou ja, ek sal jou vandag laat eet so goed as die Queen self!”

Hy het baie om te vertel; die ander twee luister met aandag. Albert verseker hulle dat die Engelse leer môre vroeg sal opruk na die Toegela toe.

„Dan sal hulle mos vroeg al ons skanse bestorm,” sê die jongste van die drie.

„Ek gaan môre-oggend weer na die Engelse kamp toe,” sê Albert, „en dan sal ek uitvind wat hulle plan is.”

„Maar jy het nie meer eiers nie,” sê Blikoortjie.

„Nog vier,” antwoord Albert.

„Pas op! hulle het al 'n oog op jou!” waarsku die ander.

„Ag wat, dit maak nie saak nie,” sê Albert, „hierdie slag gaan ek dit nog waag.”

*Bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.*

*Uit : De Held van Spionkop, deur  
L. Penning.*

*Uitg. : La Rivière en Voorhoeve, Zwolle.*

### 36. 'n Ware geskiedenis.

Daar was eenmaal 'n jong koopman met die naam van Iwan Aksénov. Hy het in 'n fraai huis gewoon en was die eienaar van twee winkels. Met sy blonde krul-kop en sy vriendelike gesig het hy 'n aangename indruk op iedereen gemaak.

Op 'n mooi somerdag het Aksénov besluit om na die kermis in Novgorod te gaan.

Hy groet toe vir sy vrou en kinders en gaan op reis. Langs die pad ontmoet hy 'n koopman wat hy ken. Hulle gaan by dieselfde losieshuis aan om die nag daar oor te bly. Hulle drink saam tee, en gaan toe die trap op om te gaan slaap. Hulle kamers was net langs mekaar.

Maar Aksénov het nie veel slaap nodig gehad nie. Toe hy in die middel van die nag wakker word, staan hy op en besluit om verder te ry solank as dit nog koel was. Hy gaan toe maar die trap af, maak die koetsier wakker en sê hy moet inspan. Daarna gaan hy nog 'n slag die losieshuis in, waar dit nog stikdonker was, betaal sy rekening en vertrek.

Toe hy sowat veertig werste (goed 25 myl) gereis het, hou hy weer stil voor 'n losiesplek om die perde voer te gee en self 'n bietjie uit te rus. Teen die mid-

dag bestel hy tee, gaan buite op die stoep sit, neem sy ghitaar, en speel daarop 'n paar deuntjies vir tydskorting.

Hy het net 'n rukkie gesit toe hoor hy in die verte die gerinkel van 'n tróika (slee met drie perde daarvoor). Dit kom al nader en hou eindelijk vlak voor die deur stil. 'n Beamppte en twee soldate stap daaruit en kom reguit na Aksénov toe. Die beamppte vra wie hy is, waar hy vandaan kom, en waar hy heengaan. Aksénov beantwoord al die vrae, en nooi die beamppte om 'n koppie tee met hom sáam te drink. Maar die gaan voort met sy ondersoek en sê:

„Waar het jy verlede nag geslaap? Was jy alleen met die koopman in die losieshuis? En hoekom is jy so vroeg daar weg?”

Aksénov was verbaas oor al die vrae. Hy beantwoord alles, en sê toe:

„Maar wat beteken al die uitvraery? Ek is tog geen kwaaddoener nie? Ek is 'n handelaar en ek reis vir my vak, en niemand het die reg om op die manier my te kom uitvra nie.”

Die beamppte wink vir die soldate en sê: „Ek is kommissaris van polisie en ek vra jou so uit, omdat jou maat verlede nag vermoor is. Jy moet my al jou goed laat sien.” En hy sê vir die soldate: „Visenteer hierdie man.”

Hulle gaan toe almal in die losieshuis in. Die koffer en die valies van Aksénov word uitgebring en alles terdeë deurgesnuffel. Opeens haal die kommissaris 'n mes uit die valies te voorskyn.

„Wie se mes is dit die?” roep hy uit.

Aksénov bekijk dit en merk dat dit vol bloedvlekke is. En dit het uit sy valies gekom! Hy is styf van skrik.



„En hoe kom die bloed aan daardie mes?” vra die kommissaris verder.

Aksénov wil praat, maar hy is nie in staat om 'n woord uit te kry nie. Eindelik stamel hy: „Ek.. ek weet nie.” „Daardie mes..... is nie myne nie.”

„Die koopman met wie jy saam was, is vanmôre dood gekry in sy bed, vermoor. Niemand anders as jy kon hierdie daad gepleeg het nie. Die losieshuis was van binne gesluit, en jy was daar alleen met hom. En nou kry ons hierdie mes, vol bloed, in jou valies. 'n Mens kan die skuld op jou gesig lees. Komaan, bekén sonder doekies om te draai hoe jy die man vermoor het en hoeveel geld jy van hom gesteel het.”

Askénov sweer dat hy niks van die misdaad af weet nie, dat hy die koopman nie weer gesien het nie van die oomblik af wat hy na sy kamer toe gegaan het; dat die 8000 roebels, wat hy by hom het, sy wettige eiendom is; dat die mes nie aan hom behoort nie. Maar alles verniet. Hy hakkel, hy word bleek, hy bewee van ontsteltenis. En die kommissaris van polisie order sy soldate om Aksénov te boei en hom in die tróika te bring.

Toe Aksénov met geboeide hande en voete in die slee lê, bars hy in trané uit.

Al sy geld, al sy goed word toe verbeurd verklaar en hy self word na die naaste stad gebring, waar hy in die tronk gegooi word. Toe word daar 'n ondersoek ingestel in die dorp waar hy gewoón het; die handelaars en die inwoners van die stad getuig almal, dat Aksénov 'n goeie man was, al het hy in sy jong dae ook nou en dan 'n bietjie te veel gedrink en van vrolikheid gehou. Eindelik moes hy voor die hof kom, beskuldig dat hy die koopman Riazan vermoor het, en 20,000 roebels van hom gesteel het.

Aksénov se vrou het byna van haar verstand geraak van verdriet. Haar kindertjies was nog baie jonk, te jonk om so'n verdriet te verstaan. Sy reis met hulle na die stad toe waar haar man in die tronk sit. Eers wou hulle haar nie toelaat om haar man te besoek nie, maar sy het lank aangehou met soebat, en naderhand word sy tog by hom toegelaat.

Toe sy Aksénov in sy bandietklere sien, geboei en in die geselskap van alle soorte kwaaddoeners, val sy flou neer op die grond, en dit het lank geduur voor sy weer bygekom het.

Toe sy weer regkom, sit sy die kinders langs haar op die grond neer. Sy gaan op haar hurke langs Aksénov sit, vertel hom hoe dit in die laaste tyd by die huis gegaan het, en vra hom na alles uit wat hom oorgekom het.

Nadat hy alles vertel het, vra sy: „En wat moet ons nou doen?”

„Ons moet ons tot die Tsaar wend,” antwoord Aksénov.

„Ek het alreeds 'n versoekskrif aan hom gestuur,” sê sy, „maar ek vrees, dat hy dit nie gekry het nie.”

Aksénov was so oorstelp van droefheid dat hy nie kon antwoord nie.

„Iwan, my liewe Iwan,” stamel sy vrou, „vertel tog vir jou vrou die waarheid. Sê vir my, het jy die moord gepleeg?”

„Dus jy dink dit ook—jy ook?” roep Aksénov uit, en hy bedek sy gesig met sy hande en ween.

Op daardie oomblik kom 'n soldaat die vertrek in en herinner die vrou van die prisoner daaraan, dat dit tyd was om met haar kinders weg te gaan. Aksénov omhels hulle en groet hulle vir die laaste maal.

Toe hy weer alléén was, dink hy nog 'n slag na oor die gesprek wat hy netnou met sy vrou gehad het. En toe hy daaraan dink dat sy ook twyfel aan sy onskuld; sê hy vir homself: „God alleen ken die waarheid. Ek moet Sy genade alleen inroep; ek sal vertrou op Sy barmhartigheid.” En van daardie oomblik af stuur hy nie meer versoekskrifte weg nie: hy hoop nie meer op mensehulp nie, maar hy bid alleen tot God.

Eindelik kom die dag waarop die vonnis moes uitgespreek word. Aksénov word veroordeel om slae te kry met die knoet, en hardepad vir lewenslank. Die vonnis word toe uitgevoer: hy kry die knoetslae, en toe sy wonde gesond was, stuur hulle hom met 'n trop allereerste kwaaddoeners na Siberië toe.

Ses-en-twintig jaar het hy harde arbeid in Siberië gedoen. Sy hare was so wit soos sneeu, sy lang baard grys, en sy ou vrolike natuur was heeltemal verander. Sy rug was krom en hy kon skaars nog loop. Hy het maar min gepraat, maar veel gebid. In die tronk het hy geleer skoene maak. Daarmee het hy stadig aan soveel verdien dat hy 'n martelaarsboek kon koop. Nou en dan het hy daarin 'n bladsy gelees, as daar genoeg lig in sy sel val.

Die Russiese amptenare het van hom gehou omdat hy so bedoord was, en sy maats, wat baie agting en liefde vir hom gehad het, het hom nooit anders genoem nie as „grootvadertjie” en „godsman.” Wanneer daar 'n versoekskrif aan die bestuur moes gestuur word, of hulle iets wou vra, of as hulle 'n skeidsman nodig gehad het vir 'n onenigheid, het hulle altyd sy hulp ingeroep. Van sy huis het hy nooit meer gehoor nie; hy wís nie of sy vrou en kinders nog lewe nie.

Eendag kom daar 'n nuwe trop galeiskelms aan op die plek waar Aksénov arbeit. Die nuwe bandiete word

dadelik uitgevra deur die ander, uit watter stad of dorp hulle kom, en waaroor hulle gestraf is. Onder die nuwes was daar ook 'n grysaard van sowat sestig jaar. Hy was 'n forsgeboude man; sy gryns baard was afgesny. Hy vertel hoekom hy veroordeel was.

„Begryp nou net hoekom ek hier is, broers,” sê hy. „Ek is sonder enige wettige rede hierheen verban. Ek was besig om 'n perd uit die slee uit te span. Toe het hulle my van diefstal beskuldig; hulle sê ek wou die perd steel, en toe is ek gearresteer. Maar ek wou maar net 'n bietjie vinniger vooruitkom,” sê ek. „Sien julle dan nie, dat ek die stringe maar net 'n bietjie losser wou maak nie? En buitendien, ek ken die drywer, hy is 'n vriend van my. Ek is hoegenaamd nie skuldig nie.”

„Nee, nee,” antwoord hulle, „jy het gesteel.” Maar waar en wat ek gesteel het, dit kon hulle my nie vertel nie. Dis waar dat ek al dikwels misdade gepleeg het waarmee ek lankal Siberië verdien het; maar hulle het my nog nooit op die daad betrap nie. En dus is ek onwettig hierheen gestuur. Geduld maar. Hulle kan my na Siberië verban, dis waar, maar ek is glad nie van plan om hier lank te bly nie!”

Hulle vra hom toe waar hy vandaan kom en hoe hy heet. Hy noem die naam van dieselfde stad waar Aksénov gewoon het, en sy naam was Makar Seménovitsj. Toe hy daardie naam hoor, tel Aksénov sy kop op en vra: „Sê 'n bietjie vir my, Makar Seménovitsj, het jy in jou stad nooit hoor praat van Aksénov, 'n koopmansfamilie nie? Leef hulle nog?”

„Ja seker, ek het van hulle hoor praat,” was die antwoord. „Hulle is ryk handelaars; maar ek verstaan hulle vader is vroeër na Siberië gestuur. Hy het seker, net soos ons, die een of ander kwaad gedoen.”

Aksénov het nie graag gepraat oor die ongeluk wat hom getref het nie. Hy sug maar net en sê : „Tot straf vir my sonde leef ek hier noual ses-en-twintig jaar as dwangarbeider.”

„En vir watter soort sonde dan?” vra Makar Seménovitsj.

„O, ek het dit seker maar verdien,” antwoord Aksénov eenvoudig weg. Verder het hy hom daaroor nie uitgelaat nie. Maar sy maats het aan die nuwe bandiete vertel wat die rede van sy veroordeling was; hoe hy op reis gewees het na die kermis van Novgorod, en hoe ’n onbekende ’n seker koopman vermoor het en ’n mes wat vol bloed was in Aksénov se valies weggesteek het, waardeur hy toe vir die moordenaar gehou is en onskuldig veroordeel.

Toe Makar Seménovitsj dit hoor, kyk hy verwonderd op. Hy kyk Aksénov aan, slaan met die hande op sy knieë en roep uit : „Maar dit is ’n wonder ! ’n Regte wonder ! Wel grootvadertjie, maar jy het oud geword !” Toe hulle hom vra waarom hy so verbaas was en waar hy Aksénov dan voorheen geken het, gee hy nie reguit ’n antwoord nie, maar sê eenvoudig :

„Broers, ek sê vir julle dit is baie snaaks dat dit so moes kom dat ons mekaar hier ontmoet.”

Hierdie woorde laat Aksénov vermoed dat hy dalk die werklike moordenaar voor hom sien, en hy vra : „Het jy voorheen al van die saak hoor praat, of het jy my miskien êrens anders ontmoet?”

„O, seker,” antwoord Makar, „ek het dit vroeër al hoor vertel, die aarde het orals ore, soos die spreekwoord sê. Maar dit is al soveel jare gelede wat ek dit gehoor het, dat ek die hele ding nie meer so goed onthou nie.”

„Het jy miskien iets verneem daarvan, wie die koopman vermoor het?” vra Aksénov.

Nou bars Makar uit van die lag. „Wie die koopman vermoor het?” roep hy uit. „Maar natuurlik die man wat die mes in sy valies gehad het! Of miskien het iemand anders per ongeluk die mes in jou valies gestop... ..maar as hy nie gevang is nie, dan sal hy ook wel nie die moordenaar wees nie. Hoe op aarde sou hy dit ook reggekry het om die mes in jou valies weg te steek? Dit het tog onder jou kopkussing gelê. Jy sou dit tog gemerk het.”

Nou voel Aksénov seker dat Makar die man was wat die koopman vermoor het. Hy staan op en loop weg. En daardie hele nag het hy geen oog toegemaak nie.

Hy voel onbeskryflik neerslagtig. Die een visioen na die ander kom in sy geheue op. Nou sien hy sy vrou, soos hy haar gesien het op die oomblik toe hy op reis gegaan het; ja, dit was sy, dit was haar gesig, haar oë, hy hoor weer haar stem, haar lag. Dan sien hy weer sy kinders, soos hulle toe was, nog so heel klein, die een aan die moeder se bors, die ander aan speel op die grond; of hy sien homself, soos hy lankgelede was, so jonk en vrolik, en soos hy daar met sy ghitaar gesit het voor die losieshuis waar hulle hom gevange geneem het. En so deurleef hy nog 'n maal al die naamlose ellende: hy sien die plek van skande, waar hy met die knoet geselskap is, hy sien die beul en al die mense wat daar rondom staan, en die boeie, en die galeiskelms, en sy harde arbeid, ses-en-twintig jaar lank, en sy ellendige ouderdom. En 'n dodelike droefheid kom oor hom. „En daardie ellendige kwaaddoener is die oorsaak van alles!” dink hy. By die gedagte word hy skielik so woeënd, dat hy dadelik sou wil sterwe as hy hom maar net

op Makar kon wreek. Dit was verniet dat hy probeer om deur lank te bid die gedagte van hom af te stoot. Oordag bly hy uit Makar se pad uit en kyk hom nooit aan nie. So gaan daar twee weke verby. Die smart en onrus het hom so gekwel dat hy nie kon slaap nie, en hy kon nêrens rus vind nie.

Eendag, toe hy so deur die gevangenis rondloop, bemerk hy, dat daar agter een van die houtkatels sand op die grond val. Hy wou weet hoe dit kom, en bly toe 'n oomblik staan en kyk. Daar kruip Makar Seménovitsj skielik onder die bed uit, en kyk Aksénov verskrik aan. Aksénov wou verbyloop om uit sy pad uit te bly; maar die ander gryp hom by die hand, en vertel hom dat hy besig was om 'n gat in die muur te boor en dat hy elke môre sand in sy skoene uitdra, en dit dan in die straat uitgooi, as hulle na hulle werk toe gaan. „Maar jy moet belowe om my geheime nie te verklap nie, oûbaas,” voeg hy daarby. „Ons sal saam vlug. As jy 'n woord van die plan vertel, sal ek halfdood geslaan word. Maar dan sal ek my wreek: ek sal jou vermoor.”

Toe Aksénov na die man kyk wat hom so diep ongelukkig gemaak het, bewe hy van woede. Hy trek sy hand weg en sê:

„Ek wil nie hiervandaan wegvlug nie, en jy hoef my nie dood te maak nie, want jy het my lankgelede reeds doodgemaak. En wat die aanklag betref, God sal beslis.”

Toe die prisoniers die volgende dag na die werk toe gebring word, betrap die soldate vir Makar dat hy net besig is om sand uit sy stewels uit te gooi. Die gevangenis word ondersoek en hulle kry die gat. Die direkteur wat daarvan kennis kry, begin die prisoniers uitvra, om te wete te kom wie die gat in die muur ge-

maak het. Almal ontken. Die wat van die geheim af weet, wou Makar nie verklap nie, want hulle weet dat hy dan 'n vreeslike pak slae met gésels sou kry.

Toe kyk die direkteur na Aksénov en hy sê : „Grysaard, jy is 'n regverdige man, sê vir my wie hierdie gat in die muur gemaak het.”

Makar Seménovitsj hou sy oë op die gesig van die direkteur. Daar was nie die minste onrus op sy gelaat te sien nie. Maar Aksénov was hewig ontroerd; sy tande en lippe brand van koors, en hy was nie in staat om 'n woord uit te kry nie.

„Moet ek stilbly?” dag hy. „Waarom sou ek die man spaar wat my in die verderf gestort het? O, nou kan ek my eindelijk wreek, na al wat ek gely het. Sal ek hom verkla? Dan sal hy krimp onder die knoet... Maar dalk was hy *nie* die moordenaar nie. En, buitendien, sal dit my minder ongelukkig maak?”

Die direkteur herhaal sy vraag. Aksénov kyk 'n slag na Makar en toe antwoord hy : „Dit is vir my onmoontlik om dit vir u te vertel, U Edele, God verbied my. Meer kan ek nie sê nie. Beveel my verder wat U wil, U is hier baas.”

Die direkteur het op alle maniere probeer om Aksénov te laat praat, maar verniet. En op die manier kom die bestuur toe nooit te wete wie die gat in die muur gemaak het nie.

Daardie nag, toe Aksénov op sy houtbed lê, en net wou aan die slaap raak, hoor hy iets raas. Iemand kom versigtig nader en bly aan die voetenent van sy bed staan. Hy kyk skerp in die duisternis rond, en herken die gedaante van Makar.

„Wat wil jy nou weer van my hê?” vra Aksénov. „Wat kom jy hier maak?”

Makar bly doodstil staan. Toe gaan Aksénov orent sit en sê : „Wat wil jy hê? Gaan dadelik hier uit of ek roep.”

Toe kom Makar nog nader by Aksénov en hy fluister :

„Vergeef my, Iwan—vergeef my !”

„Wat moet ek jou vergewe?” vra Aksénov.

„Dit is ek wat die koopman vermoor het, en toe die mes in jou valies gestee het. Ek was eers van plan om jou ook te vermoor, maar toe hoor ek iets raas; ek stop die mes in jou valies en vlug deur die venster.”

Aksénov swyg : hy het niks gehad om te sê nie.

„Vergeef my tog, Iwan. In Gods naam, vergeef my! Ek sal my gaan aangee, ek sal beken dat ek die koopman vermoor het. Dan sal jy vrygelaat word, en dan kan jy teruggaan huistoe.”

„Jy praat daar baie maklik oor,” sê Aksénov. „Maar ek het hier al te lank swaargekry. Waarheen sou ek nou gaan? Na my vrou toe? Die is dood. Na my kinders toe? Die het my al vergeet. Ek het geen huis meer nie, en ek sou nie weet waar om heen te gaan nie.”

Makar lê nog al die tyd op die vloer gekniel. Hy slaan sy kop teen die grond en roep uit : „Vergifnis, Iwan, vergifnis! Dit maak my baie seerder om te sien hoe sonder hoop jy is, as wat die slae met die knoet my gemaak het. En as ek dan daarby dink dat jy tog nog medelye met my gehad het, dat jy my nie verrai het nie..... O, vergeef my, in die naam van Kristus, vergeef die vervloekte ellendeling!” En hy snik soos ’n kind. Sy trane val op Aksénov se hand, en hy ween ook saam. Toe sê Aksénov :

„God sal jou vergewe, Makar. Miskien is ek nog honderdmaal skuldiger as jy.”

En dadelik kom daar 'n gevoel van ongekende blydskap oor hom, en dit dring deur tot in sy siel sous 'n groot lig. Van daardie oomblik af het hy nie meer getreur oor sy huis nie, hy het nie verlang om sy gevangenis te verlaat nie. Hy bekommer hom nog net oor sy siel.


Makar het hom nie aan Aksénov se raad gesteur nie, hy het sy misdaad beken.

Toe kom daar eendag die berig in Siberië dat Aksénov dadelik moes vrygelaat word.

Maar Aksénov was dieselfde môre dood.

*Bewerk deur A. E. Carinus-Holzhausen.  
Na Leo Tolstoi.*

---



### 37. Sag sink die son in die see.

Hoe sag sink die son in die see,  
vermoeid van die ver-verre vlug  
van die dag, en verdwyn stil-gedwee  
by die skeiding van water en lug.

Daar sprei haar moeder, die meer,  
vir haar sonkind die donsige nes  
van wolke so wit en so teer  
bo die blouende watergewes.

Gewieg op die bors van die see  
 sink die son by gesang in sy rus;  
 en die rollende golwe sing mee,  
 wat breek op die eensame kus.

Die goudstreep verdwyn altyd meer  
 bo die woelende, went'lende vloed;  
 maar die slaaplied weerklink altyd weer:  
 „Slaap, son, slaap sag en slaap soet.”

Die nag val donker en swaar,  
 maar die troue moeder hou wag—  
 dit bruis aldeur bo breker en baar:  
 „Slaap, son, slaap soet en slaap sag.”

*Totius.*

### 38. 'n Noord-Amerikaanse sprokie.

Washington Irving, die bekende Noord-Amerikaanse skrywer, het onderstaande sprokie in een van sy veelgelese boeke aangeteken.

Dit is die geskiedenis van Rip van Winkel, 'n goed-gearde mannetjie, wat in 'n klein skilderagtige dorpie, langs die Hudsonrivier, aan die voet van die Katskilberge, gewoon het. Sy bouvallige ou huisie is vandag nog daar te sien.

Rip was 'n afstammeling van die onverskrokke van Winkels wat onder geleide van Peter Styvesant die land op verskeie plekke gekoloniseer het en so-doende groot dapperheid, moed en vlyt aan die dag gelê het. Maar goeie ou Rip het met die huisie niks van die prysenswaardige deugde en eienskappe van sy voor-

vaders geërf nie; intendeel, hy was 'n aartsluiaard, en sy „liewe vroutjie” het van liewerlee die broek aangetrok, en aangehou.

Vrou van Winkel was 'n vuurslag en het haar man in alles die wet voorgeskrywe. Maar selfs sy was nie by magte om hom ook maar die minste arbeid op sy eie landerye te laat verrig nie. Die arme Rip het dan ook met baie moeilikhede te kampe gehad en alles het hom teëgeloop; nêrens ter wêreld het daar soveel onkruid as op sy lande gegroei nie; dit was maar altyd sy vee wat op die heuwels en tussen die klowe verdwaal, en partykeer skoon verdwyn het; en sy stalle en skure wat hy met soveel moeite gebou het, het altyd gedreig om weer inmekaar te tuimel. As hy eenkeer in 'n bloumaandag tog nog lus gekry het om te werk, dan het dit gereën, of iets anders het tussenbeie gekom. Wie kon hom dit dan kwalik neem, dat hy eindelik alles maar sy gang laat gaan het?

Daarenteë was Rip 'n baie goedhartige en hulpvaardige mens. Hy was, soos die oumense sê, sleg van goedheid. Die dorpskinders het hom heeltemal in die sak gehad. Dit was sy grootste pret om vir hulle speelgoedjies te maak, en vir ure aanmekaar stories aan hul te vertel. Al die honde was sy vriende, en hulle het van alkante toegestroom op sy gefluit en met die stert gekwispel. Dit het meermale gebeur, dat as Rip se vrou hom winkel-toe gestuur het, om die een of ander ding te koop, hy op weg al die geld uitgedeel het aan arme drommels, wat hom gewoonlik voorgelê het. Hulle vertel selfs, dat hy op 'n goeie dag huistoe gekom het sonder hoed en baadjie. Vir slegs twee liefhebberye het Rip volop tyd, moed en geduld gehad; hy kon vir ure met 'n vislyn op die rivierwal sit, of met 'n haalgeweer op die skouer bosduiwe gaan skiet, sonder

om hom daaroor te bekommer of hy raak- en of hy mis-  
skiet.

Sy kinders was net so verwaarloos soos hyself  
Sy seun, wat sy sprekende ewebeeld was, het die heel-  
dag deur in 'n halfslyt broek van sy pa agter sy skel-  
dende moeder aangeloopt, net so vuil, tevrede en dik as  
sy waardige vader. Ook die viervoetige huisgenoot,  
Wolf, het volkome by sy meester gepas. Hy was Rip  
se beste kameraad; die hond kon ook urelank in die son  
lê en bak, om te sien hoe sy meester visvang, of om  
wegvlieënde duiwe na te blaf. Vir die hewige woerde-  
vloed, wat die huisvrou ook oor sy onskuldige kop laat  
neerkom het, het hy sy trotse stert tussen sy agter-  
bene gehou, en by die minste beweging van die heerse-  
res na 'n potlepel of 'n besemsteel, liet hy in stormende  
vaart deur venster of deur na buite gehol. Arme Rip  
en sy hond het dit dan ook maar opdraand gehad; die  
kwaadaardigheid van sy „lieuwe vroultjie” het al hoe  
meer toegeneem en die toestand het hoe langer hoe on-  
aangenameer geword. Tevergeefs het Rip van Winkel  
gevlug na sy vriende, wat al middae in die enigste her-  
berg van die dorp vergader het. Die herberg was 'n ou  
eenvoudige Hollandse huisie, wat baie afgesteek het by  
die sierlike Engelse geboue, wat sedert 1664, gebou is,  
toe daardie stuk land 'n Engelse kolonie geword het.  
In die skaduwee van 'n groot lindeboom hier, het die  
wyses van die dorp geskaar gesit rondom die waard, 'n  
vetsak, Nicolaas Vedder genaamd. Hulle het druk  
staatsaangeleenthede bespreek, wat reeds maande tevore  
plaasgegryp het, en wat die geniale skoolmeester, Der-  
rick van Bommel, vir die outjies uit 'n ou koerant voor-  
gelees het. Dit was 'n gesellige, vreedsame versame-  
ling van eerbare burgers, wat hulle by die tabakswolke,  
wat Nicolaas uit sy groot kalbaspyp gepuf het, terdeë

van hul waardigheid bewus was. En Rip van Winkel was een van die waardigste en voortrefflikste lede van hierdie uitgesogte geselskap. Maar vroumense begryp niks van sulke sake nie; en toe Rip se vrou op 'n goeie dag by een van die geheime sittings aangewaaï kom, haar man by die kraag van sy baadjie pak, en hom in die blomrykste taal die waarheid vertel, was ou Rip ook uit hierdie skuilplaas vergoed verdrywe. Rip se wederhelf was darem 'n netjiese huisvrou.

Op 'n seker dag was Rip en Wolf uit om te jag. Teen die aand keer hul met leë hande terug, stap die voordeur in, en trap twee rye modderspore op die blinkgepolyste plankvloer. Toe was die gort gaar. Ons maats het gouer by die deur uitgevlieg as wat hulle daar ingekom het; en die taal wat die gebelgde vrou van Winkel gebesig het, vind 'n mens in geen woordeboek ter wêreld opgeteken nie.

„Ons lei 'n hondelewe,” kla Rip weemoedig teenoor sy vriend Wolf, wat sy meester medelydend aansien, en met sy stert begin te kwispel. In so'n neerslagtige stemming het albei op 'n skone herfsdag na die Katskilberge geloop, om te sien wat die jag sou oplewer. So was hulle dus die hele dag buiten die bereik van die geskel van die opvlieënde vrou van die huis. Teen die aand vly Rip van Winkel hom teen die helling van 'n hoë berg in die gras neer, en kyk slaperig na omlaag in 'n diep kloof, wat met groot rotsblokke opgevol was. Aan die oorkant kon 'n mens oor die uitgestrekte bosse sien tot aan die Hudsonrivier, wat soos 'n silwerstreep sy weg baan oor die groen vlaktes heen.

Met 'n diep sug dink Rip nou aan sy noodsaaklike terugkeer na huis, waar sy vrou hom lelik die kop sou was, omdat hy so lank uitgebly het. Daar hoor hy meteens sy naam roep, ofskoon hy tog niemand in die

nabyheid kon ontdek nie. Hy luister verbaas, en weer klink dit :

„Rip van Winkel ! Rip van Winkel !” Ook die hond het die geroep gehoor ; hy dring hom angstig teen sy meester aan, en kyk verskrik in die afgrond af.

Daar kom 'n eienaardige gestalte, geboë onder 'n swaar las, die rotse opgeklouter. Hulpvaardig, soos Rip nou eenmaal was, loop hy die vreemdeling tege-  
moet, en staan totaal verbluf, toe hy digby kom, oor die sonderlinge voorkome van die ongenooide gas, wat kom-  
pleet gelyk het na een van die menere wat Rip bespeur het op 'n ou Hollandse skildery, wat aan die muur van die eetkamer van die hotelbaas en dorpspatriarg, Nicolaas Vedder, gepryk het. Dit was 'n kort, breedgeboude man, met 'n yslike snor, geklee in 'n ouderwetse baadjie en wye broek, wat om die knie met bande saamgebind was. Hy het 'n swaar vaatjie brandewyn op die skouer gehad, waarvoor hy Rip se hulp ingeroep het om dit te help dra.

Rip het hom nie tweemaal laat vra nie. Eers het hulle die berg opgegaan en toe afgedaal in 'n kloof, wat Rip nooit vantevore gesien het nie, ofskoon hy hier tog heel goed bekend was ; dit het hom voorgekom asof dit daar onder gedonder het.

Swygend en uitasem, bereik die twee die bodem van die kloof, en Rip bevind hom nou in 'n eienaardige geselskap van ou here met strak gesigte, wat sonder om 'n woord te spreek, hulle druk besig hou met kegelspel, en die aangekomene met sulke grieslige, ernstige oë aansien, dat Rip g'n woord kon uitbring nie, en sy knieë onder hom voel swik. Die spul was almal, eweas Rip se begeleier, uitgedos in die ouhollandse drag. Sonder

om van gesig te verander, gooi hul die kegels omver, sodat dit dawerend weerklink in die rotswande.

Een van hulle beduie Rip deur 'n teken, dat hy die gereedstaande kruike met die meegebragte brandewyn moes vul en rondgee. Ieder van die ou here neem 'n goeie sluk, en gaan toe weer swygend voort met die dooie speletjie.

Rip het die swygende geselskap bedien en na hul spel gekyk, maar kon natuurlik nie nalaat om so nou en dan sy lippe heimlik aan die kruik te sit nie, want daar was die voortreflikste brandewyn in, wat hy ooit geproe het. So soetjies aan het ons maat begin duiselig word, en eindelijk moes hy hom met 'n leë kruik in die gras neerlê, en was spoedig vas aan die slaap.

## II.

Dit was reeds hoog sonop, toe Rip wakker skrik en hom die wonderlike kegelgeselskap en die verruklike brandewyn herinner. Dit was hoog tyd om huistoe te gaan.

Grote Antjie! wat 'n herrie se lawaai sou vROUTJIE nie opskop nie? Rip maak hom gereed om te vertrek en fluit gelate na sy hond. Maar van Wolf was daar niks te sien nie, en in plaas van die blink geweer waarmee hy gister op jag gegaan het, lê daar 'n ou verroeste voorlaaier naas hom. Sou die knaphandige outjies my verlei, en dronk gemaak het, om my geweer en my hond te steel, dag hy hoofskuddend; en soek tevergeefs na die swygende geselskap, waarvan daar nie die minste spoor meer te ontdek was nie. Ook die streek kom hom vandag so geheel anders voor; waar daar gister nog slegs klippe versprei gelê het, stroom nou 'n woeste bergstroom na benede. Rip het geruime tyd sy hoof gebreek oor die merkwaardige verandering; so'n sonder-

linge uitwerking het brandewyn nog nooit op hom gehad nie.

Deur honger gedrywe, wandel hy eindelik na sy dorp terug. Hier was daar vir hom 'n nuwe verrassing. Hy, wat vroeër tog alle mense van myle ver in die omtrek geken het, kom nou slegs vreemde gesigte teë;



onbekende honde knor toe hulle hom sien en dreig om hom te verskeur; die kinders loop hom in trosse agterna, almal vreemde kinders, en wys laggend en jillend na sy gesig. Rip gryp na sy kin en bemerk toe eers,

dat hy in hierdie merkwaardige nag 'n lang, grys baard gekry het, wat tot oor sy bors reik. Sy verbasing het egter in skrik verander, toe hy uitvind dat sy geboorteplek ook heeltemal verander was. Hy het g'n een van die strate of huise herken nie. Waar was die ou vervalle wonings, waarin al sy vriende en kennisse gewoon het? Daar was niks as nuwe huise nie; alleen sy eie huisie het nog op die ou plek gestaan, maar dit was baie meer verwaarloos en vervalle as vroeër en daarby leeg, dolleeg. Beskroomd roep hy na sy vrou, en noem ontsteld die name van sy kinders; maar daar kom g'n antwoord nie. Sy huis was so vervalle en verlate asof dit reeds 'n lang tyd onbewoonbaar gewees het.

Toe kom daar 'n vreeslike skrik oor die arme Rip, wat hom na die dorpsherberg dryf. Hy het stellig gemeen dat sy trou vriende daar in die skaduwee van die lindeboom hom 'n uitleg sou kon gee van die plotselinge verandering, wat daar in die een enkele nag plaasgegryp het. Maar, o wee! In plaas van die ou, aardige dorpsherberg, staan daar op dieselfde plek 'n sonderlinge houtgebou, met groot vensters en bokant die deur, op 'n groot uithangbord staan die woorde: „Union Hotel van Jonathan Thuwenig.” Die mooi ou lindeboom was afgekap, en op die top van 'n dor paal waai daar 'n vlag met die wonderlikste strepe. En wat het geword van die ou portret van die goeie koning George van Engeland, wat die gewel versier het? Nou was dit die beeltenis van iemand, wat 'n driekantige hoed dra; sy rooi kleed was met blou oorskilder, en daaronder staan met groot letters: „Generaal Washington!” Wat beteken dit alles?

Onder die menigte mense, wat hulle om die herberg bevind, sien Rip alweer geen enkele bekende gesig nie, en ook die welbekende, gemoedelike manier van doen

van die dorpsbewoners was heeltemal verander. Hulle praat luid en heftig, en maak mekaar uit vir alles wat sleg is. Een jong, manhaftige meneertjie, hou sowaar 'n heftige redevoering en praat van burgerregte en vryheid, van kongreslede en die helde van '76 en van allerlei onsin meer, waarvan Rip niks begryp nie.

Die arme Rip word doodsbang toe hy bemerk, dat al die vreemde mense hom nuuskierig en spottend aanstaar. Verskrik deins hy agteruit, toe drie van die manne met woeste snorre en driekantige hoede hom nader, en luidkeels hom toeroep of hy demokraat of federalis was, en dat hy dadelik moes besluit vir watter party hy gaan stem.

„Ag menere,” kla die arme Rip, „ek is maar 'n vreedsame mens, uit hierdie streek geboortig, en 'n trou onderdaan van die koning; mag God hom seën!”

Hierop het daar 'n hewige geskreeu gevolg, en almal loop die vreemdeling in Jerusalem storm.

„Tory! Spioen! Landverraaier! Renegaat!” klink dit van alle kante.

„Wat wil jy hier hê?” vra een van die manne hom streng.

„Ek wil my vriende opsoek,” antwoord Rip en met kloppende hart vra hy na Nicolaas Vedder.

„Dié is al 18 jaar dood,” lui die antwoord.

Rip skrik so groot, dat sy ou velthoed skielik ses duim hoër op sy kop sit, en „Brom Dutcher?” vra hy.

„Hy het oorlog-toe gegaan en in 'n storm omgekóm.”

„O my! En van Bommel, die skoolmeester?”

„Dié het ook meegeveg, en het nou sitting in die kongres van die Verenigde State van Noord-Amerika.”

Die arme Rip was nou totaal dronkgeslaan, en wanhopig roep hy uit:

„En is daar dan niemand wat die arme Rip van Winkel meer ken nie?”

„O ja,” lag ’n hele boel, „daar staan hy teen daardie boom!”

Rip draai hom om, en dit was of die aarde onder sy voete padgee. Daar, op sy dooie gemak teen ’n boom geleun, staan sy getroue ewebeeld—net so lui, en so dik, en so vuil, as wat hy gister die berge ingetrek het.

„Maar wie is jy dan self?” vra die knorrige kêrel, en skud die verbaasde Rip heen en weer.

„Dit weet ek nie,” sê laasgenoemde met bewende stem, „die man daar, is ek; nee die was ek, toe ek gisteraand in die berge aan die slaap geraak het, maar nou weet ek nie,—ek het alles vergeet,—die hele wêreld is holderstebolder.”

Die omstanders kyk hom ondersoekend aan, en tik met die vinger teen die voorhoof. Toe kom hulle digter en dikker om hom heen staan, en kyk nuuskierig na al sy bewegings.

Deur die menigte dring daar na vore ’n mooi, jong vroultjie, wat Rip baie bekend voorgekom het. Verleë vra hy haar na die naam van haar vader.

„Rip van Winkel,” klink die antwoord. „Die arme man het 20 jaar gelede verdwyn; sy hond het sonder hom tuisgekom en ons het nie geweet, of hy ’n ongeluk gekry het, of deur die Indiane ontvoer is nie.”

„Hm,” antwoord Rip in gedagte versonke.

„En waar is u moeder, beste vroultjie?”

„Sy is dood, nie so lank gelede nie.”

Toe haal Rip van Winkel diep asem, rig hom trots op en sê:

„Ek is jou vader. Daar sal tog nog wel iemand wees, wat my herken.”

En ja, regtig. Daar kom juis 'n ou moedertjie aangeslof, wat hom herken, en na twintig jaar hartlik verwelkom met die woorde :

„Welkom tuis, ou Rippie; waar die drommel het jy al die tyd rondgedwaal?”

Toe vertel Rip sy kort geskiedenis. Iedereen hoor hom hoofskuddend aan, en hulle wis nie eintlik wat om daarvan te dink nie, totdat iemand eindelijk op die gedagte kom, om Peter van der Donk te laat roep. Hierdie ou patriarg het dadelik sy ou vriend herken, en sy wonderlike verhaal bevestig, want sy oupa het hom meer as eens vertel dat dit in die Katskilberge nie pluus was nie, en dat die groot Hendrik Hudson, die ontdekker van die rivier en die land, met sy Hollandse skeeps-kamerade van tyd tot tyd in die diep klowe kom kegel het; ook sy vader het hulle self gesien en op mooi someraande, kon 'n mens ure ver die kegels hoor rol. Die menigte het alles vir soetkoek opgeëet wat ou vader van der Donk vir hulle uit die grys verlede opgedis het, en toe vir arme Rip, wat so gulsig gedrink het aan die kostelike brandewyn, dat hy twintig jaar geslaap het, met vrede gelaat.

Rip van Winkel was nou tenminste ontslae van die streng huislike tug, en kon 'n welverdiende rus geniet in die gesin van sy dogter en skoonseun, sonder dat hy bang behoef te wees vir die strafpredikasies van sy wederhelf.

Sy liefste wandeling was nog steeds na die plek van die vroeër dorpskerk, waar nou die „Union Hotel” gestaan het en waarvan die heer Thuwenig die eienaar was. Al het die ou lindeboom nie meer op sy plek gestaan nie, en al was al die ou getroue kamerade en vriende dood of ver weg, tog het Rip, as ou politikus, ook nou die reg gehad, om 'n woordjie mee te praat, en kon

hom sodoende in die nuwe inrigting van die vaderland laat inwy.

Gedurende die twintig jaar wat Rip van Winkel geslaap het, is daar gelê die grondslae, waarop verrys het die magtige en trotse Noord-Amerikaanse Republiek met sy meer as honderdmiljoen inwoners, wat vandag so'n groot en belangrike rol speel in die wêreld-geskiedenis.

*Vertaal deur Jno. T. de Villiers.*

### 39. Lammétjie en wolf.

„Sit nou hier doodstil, Miemie; mama wil 'n bietjie slaap; jou boetie het mammié vannag nie 'n oog laat toemaak nie.”

En die moeder gaan lê onder die koelte van die doringboom, die suigeling—die bedoelde „boetie” wat haar nagrus ontnem het—langs haar. Geen menslike woning is in die gesig nie. Agter haar, kaal Karokopies, besaai met 'n oneindigheid van los klippe en begroei met vaal-droë kort bossies, meer stokke as blare, trillend en bewend, as 'n mens teen die rande opkyk, onder die strale van die middagson. Voor haar 'n ondeurdringbaar digte plaat dorings langs die Droë-rivier. Links van haar, 'n opening in die dorings, 'n paar akkers breed, waar haar man besig is om die bome uit te haal en land te maak. Groot gate hier en daar in die skoongemaakte grond, in elkeen 'n dik boomstomp, kort afgekap, maar nog vasgeanker in die moederaarde, waar hy sy lewensgroeï uitgehaal het. Een kant, waar die vuur gebruik is om by die uitroei van die bos behulpzaam te wees, lê dik swart houtskole; party smeul nog

en 'n dun kurktrekkertjie blou rook hier en daar dwarrel pylregop om sy bestemming te vind in die net sô blou lug daarbo. En tussenin, die maagdelike aarde, sag en vrugbaar, koel en vet en fyn soos gesifte meelblom, ruim belowend vir die harde arbeid daaraan bestee. Van al kante kners die sonbesies eentonig en sonder asemhaal; ver uit die digte bos kom die koekroekoe van 'n duifie; dan, byna onhoorbaar, is daar 'n dowwe ondertoon van 'n gegons van baie insekte. Anders is alles stil, slapende in die bakkende warmte.

Tant Lettie het die middagkos gebring vir haar man; maar hy is op die oomblik opsy, en so kom sy daar te wag onder die doringboom. By haar is haar twee kindertjies die nagwakende, rusversturende babetjie en die twee tot drie jaar oud Miemie, wat moet doodstil sit. Mammie raak aan die slaap. Miemie boor met ernstige belangstelling 'n paar vet vingertjies in die grond en steek dit in die mond om te probeer, en is ontevrede oor die resultaat van die proef. Sy kry lus om te huil, 'n paar traantjies wel uit die blou ogies te voorskyn, maar bly in die ooghaartjies hang soos doudruppels in 'n spinnerak.

Want so'n interessante nuwe karakter het op die toneel getree, dat Miemie se aandag afgetrek word van haar griewe en 'n glimlaggie sprei oor haar droefheid, soos wanneer die son deur 'n reënwolk breek. Mama se kop lê gekussing teen die knoes van 'n boomstam; anderkant die stam groei 'n digte taaibos. 'n Sagte geruis deur die blare—en onder die taaibos uit kom 'n koperkapel te voorskyn, lig sy bolyf orent oor die slapende vrou, maak 'n plat skottel van sy nek en swaai sy kop langsaam heen en weer.

„Mooi, mooi!” sê Miemie, „Miemie jou hê; kom Miemie toe. Goe, goe!”

Sy lag van diep genot, sukkel op, lomperig maar haastig op 'n paar waggelende beentjies en loop val-val na die slang toe. As sy naby kom, steek sy altwee handjies uit, te ongeoeffend nog om met een alleen te vat, om die mooi dingetjie te omhels en aan haar bors te druk! Teen so'n onverstrokke vasberadenheid is die kapel nie bestand nie; hy draai om en die kronkelende, glinsterende skoonheid seil weg uit die bereik van Miemie se gretige armpies, nie weer taaibos toe nie, maar verder in die vaste plaat dorings in. Miemie is nie uit 'n ras wat tevrede is om 'n begeerde voorwerp sommerso maklik prys te gee nie; sy spring agter die nuwe speelgoedjie aan.

Uit die koelte uit, kaalkop in die son in, heen en weer tussen die brakbossies struikel sy. 'n Endjie verder groei hoë loogasbossies, en die wit haartjies, silwerskynend in die sonstrale, verdwyn uit die gesig van die moeder, as sy sou kyk. Maar die oë van die uitgeputte huisvrou is in diep slaap gesluit.

Miemie kom by die rand van die dorings; daar is 'n mooi openinkie en sy kruip in—ewe versigtig, sonder om haar te laat steek, hou sy die los takkies opsy, asof sy 'n lang lewensondervinding van dorings het. Binne is dit heerlik koel: so'n mooi kamertjie—die takke is hoog, sodat Miemie nie hoef te buk nie; pappie kón ook hier regop staan. Bo-deur die takke skyn dit groen deur; onder is so'n lekker sagte tapyt—die dooie stokkies kraak so, as 'n mens se voetjies daarin sak.

„Huisie,” sê Miemie, „goe, goe!”

Sy kuier haar nuwe woninkie deur. Nou en dan val sy in die droë fyngoed, maar dis 'n groot pret—sy sukkel weer op, handjies oorgetrek met droë blaartjies en vrot houtjies. „Goe, daar weer baba!” Daar is weer 'n speelgoedjie. Hierdie slag is dit goggabesie,

fraai rooi en swart en groenbont gemerk, die kleure so reëlmatic aangesit, asof hy eers met 'n passer afgetrek was en toe geskilder. Miemie vestig haar aandag op die paar lang slap horings.

„Koei, ” sê sy, „ossie, kalfie, boe.”

En sy loop nader om hom te vat—weer met twee wydgeopende arms, asof die omvang van die ding te groot is om te omhels. Die koei, ossie, kalfie, of wat dit is, vou 'n paar harde doppe oop, onderuit kom 'n ingewikkelde inrigting van vlerke, en hy seil deftig en stadig gonsend by die ander deur uit. Sy yl agterna—alles is nes 'n droom vandag—'n mens sien nog skaars 'n mooi speeldingetjie, dan verdwyn dit weer.

Die ander deur lei weer in 'n dieper vertrek in. Die ou velskoentjies wat pappie gisteraand by die kers gesit en maak het, toe Miemie so gehuil het, omdat sy moes kooi toe gaan, terwyl die interessante werk nog aan die gang was—die velskoentjies laat geen spoor na in die bros tapyt nie, en Miemie dwaal dieper en dieper in die bos in. Mammie slaap maar. Miemie is ook nou vaak van die buitengewone inspanning; na een van die struikelslae dink sy, sy sal eers 'n bietjie sit en rus en dan weer opstaan om haar ondersoekingstog voort te sit. Die ou koppie knik 'n paar maal; die ogies val toe; sy sak na een kant toe om; met een rooi wangetjie op een van die handjies, die silwer-haarlokkies tussen die groen blinkblare van 'n weelderige klimop, die ou vet beentjies kaal en wit soos marmer, behalwe hier en daar, waar 'n ongemerkte takkie 'n rooi skrapie gekrap het. Die son sink langamerhand; die ligvlekkies trek stadigies een kant toe oor die donker tapyt. 'n Koel luggie begin te waai, en die sagte ruis van die takke neem die plek in van die knersende metaalklank van die sonbesies, vir wie se konsert dit nou nie meer lekker

warm gehoeg is nie, Naderhand vrywe Miemie haar ogies uit en sit regop. Dit is skemerdonker.

„Goe,” sê Miemie, „Mammie, Mammie, Mammie dors.”

Sy voel met een handjie na die kant toe, waar Mammie altyd te kry is—daar is niks as pure stokkies nie. Sy steek die ander handjie weer uit en in ’n doring in. „Eina!” skree sy, „Mammie, Mammie!” Dan huil sy die bitter trane van kinderdroefheid. Eers huil sy hard, naderhand sagter, en snik-snik raak sy weer aan die slaap—eensame, hulpelose mensekindjie in ’n woeste, donker plaat dorings.

Hoe Miemie die eerste dae en nagte van haar eenzaamheid deurgebring het, sal seker nooit iemand weet nie. Die tweede dag het die rivier afgekom van reëns, ver in die hoëveld, sodat sy orals water kon kry, waar sy by die loop kom; dan was daar bessies en sulke dinge om te eet, maar dit help nie om téraai hoe die ou dingetjie haar daar in die bos aan die lewe gehou het nie. Maar die menslike liggaam is deur die goeie God bedeel met ’n wonderlike mate van uithoudingsvermoë, wat te veel is vir daaglikse behoeftes en weggesit vir die tyd van nood; anders sou ons van iedere verkouetjie of kneusie doodgaan.

Hoe dit ook al is, toe Miemie die vyfde oggend wakker word, sien sy ’n groot outa oor haar staan, met oninnemende gelaatstrekke, ’n ondeftige pak klere aan, hier en daar met bloed bevlek en op ander plekke fraai geblom met hakies en lettertjies, eretfels van sy laaste arbeidskring, ’n geweer in die hande, en ’n agterhelfte van ’n vars geslagte skaap op die rug.

„Goe,” sê Miemie, „goe, outa. Waar Mammie? Miemie honge.”

En nou? Wat nou te verwag? Hier in die onbe-

teuelde mag van 'n wrede onmenslike woestaard lê daar nou, as kostelike prooi, hulpeloos en reddeloos, enetjê van die gehate ras, wat hom lewenslank vervolg het. Was daar ooit so'n teenstelling—so'n engelreine onskuld by so'n duiwelse verdorwenheid? Die eerste, wat daar gebeur is, dat Hans sy gesteelde agterlaaier vasbind op sy skouer by die bloeiende skaap. Dan sit hy sy twee vuil arms om die kindjie, tel haar op teen sy vuil bors en dra haar dieper en dieper die dorings in.

Diep in die digte dorings, waar die rivier 'n elmboog maak en in die stadige loop van die eeue onvermoeid aangehou het met maal teen die buiterand, het hy die onderste helling van die naburige kop allengs uitgevreet, 'n loodregte krans daar gelaat en in die krans 'n grot of spelonk. Later het die loop weer teruggegaan en op die vrugbare uitgesakte grond tussen die elmboog en die krans het die hoogste en weelderigste dorings kom groei, vas teen die krans aan en oor die mond van die spelonk. Hierin dan is Hans se tydelike skuilplek en hier vind Miemie by hom huisvesting—'n lammetjie in die hol van 'n tier.

Toe hy daar inkom met haar, lê hy haar gebraaide vleis voor van eergisternag se skaap, nadat hy dit mooi fyn gekerf het met 'n opgetelde knipmes. Miemie eet gretig.

„Miemie melk hê, outa,” sê sy naderhand.

„Nonnie moet wag tot vanaand; outa kan nie in die dag melk nie.”

En so het dit gekom, dat êrens op 'n naburige plaas 'n arme kleinjong die ander dag oggend onskuldig slae gekry het, omdat sy baas hom nie glo, dat hy die hek behoorlik toegemaak en die kalf buite gesit het nie.

Vandat Miemie daar was, het Hans nog eenmaal gaan steel. Maar sy lus vir steel het skielik oorgegaan, hy kon self nie verstaan hoekom nie. Met die melkery het hy darem gereeld aangehou—dit was mos nie vir homself nie, en hy vat maar net die melk en laat die koei staan. Die dag toe die laaste diefstal se vleis op was, het hy vir ure agtermekaar stilgesit met een van Miemie se wit handjies in 'n groot; growwe klou.

„Miemie veisies hê, outa. Miemie honge,” sê sy teen die aand.

„Kom, nonnie, outa sal vir Miemie veisies toeneem.”

Om sy hande los te hê vir die agterlaaier, bind hy haar agter op sy rug, asof sy nog 'n gesteelde skaap is. Hy stap die spelonk uit, die krans om, en die veld in.

By Miemie se ouers se huis is dit al slaapyd. Die aandete en die huisgodsdien is verby. Hendrik sit by die tafel, kop vooroorgebuig, dinkende aan sy verlore kindjie, wat nou al drie weke lank nie meer op sy knie kom ry het en haar kinderstemmetjie en plop-plop-voetstappies in die huis laat hoor het nie. Die moeder bly nog maar altyd rusteloos—dan sit sy 'n bietjie, dan staan sy op en dwaak in die huis rond, dan maak sy die voordeur oop, asof daar nog 'n wonder sou gebeur.

En een slag, net gelyk met haar oopmaak, kom daar 'n klop. Sy skrik half agteruit, maar kyk oor die onderdeur.

„O' goeie, Hendrik, hier staan Hans Bonza met sy geweer!”

Hendrik vlieg op en kom vorentoe. Voordat hy by die deur is, praat Hans.

„Nooi, ek het nou se nonnie gebring.”



Hy sit eers die geweer oor die onderdeur in die huis in, sodat dit binne teen die kōslyn orent staan en draai dan half om, sodat die kind agter sy rug sigbaar word.

Miemie maak haar ogies oop en kyk oor die onderdeur na binnetoe.

„Goe, daar's Mammie,” sê sy.

*Uit : Hollandsch Zuid-Afrika*

*15 Sept. 1911.*

#### 40. Graffies.

*(Aan die kindertjies van Louis Trigardt se Trekparty,  
wat beswyk het aan die koors.)*

In 'n verre, vreemde land,  
gras-bedek, verspoel deur reën,  
lê hul graffies in die sand,  
so alleen!.....

Graffies, wat verlore is  
vir 'n verre nageslag,  
wat die nagedagtenis  
nie verag

van die kinders, wat moes swerf,  
van elke klein boereheld,  
wat moes swaar kry, kwyn en sterf  
op die veld!.....

Gee 'n sug in meely daar,  
windjies, as jul oor hul gaan;  
ons gee hier, in stilte maar,  
.....net 'n traan!

*Theo. W. Jandrell.*

# UITSTEKENDE SEUNSBEOEKE

## MOFFIE EN SY MAATS:

deur A. Wessels ..... 5/-  
'n Eersteklas skoolstorie, wat seker netso populêr sal word as 'Patrys Hulle.'

## DIE TWEEBEEEN-JAKKALS

deur A. J. du Plessis ..... 5/6  
Weer 'n boeiende, eg Afrikaanse speurverhaal in verband met skaapstelery in die Karoo. Aangenaam vertel met 'n verrassende ontknoping.

## DIE GEHEIM VAN DIE BERGKOM

deur J. Wapenaar ..... 5/6  
Twee skoolseuns uit die Vrystaat besluit om die geheim van 'n bergkom in Natal te probeer oplos.

## BY DIE OU MURASIES

deur J. de V. Heese ..... 5/-  
'n Boek waar iedere seun van sal geniet.

## IN DIE SKADU VAN DIE GUILLOTINE

deur J. Alb. Coetzee ..... 4/6  
'n Verhaal uit die tyd van die Franse Revolusie.

## DIE HUISGESIN VAN DAWID BARINSKI

deur J. J. Groeneweg ..... 5/6  
'n Uitstekende boek, nie alleen vir Jongmense nie, maar ook vir iedereen wat 'n boeiende roman wil geniet en tegelykertyd veel wetenskapdigs wil lees oor Joodse gebruike en gewoontes.

## MARIO EN DIE DIERE

deur Waldemar Bonsels ..... 6/-  
'n Skitterende nuwe boek van die skrywer van DIE KLEINE MAJA, waarin die liefde vir diere weer so sterk uitkom.

## DIE JONG VAN DER BYLS

deur A. Knäupp ..... 5/6  
Dis 'n kosskoolstorie boek wat jong en oud baie sal geniet.

---

Uitgewers: J. L. VAN SCHAIK, BPK., Libri-Gebou, Pretoria.

## **JONG SUID-AFRIKA**

### **Sistematiese Afrikaans**

deur C. J. Alers en

Dr. J. J. le Roux.

'n Uitstekende Serie Afrikaans-  
Taalboekies.

Ses Standerds.

## **YOUNG SOUTH AFRICA.**

### **Systematic English.**

by C. J. Alers and

T. Charter.

An excellent Series of English  
Language Books for Afrikaans  
speaking children.

Six Standards.

## **BOOK-KEEPING EXERCISES.**

Compiled to meet the requirements of the new (1938)  
Syllabus of the Transvaal Junior Certificate Examination.

By P. G. Warburton.

Lecturer in Book-keeping, Pretoria Technical College.

— Price 3/3 —

Ook verkrybaar in Afrikaans.

## **NATUURSTUDIE.**

Vir die Grade en vir Standerds  
I — VI.

deur M. E. Hugo en

Dr. S. van Biljon.

Die skrywers is hier op die  
regte koers wat die onderwys  
van die vak betref.

## **ONS AFRIKAANSE**

### **REKENBOEK.**

deur Bot, v. Mdzyk en  
Heslinga.

Nuwe omgewerkte uitgaaf  
van 1938, wat aansluit by die  
nuwe leerplan.

Ses Standerds met antwoorde.

## **GÛGRADEERDE OEFENINGE in REKENKUNDE.**

deur Van Vuuren en Ogden.

'n Serie populêre rekenboe-  
kies wat op baie skole ge-  
bruik word.

Ses Standerds met antwoorde.

## **GRADED EXERCISES**

### **in ARITHMETIC.**

by Ogden and v. Vuuren.

An English edition of this  
well-known Series of  
arithmetics.

Six Standards with answers.

